Rembrandt Groep Beperk

Rembrandt Beherende Beleggings Beperk

Tegniese Beleggingskorporasie Beperk

Tegniese en Industriële Beleggings Beperk

Herstrukturering van die Rembrandt Groep

Omsendskrywe aan aandeelhouers en kennisgewings van algemene jaarvergaderings

30 Augustus 2000

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Limited

Prokureurs

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.
Registrasienommer 1997/001523/21

Mede-borgmakelaars

Deutsche Bank Securities
Deutsche Bank Securities (SA) (Edms) Bpk
(Registrasienommer 1995/011798/07)

ABN·AMRO
ABN•AMRO Sekuriteite (Suid-Afrika) (Edms) Bpk.
Registrasienommer 1995/001231/07
Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs

Verslaggewende rekenmeesters

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers Ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienommer 1998/012055/21)

If you would like an English translation of this document, please phone 0800 996 164

Indien u enige vrae het aangaande die herstrukturering van die Rembrandt Groep, skakel die Inligtingsagente by

0800 996 164

(of + 44 20 7335 7278 indien u van buite Suid-Afrika skakel)

GEORGESON SHAREHOLDER
COMMUNICATIONS

tree op as Inligtingsagente om u vrae te beantwoord aangaande die herstrukturering.

Korporatiewe inligting

Direkteure van Rembrandt Groep Beperk
(Registrasienommer 1948/031037/06)

Johann Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog *(Mede-Ondervoorsitter)*
M H Visser *(Mede-Ondervoorsitter en Besturende Direkteur)*
P E Beyers
W E Bührmann
G D de Jager*
J W Dreyer
P J Erasmus*
D M Falck
J Malherbe
E Molobi*
J A Preller
P G Steyn*
T van Wyk

** nie-uitvoerend*

Direkteure van Rembrandt Beherende Beleggings Beperk
(Registrasienommer 1952/000002/06)

Johann Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog *(Mede-Ondervoorsitter)*
M H Visser *(Mede-Ondervoorsitter en Besturende Direkteur)*
P E Beyers
W E Bührmann
G D de Jager*
J W Dreyer
P J Erasmus*
D M Falck
J Malherbe
E Molobi*
J A Preller
P G Steyn*
T van Wyk

** nie-uitvoerend*

Direkteure van Tegniese Beleggingskorporasie Beperk
(Registrasienommer 1946/020656/06)

A E Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog
D M Hoogenhout
M J Roux
J A Rupert
Johann Rupert
John P Rupert

Direkteure van Tegniese en Industriële Beleggings Beperk
(Registrasienommer 1943/015859/06)

A E Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog
D M Hoogenhout
M J Roux
J A Rupert
Johann Rupert
John P Rupert

Die Rembrandt Groep

Coetzierstraat
Stellenbosch
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)
Sekretaris: J C Engelbrecht

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Oewerpark 19
Rokewoodlaan
Stellenbosch
(Posbus 57, Stellenbosch, 7599)

Verslaggewende rekenmeesters

PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Sanbel
Ou Paarlweg 2
Bellville
(Posbus 168, Belville, 7535)

Oordragsekretarisse

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Aksepbank

Rand Aksepbank
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
2196
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Prokureurs

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ingelyf
Sandown Valleisingel 6
Sandown, Sandton
(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Borgmakelaars

Deutsche Bank Securities
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
Die Effektebeurs 731
Diagonalstraat 17
Johannesburg
(Posbus 61043, Marshalltown, 2107)

ABN-Amro Securities (Suid-Afrika)
(Eiendoms) Beperk
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
1ste Verdieping, JA-anneks
Kerkstraat 1
Johannesburg
(Posbus 11585, Johannesburg, 2000)

Inligtingsagente

Georgeson Shareholder Communications
South Africa (Eiendoms) Beperk
SMG-gebou
Johanlaan 108
Sandton
(Posbus 652000, Benmore, 2010)

Belangrike datums en tye

2000

Dinsdag 19 September	Laaste dag vir indiening van volmagvorms vir algemene jaarvergaderings
Donderdag 21 September	Algemene jaarvergaderings van RBB, Tegkor, TIB en Rembrandt
Vrydag 22 September	– Laaste dag om te registreer as 'n aandeelhouer om te kan deelneem aan die ontbondeling
	– Beëindiging van noterings van RBB, Tegkor en TIB
Dinsdag 26 September	– Notering van Remgro in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor
	– Verskuiwing van notering van VenFin na die Nywerheid – "Telekommunikasie" sektor
Donderdag 28 September	Pos aandeelsertifikate en tjeks vir breukgeregtighede en aflossingsopbrengs, indien ou aandeelsertifikate ingelewer is teen Vrydag 22 September

Aksie vereis deur aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB

Hierdie omsendskrywe bevat inligting oor die algemene jaarvergaderings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB wat op Dinsdag 21 September 2000 gehou word.

1. Lees hierdie omsendskrywe en besluit hoe om te stem

If you would prefer to read this document in English, you may obtain an English copy from the transfer secretaries by telephoning the toll-free number (0800 996 164).

Aandeelhouers moet die omsendskrywe sorgvuldig lees en besluit hoe hulle by die algemene jaarvergaderings van die onderskeie maatskappye wil stem. In die besonder moet:

- RBB-aandeelhouers bladsy 14 van hierdie omsendskrywe lees, wat 'n uiteensetting gee van hoe RBB se aandele in Rembrandt ontbondel word en die besluite wat by die RBB AJV geneem moet word;
- Tegkor-aandeelhouers bladsy 15 van hierdie omsendskrywe lees, wat 'n uiteensetting gee van hoe TIB se aandele in Rembrandt ontbondel word en die besluite wat by die Tegkor AJV geneem moet word;
- TIB-aandeelhouers bladsy 16 van hierdie omsendskrywe lees, wat 'n uiteensetting gee van hoe TIB se aandele in Rembrandt ontbondel word en die besluite wat by die TIB AJV geneem moet word; en
- Rembrandt-aandeelhouers bladsy 17 van hierdie omsendskrywe lees, wat 'n uiteensetting gee van die ontbondeling van Rembrandt se aandele in Remsa en die besluite wat by die Rembrandt AJV geneem moet word.

Alle aandeelhouers moet ook die hersiene noteringsbesonderhede van VenFin lees, asook die voornoteringsverklaring van Remgro vir 'n beter begrip van die maatskappye waarin hulle aandele sal hou na die implementering van die herstrukturering.

Indien u enige vrae het omtrent die herstrukturering, kan die volgende tolvrynommer geskakel word vir hulp: *0800 996 164* of + 44 20 7335 7278 indien u van buite Suid-Afrika skakel. Die tolvrynommer sal beskikbaar wees vanaf 08:00 tot 18:00 op sakedae tot Donderdag 21 September 2000.

2. Stem persoonlik by vergaderings of by wyse van volmag

Algemene jaarvergaderings van aandeelhouers word op Donderdag 21 September 2000 in die Jannasch-saal, US Konservatorium, h/v Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch gehou om die gewone en spesiale besluite te oorweeg wat nodig is om die herstrukturering te implementeer. 'n Kort oorsig van die herstrukturering sal om 09:00 by die aanvang van die RBB AJV deur mnr Johann Rupert gegee word. Die tye van die vergaderings is soos volg:

- RBB AJV: 09:00;
- Tegkor AJV: 09:40, of onmiddellik na afloop van die RBB AJV, wat ook al die laatste is;
- TIB AJV: 09:50, of onmiddellik na afloop van die Tegkor AJV, wat ook al die laatste is; en
- Rembrandt AJV: 10:00, of onmiddellik na afloop van die TIB AJV, wat ook al die laatste is.

Aandeelhouers van elke maatskappy is daarop geregtig om die algemene jaarvergadering van die maatskappy of maatskappye waarin hulle aandele besit, by te woon en daar te stem. 'n Aandeelhouer wat nie 'n betrokke vergadering kan bywoon nie, maar graag daar verteenwoordig wil wees, moet die aangehegte volmagvorm ten opsigte van die betrokke maatskappy voltooi (blou vir RBB, pienk vir Tegkor, groen vir TIB en wit vir Rembrandt) en dit nie later nie as 48 uur voor die aanvang van die vergadering waarop dit betrekking het, besorg aan Computershare Services Beperk, 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107).

3. Afstand doen van u aandelesertifikate

Daar word van u verwag om afstand te doen van u aandeelsertifikate ten einde VenFin- en Remgro-sertifikate te ontvang.

Vul asseblief die toepaslike inleweringsvorm in volgens die aanwysings, soos uiteengesit op bladsy 18 van hierdie omsendskrywe en in die inleweringsvorm, en dien dit in, tesame met u titeldokumente, by die oordragsekretarisse by die adres soos uiteengesit in 2 hierbo.

4. Indien u u aandele verkoop het

Indien u al u aandele verkoop het, moet hierdie omsendskrywe oorhandig word aan die koper van die aandele of die aandelemakelaar, bankier of ander agent wat namens u die transaksie hanteer het.

Indien u enigsins twyfel oor watter stappe om te doen, raadpleeg asseblief u aandelemakelaar, prokureur, bankier of enige ander professionele raadgewer sonder versuim.

Inhoud

	Bladsy
Korporatiewe inligting	1
Aksie vereis deur aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB	3
Opsomming van die belangrikste kenmerke van die herstrukturering van die Rembrandt Groep van maatskappye	6
Definisies in hierdie omsendskrywe gebruik	8
Omsendskrywe aan aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB	10
Afdeling A – Die herstrukturering	10
1. Huidige struktuur van die Rembrandt Groep	10
2. Voorgestelde herstrukturering	11
3. Voordele vir aandeelhouers	12
4. Finansiële uitwerking van die herstrukturering	13
5. Doel van die omsendskrywe	13
6. Direkteure se menings en aanbevelings	13
7. Direkteure se verklarings van verantwoordelikheid	13
Afdeling B – Inligting vir RBB-aandeelhouers	14
Afdeling C – Inligting vir Tegkor-aandeelhouers	15
Afdeling D – Inligting vir TIB-aandeelhouers	16
Afdeling E – Inligting vir Rembrandt-aandeelhouers	17
Afdeling F – Algemene inligting vir alle aandeelhouers	18
Bylae	
1. Hooftrekke van die VenFin Aandeleskema	20
2. Hooftrekke van die Remgro Aandeleskema	22
3. Regte en verpligtinge verbonde aan die VenFin B-aandele en Remgro B-aandele	24
4. Toekenningstabel vir VenFin gewone aandele en Remgro gewone aandele	25
Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering van RBB-aandeelhouers	28
Volmagvorm vir gebruik by die Algemene Jaarvergadering van RBB-aandeelhouers (blou)	Aangeheg
Inleweringsvorm (blou)	Aangeheg
Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering van Tegkor-aandeelhouers	35
Volmagvorm vir gebruik by die Algemene Jaarvergadering van Tegkor-aandeelhouers (pienk)	Aangeheg
Inleweringsvorm (pienk)	Aangeheg
Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering van TIB-aandeelhouers	43
Volmagvorm vir gebruik by die Algemene Jaarvergadering van TIB-aandeelhouers (groen)	Aangeheg
Inleweringsvorm (groen)	Aangeheg
Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering van Rembrandt-aandeelhouers	51
Volmagvorm vir gebruik by die Algemene Jaarvergadering van Rembrandt-aandeelhouers (wit)	Aangeheg
Inleweringsvorm (wit)	Aangeheg
Hersiene noteringsbesonderhede van VenFin	61
Voornoteringsverklaring van Remgro	94

Opsomming van die belangrikste kenmerke van die herstrukturering van die Rembrandt Groep van maatskappye

1. Huidige struktuur van die Rembrandt Groep

1.1 Die Rembrandt Groep bestaan tans uit 'n piramide van vier genoteerde maatskappye, naamlik: TIB, Tegkor, RBB en Rembrandt.

1.2 Die Rembrandt Groepstruktuur word deur die diagram hieronder voorgestel:



*Genoteer op die JA.

1.3 Die Groepstruktuur neig daartoe dat die aandele van maatskappye in die piramide teen 'n diskonto op hul onderliggende deursigtige waardes verhandel. Daarby kan die onderliggende beleggings van die Groep meer effektief gestruktureer word om voordeel te trek uit sinergieë wat in die Groep bestaan.

2. Voorgestelde struktuur van die Rembrandt Groep

2.1 Ten einde aandeelhouerswaarde te ontsluit en beter fokus en doeltreffendheid in die Rembrandt Groep se onderliggende beleggings te bewerkstellig, is voorgestel dat:

2.1.1 die onderliggende beleggings van Rembrandt in twee maatskappygroepe herstruktureer word. Die een groep, wat binne Rembrandt bly en tot VenFin Beperk hernoem gaan word, sal bestaan uit die Rembrandt Groep se tegnologies-gerigte belange. Die ander groep, wat herskik word onder Remsa en tot Remgro Beperk hernoem gaan word, sal bestaan uit die Rembrandt Groep se gevestigde finansiële, myn- en nywerheidsbeleggings. Onderworpe aan die implementering van die herstrukturering, sal Remgro op die JA genoteer word;

2.1.2 die aandelekapitaal van Remgro en VenFin herskik word om B-aandele in elk van hierdie maatskappye te skep, waarvan die meerderheid aan Rembrandt Trust, die huidige beherende aandeelhouer van die Rembrandt Groep, uitgereik sal word. Die B-aandele sal 'n hoër pari-waarde hê as die Venfin en Remgro gewone aandele, wat tot gevolg sal hê dat Rembrandt Trust sy huidige beheer oor die herstruktureerde Rembrandt Groep sal behou;

2.1.3 die piramide-struktuur van die Rembrandt Groep sal dan as volg deur 'n ontbondeling verwyder word:

- RBB ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, Tegkor ingesluit;
- Tegkor ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, TIB ingesluit; en
- TIB ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, Rembrandt Trust ingesluit.

2.2 Na die implementering van die rasionalisasie, maar voor die ontbondeling, sal Rembrandt 31 955 717 Rembrandt B-aandele aan Rembrandt Trust uitreik, terwyl Remsa 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust sal uitreik. Vyf miljoen Remgro B-aandele en vyf miljoen VenFin B-aandele sal gereserveer word vir uitreiking aan die aandeelaansporingskemas.

2.3 Onmiddellik na die ontbondeling word 35 506 350 van Rembrandt se gewone aandele gekonsolideer in 3 550 635 aandele van tien sent elk en hernoem tot Rembrandt B-aandele. Die resultaat sal wees dat Rembrandt Trust beheer behou sonder om die Rembrandt aandeelhouers se aandeelhouding te verwater.

2.4 VenFin sal dan sy Remgro gewone aandele aan sy aandeelhouers versprei, wat nou die voormalige aandeelhouers van RBB, Tegkor en TIB sal insluit.

2.5 Na die implementering van die herstrukturering en onderworpe aan die goedkeuring en, waar nodig die registrasie, van die relevante gewone en spesiale besluite by die algemene jaarvergaderings van die toepaslike maatskappye, sal die:

2.5.1 noterings op die JA van RBB, Tegkor en TIB beëindig word met inwerkingtreding van sake-sluiting op Vrydag 22 September 2000;

2.5.2 notering van die VenFin gewone aandele na die Nywerheid – "Telekommunikasie" sektor van die JA-lyste verskuif word met inwerkingtreding van sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000; en

2.5.3 Remgro gewone aandele in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste met inwerkingtreding van sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000 genoteer word.

Nòg die VenFin B-aandele, nòg die Remgro B-aandele sal genoteer wees.

2.6 By die voltooiing van die herstrukturering sal die Rembrandt Groepstruktuur soos volg daaruit sien:



*Bestuursmaatskappy, beheer deur sy werknemers, wat bestuursdienste aan Remgro en VenFin sal lewer.

3. Voordele vir aandeelhouers

Die herstrukturering sal na verwagting die volgende voordele hê vir aandeelhouers van die maatskappye:

3.1 Die diskonto waarteen aandele in RBB, Tegkor en TIB verhandel in verhouding tot Rembrandt se aandeelprys, sal uitgeskakel word aangesien aandeelhouers nou direkte toegang tot die aandele van VenFin en Remgro sal hê.

3.2 Die skeiding van Rembrandt se onderliggende bates in twee maatskappygroepe, elk met 'n gefokusde besigheidstrategie, bied aan bestaande aandeelhouers die geleentheid om hul beleggingsrisiko te versprei.

3.3 Die rasionalisasie sal ondoeltreffendhede in die huidige Groepstruktuur uitskakel.

3.4 Verhandelingsvolumes in die aandele van RBB, Tegkor en TIB is relatief laag. Die herstrukturering sal tot gevolg te hê dat die likiditeit van VenFin- en Remgro-aandele verhoog.

3.5 Die reorganisasie van Rembrandt se bestaande bates in "tegnologies-gerigte" en "tradisionele" bates, elk met sy eie uitvoerende bestuurspan, sal tot verhoogde fokus lei.

3.6 Beleggers sal nou kan kies of hulle die tegnologies-gerigte bates wil hou of die tradisionele bates, of beide, afhangende van hul individuele voorkeure en risikoprofiele.

3.7 Op 'n gesamentlike grondslag sal die totale dividendbetaling aan aandeelhouers na verwagting toeneem.

3.8 Daar sal in die toekoms geen finansiële premie geplaas word op die beheer wat deur Rembrandt Trust uitgeoefen word nie, aangesien alle aandeelhouers dieselfde aanbod sal ontvang indien die beheer van VenFin en/of Remgro en/of Rembrandt Trust sou verander.

4. Algemene jaarvergaderings

Algemene jaarvergaderings van RBB, Tegkor, TIB en Rembrandt sal gehou word om 9:00, 9:40, 9;50 en 10:00 onderskeidelik op Donderdag 21 September 2000. Aandeelhouers sal tydens die algemene jaarvergaderings versoek word om die gewone en spesiale besluite wat gewoonlik tydens 'n algemene jaarvergadering aangeneem word, asook die gewone en spesiale besluite wat nodig is vir die implementering van die herstrukturering, goed te keur.

Definisies in hierdie omsendskrywe gebruik

In hierdie omsendskrywe, tensy anders vermeld:

- verwys enkelvoud ook na meervoud en omgekeerd;
- sluit woorde wat een geslag aandui ook die ander geslag in;
- maak woorde of uitdrukkings wat verwys na natuurlike persone ook voorsiening vir regspersone en assosiasies van persone;
- het die woorde in die eerste kolom die betekenis soos in die tweede kolom weergegee.

"aandeelaansporingskemas"	die VenFin Aandeleskema en die Remgro Aandeleskema waarvan die hooftrekke onderskeidelik in Bylae 1 en 2 beskryf word;
"aandeelhouer"	'n aandeelhouer van Rembrandt, RBB, Tegkor of TIB, na gelang van die teksverband;
"aandele"	Rembrandt gewone aandele, RBB-aandele, Tegkor-aandele of TIB-aandele, na gelang van die teksverband;
"gemeenskaplike monetêre gebied"	die Republiek van Suid-Afrika, die Republiek van Namibië en die Koninkryke van Lesotho en Swaziland;
"herstrukturering"	die herstrukturering van die Rembrandt Groep deur middel van die rasionalisasie en die ontbondeling;
"JA"	die Johannesburgse Aandelebeurs;
"maatskappye"	Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB gesamentlik;
"M&I"	M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk, 'n maatskappy wat bestuursdienste sal lewer aan VenFin en Remgro op die grondslag soos uiteengesit in paragraaf 2.11 van hierdie omsendskrywe;
"oordragsekretarisse"	Computershare Services Beperk (registrasienommer 1958/003546/06), wie se adres 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107) is;
"ontbondeling"	die ontbondeling deur: – RBB, Tegkor en TIB van hul Rembrandt (hernoem,VenFin) gewone aandele; en – Rembrandt van sy Remsa (hernoem, Remgro) gewone aandele, en die implementering daarvan, ingevolge artikel 60 van die Inkomste-belastingwet, nr. 113 van 1993, mits die nodige gewone en spesiale besluite wat by die Rembrandt AJV, die RBB AJV, die Tegkor AJV en die TIB AJV voorgelê word, aanvaar en, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word;
"rasionalisasie"	die reorganisasie van die bates van Rembrandt ingevolge artikel 39 van die Gewysigde Belastingwet, nr. 20 van 1994, in twee maatskappygroepe wat op die JA as VenFin en Remgro genoteer sal word;
"RBB"	Rembrandt Beherende Beleggings Beperk (registrasienommer 1952/000002/06), 'n maatskappy genoteer op die JA, wat die houermaatskappy van Rembrandt sal bly totdat die herstrukturering geïmplementeer word;
"RBB AJV"	die 49ste Algemene Jaarvergadering van RBB-aandeelhouers wat om 09:00 op Donderdag 21 September 2000, gehou sal word met die doel om die gewone en spesiale besluite te oorweeg, soos vervat in die kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering wat deel is van hierdie omsendskrywe, en, indien toepaslik, dit te aanvaar;
"RBB-aandeelhouer"	'n houer van RBB-aandele;

“RBB-aandele”	gewone aandele van een sent elk in die kapitaal van RBB;
“Rembrandt”	Rembrandt Groep Beperk (registrasienommer 1948/031037/06), ’n maatskappy genoteer op die JA wat tot VenFin Beperk hernoem gaan word, onderworpe aan goedkeuring deur aandeelhouers by die Rembrandt AJV;
“Rembrandt AJV”	die 52ste Algemene Jaarvergadering van Rembrandt-aandeelhouers wat om 10:00, of onmiddellik na afloop van die TIB AJV, wat ook al later is, op Donderdag 21 September 2000, gehou sal word met die doel om die gewone en spesiale besluite te oorweeg, soos vervat in die Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering wat deel is van hierdie omsendskrywe, en, indien toepaslik, dit te aanvaar;
“Rembrandt B-aandele”	B-aandele van 10 sent elk in die aandelekapitaal van Rembrandt, met regte en verpligtinge soos uiteengesit in Bylae 3 van hierdie omsendskrywe;
“Rembrandt Groep” of die “Groep”	TIB, Tegkor, RBB, Rembrandt en sy filiale en verwante maatskappye;
“Rembrandt gewone aandele”	gewone aandele van een sent elk in die kapitaal van Rembrandt;
“Rembrandt-aandeelhouer”	’n houer van Rembrandt gewone aandele;
“Rembrandt Trust”	Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1959/003277/07), die uiteindelike beherende aandeelhouer van die Rembrandt Groep;
“Remsa”	Rembrandt S.A. Beperk (registrasienommer 1968/006415/06), ’n volfiliaal van Rembrandt, wat die genoteerde houermaatskappy van ’n aantal maatskappye in die Rembrandt Groep sal word na die implementering van die herstrukturering en wat tot Remgro Beperk hernoem gaan word, onderworpe aan goedkeuring deur Remsa aandeelhouers;
“Remsa B-aandele”	B-aandele van 10 sent elk in die aandelekapitaal van Remsa, met regte en verpligtinge soos uiteengesit in Bylae 3 van hierdie omsendskrywe;
“Remsa gewone aandele”	gewone aandele van een sent elk in die kapitaal van Remsa;
“Tegkor”	Tegniese Beleggingskorporasie Beperk (registrasienommer 1946/020656/06), ’n genoteerde maatskappy op die JA, wat die houermaatskappy van RBB is;
“Tegkor AJV”	die 54ste Algemene Jaarvergadering van Tegkor-aandeelhouers wat om 09:40, of onmiddellik na afloop van die RBB AJV, wat ook al later is, op Donderdag 21 September 2000, gehou sal word om die gewone en spesiale besluite te oorweeg, soos vervat in die Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering wat deel is van hierdie omsendskrywe, en, indien toepaslik, dit te aanvaar;
“Tegkor-aandeelhouer”	’n houer van Tegkor-aandele;
“Tegkor-aandele”	gewone aandele van een sent elk in die kapitaal van Tegkor;
“TIB”	Tegniese en Industriële Beleggings Beperk (registrasienommer 1943/015859/06), ’n genoteerde maatskappy op die JA wat die houermaatskappy van Tegkor is;
“TIB AJV”	die 57ste Algemene Jaarvergadering van TIB-aandeelhouers wat om 09:50, of onmiddellik na afloop van die Tegkor AJV, wat ook al later is, op Donderdag 21 September 2000, gehou sal word om die gewone en spesiale besluite te oorweeg, soos vervat in die Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering wat deel is van hierdie omsendskrywe, en, indien toepaslik, dit te aanvaar;
“TIB-aandeelhouer”	’n houer van TIB-aandele;
“TIB-aandele”	gewone aandele van een sent in die kapitaal van TIB;
“titeldokumente”	aandelesertifikate, gesertifiseerde aktes van oordrag, balansbewyse of enige ander titeldokumente met betrekking tot Rembrandt-, RBB-, Tegkor- of TIB-aandele wat vir die oordragsekretarisse aanvaarbaar is; en
“Wet”	die Maatskappyewet, 1973 (Wet 61 van 1973), soos gewysig.

Omsendskrywe aan die aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB

AFDELING A – DIE HERSTRUKTURERING

1. Huidige struktuur van die Rembrandt Groep

1.1 Die Rembrandt Groep bestaan tans uit 'n piramide van vier genoteerde maatskappye. Sy beherende aandeelhouer is Rembrandt Trust.

1.2 Rembrandt is 'n beleggingshouermaatskappy wat sy inkomste hoofsaaklik verdien uit die dividende van sy beleggings in tabakprodukte, bank- en finansiële dienste, sellulêre kommunikasie, drukwerk en verpakking, ingenieurswese en motoronderdele, kleefstowwe, lewensversekering, mediese dienste, mynbou, petrochemiese produkte, portefeulje beleggings, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

1.3 Die Groepstruktuur word deur die diagram hieronder voorgestel:



*Genoteer op die JA.

1.4 Die Groepstruktuur neig daartoe dat die aandele van maatskappye in die piramide teen 'n diskonto in vergelyking met hul onderliggende deursigtige waardes verhandel. Daarby kan die onderliggende beleggings van die Groep meer effektief gestruktureer word om voordeel te trek uit sinergieë wat in die Groep bestaan.

1.5 Die direksies van TIB, Tegkor, RBB en Rembrandt het gevolglik besluit om die Rembrandt Groep te herstruktureer in twee genoteerde entiteite met beter fokus, sodat die grootste moontlike waarde vir aandeelhouers geskep word.

2. Voorgestelde herstrukturering

2.1 Ten einde beter fokus en doeltreffendheid in die Rembrandt Groep te bewerkstellig, is voorgestel dat:

2.1.1 'n rasionalisasie geïmplementeer word en die onderliggende beleggings van Rembrandt in twee maatskappygroepe te herstruktureer. Die een groep, wat binne Rembrandt bly en tot VenFin Beperk hernoem gaan word, sal bestaan uit die Rembrandt Groep se tegnologies-gerigte belange. Die ander groep, wat herskik gaan word onder Remsa en tot Remgro Beperk hernoem gaan word, sal bestaan uit die Rembrandt Groep se gevestigde finansiële, myn- en nywerheidsbeleggings;

2.1.2 die aandelekapitaal van Remsa en Rembrandt herskik word om B-aandele te skep, waarvan die meerderheid aan Rembrandt Trust uitgereik sal word en wat tot gevolg sal hê dat Rembrandt Trust sy beheer oor die herstruktureerde Rembrandt Groep sal behou;

2.1.3 die ontbondeling vind dan soos volg plaas:

- RBB ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, Tegkor ingesluit;
- Tegkor ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, TIB ingesluit; en
- TIB ontbondel sy Rembrandt gewone aandele aan sy aandeelhouers, Rembrandt Trust ingesluit.

Aandeelhouers moet as sodanig geregistreer wees teen die sake-sluiting op Vrydag 22 September 2000 om aan die ontbondeling te kan deelneem.

2.2 Na die implementering van die reorganisasie, maar voor die ontbondeling, sal Rembrandt 31 955 717 Rembrandt B-aandele aan Rembrandt Trust uitreik, terwyl Remsa 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust sal uitreik.

2.3 Onmiddellik na die ontbondeling sal 35 506 350 van Rembrandt se gewone aandele wat deur Rembrandt Trust gehou word, gekonsolideer word in 3 550 635 aandele van tien sent elk en omskep word in Rembrandt B-aandele.

2.4 Rembrandt sal sy Remsa gewone aandele ontbondel aan die houers van Rembrandt gewone aandele, wat dan al die voormalige aandeelhouers van RBB, Tegkor en TIB insluit.

2.5 Die aandele in RBB, Tegkor en TIB, buiten daardie aandele wat deur die houermaatskappy van elk van die maatskappye gehou word, sal omskep word in aflosbare voorkeuraandele en afgelos word. Dit word gedoen om te verseker dat RBB, Tegkor en TIB volfiliaalmaatskappye word, wat toelaat vir die effektiewe administrasie van die oorblywende onopgeëiste dividende by RBB, Tegkor en TIB.

2.6 Na die implementering van die herstruktering sal die notering van RBB, Tegkor en TIB op die JA beëindig word. Die notering van die Rembrandt gewone aandele sal verskuif na die Nywerheid – "Telekommunikasie" sektor van die JA-lyste onder "VenFin", terwyl Remsa in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste genoteer sal word onder die naam "Remgro" op of teen Dinsdag 26 September 2000.

2.7 Die Rembrandt B-aandele en die Remsa B-aandele sal nie op die JA genoteer word nie.

2.8 Die implementering van die stappe, soos uiteengesit in 2.1 tot 2.7, is onderhewig aan die goedkeuring deur die aandeelhouers van elk van die maatskappye, en die uitreik van aandele, waarna in 2.2 verwys, is onderhewig aan die bykomende voorwaarde dat 'n meerderheid van die aandeelhouers, buiten die houermaatskappy in elke geval, die uitreik van die aandele goedkeur.

2.9 By die voltooiing van die herstrukturering sal die Rembrandt Groepstruktuur soos volg daaruit sien:



2.10 Rembrandt Trust het aan die JA 'n onderneming gegee dat, indien 'n verandering in beheer van VenFin en/of Remgro en/of Rembrandt Trust plaasvind, hy sal toesien dat 'n aanbod volgens dieselfde voorwaardes aan die aandeelhouers van VenFin en/of Remgro, soos toepaslik, gemaak word. Rembrandt Trust beheer tans indirek meer as 50% van die aandele van Rembrandt en sal ná die implementering van die herstrukturering stemreg oor sowat 42% van die aandele in VenFin en Remgro uitoefen.

2.11 Na die herstrukturering sal VenFin en Remgro twee aparte genoteerde maatskappye, met verskillende direksies en besture, wees. Dit sou kon lei tot die duplisering van oorhoofse kostes soos rekeningkundige en regsdienste, menslike hulpbron-administrasie, intellektuele batedienste en ander ondersteuningsfunksies. Om dit te vermy, sal 'n ooreenkoms met 'n afsonderlike dienstemaatskappy, M&I aangegaan word om bestuurs- en ondersteunende dienste aan beide maatskappye te verskaf. Die aandeelhouers van M&I sal huidige en toekomstige werknemers wees. Rembrandt Trust sal 'n aandeel in M&I besit om kontinuïteit te verseker. Rembrandt Trust sal geen regte tot die inkomste of bates van M&I hê nie.

M&I sal gefinansier word deur fooie wat VenFin en Remgro betaal. Die fooie sal alle oorhoofse kostes dek ten opsigte van die bestuur van die twee maatskappye en sal nie 0,463% per jaar van die onderskeie markkapitalisasies van VenFin en Remgro, bereken op 'n gemiddelde maandelikse basis, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie oorskry of verhoog word sonder dat 75% van alle klasse aandeelhouers daartoe instem nie. Die fooie is maandeliks agterna betaalbaar.

Die twee bestuurspanne sal gevolglik verskillend en afsonderlik wees ten einde die vereiste besigheidsfokus te verseker, maar sonder die duplisering van oorhoofse kostes.

2.12 Die verhouding van gewone aandele tot B aandele in elk van VenFin en Remgro sal konstant bly, sodat nuwe B aandele slegs geskep sal word in die mate dat gewone aandele geskep word.

3. Voordele vir aandeelhouers

Die herstrukturering sal na verwagting die volgende voordele hê vir aandeelhouers van die maatskappye:

3.1 Die diskonto waarteen aandele in RBB, Tegkor en TIB verhandel het in verhouding tot Rembrandt se aandeelprys, sal uitgeskakel word aangesien aandeelhouers nou direkte toegang tot die aandele van VenFin en Remgro sal hê.

3.2 Die skeiding van Rembrandt se onderliggende bates in twee maatskappygroepe, elk met 'n gefokusde besigheidstrategie, bied aan bestaande aandeelhouers die geleentheid om hul beleggingsrisiko te versprei.

3.3 Die rasionalisasie sal die uitskakeling van ondoeltreffendhede in die huidige Groepstruktuur meebring.

3.4 Verhandelingsvolumes in die aandele van RBB, Tegkor en TIB is relatief laag. Die herstrukturering sal tot gevolg te hê dat die likiditeit van VenFin- en Remgro-aandele verhoog.

3.5 Die reorganisasie van Rembrandt se bestaande bates in “tegnologies-gerigte” en “tradisionele” bates, elk met sy eie uitvoerende bestuurspan, sal tot verhoogde fokus lei.

3.6 Beleggers sal nou kan kies of hulle die tegnologies-gerigte bates of die tradisionele bates wil behou, of beide, afhangende van hul individuele voorkeure en risikoprofiele.

3.7 Op ’n gesamentlike grondslag sal die totale dividendbetaling aan aandeelhouers na verwagting toeneem.

3.8 Daar sal in die toekoms geen finansiële premie geplaas word op die beheer wat deur die Rembrandt Trust uitgeoefen word nie, aangesien alle aandeelhouers dieselfde aanbod sal ontvang indien die beheer van VenFin en/of Remgro en/of die Rembrandt Trust sou verander.

4. Finansiële uitwerking van die herstrukturering

As gevolg van die ontbondeling, sal die posisie van ’n aandeelhouer na die herstrukturering gelyk wees aan sy posisie voor die ontbondeling. Die herstrukturering sal geen uitwerking op die wesensverdienste per aandeel, verdienste per aandeel of die netto batewaarde per aandeel by Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB hê nie.

5. Doel van hierdie omsendskrywe

Die doel van hierdie omsendskrywe is om:

– die RBB AJV byeen te roep om, indien toepaslik, die gewone en spesiale besluite goed te keur wat gewoonlik op ’n maatskappy se algemene jaarvergadering voorgestel word, sowel as daardie gewone en spesiale besluite wat nodig is om die herstrukturering te implementeer;
– die Tegkor AJV byeen te roep om, indien toepaslik, die spesiale en gewone besluite goed te keur wat gewoonlik op ’n maatskappy se algemene jaarvergadering voorgestel word, sowel as daardie gewone en spesiale besluite wat nodig is om die herstrukturering te implementeer;
– die TIB AJV byeen te roep om, indien toepaslik, die gewone en spesiale besluite goed te keur wat gewoonlik op ’n maatskappy se algemene jaarvergadering voorgestel word, sowel as daardie gewone en spesiale besluite wat nodig is om die herstrukturering te implementeer;
– die Rembrandt AJV byeen te roep om, indien toepaslik, die spesiale en gewone besluite goed te keur wat gewoonlik op ’n maatskappy se algemene jaarvergadering voorgestel word, sowel as daardie spesiale en gewone besluite wat nodig is om die rasionalisasie, die herskikking van Rembrandt se aandelekapitaal en die ontbondeling deur Rembrandt van die Remsa gewone aandele te implementeer, asook die aanvaarding van die VenFin Aandeelaansporingskema en die bestuursooreenkoms met M&I. goed te keur; en
– inligting aan aandeelhouers te gee oor die besigheid en toekomstige struktuur van VenFin en Remgro na die implementering van die herstrukturering. Hierdie inligting is vervat in die hersiene noteringsbesonderhede van VenFin en die voornoteringsverklaring van Remgro, wat beide deel van hierdie omsendskrywe is.

6. Direkteure se menings en aanbevelings

Die direksies van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB het die bepalinge van die herstrukturering oorweeg en hulle is van mening dat die herstrukturering tot voordeel van aandeelhouers van die maatskappye, asook van die Groep as geheel, strek.

Die direksies beveel dus aan dat aandeelhouers by die onderskeie algemene jaarvergaderings ten gunste van die voorstelle stem. Die direkteure is voornemens om, ten opsigte van hul aandeelhoudings, by die algemene jaarvergaderings ten gunste van die gewone en spesiale besluite te stem.

7. Direkteure se verklarings van verantwoordelikheid

Die direkteure van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB wie se name onder Korporatiewe inligting verskyn, wat op bladsy 1 van hierdie omsendskrywe begin:

– het alle stellings van feite en menings in hierdie omsendskrywe oorweeg;
– aanvaar, afsonderlik en gesamentlik, volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid daarvan ten opsigte van die maatskappy/e waarvan hulle direkteure is;
– verklaar dat, na die beste van hul kennis en wete, daar geen weglatings van wesentlike feite of oorwegings is wat enige feitestellings of menings, soos vervat in die omsendskrywe, vals of misleidend sal maak nie, en dat billike navrae in dié verband gedoen is.

DEEL B – INLIGTING VIR RBB-AANDEELHOUERS

1. Algemene Jaarvergadering van RBB

Die kennisgewing van RRB se AJV bevat 'n aantal gewone en spesiale besluite wat RBB-aandeelhouers versoek word om te oorweeg en, indien goedgevind, aan te neem. Hierdie besluite kan in twee kategorieë verdeel word:

1.1 Besluite wat vir die implementering van die herstrukturering benodig word

Dit behels:

1.1.1 gewone besluite nommers 1 en 2, waarvolgens die uitgifte van 31 955 717 Rembrandt B-aandele en 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust goedgekeur word;

1.1.2 spesiale besluit nommer 1, wat sal lei tot die aanvaarding van 'n nuwe akte van oprigting en statute vir RBB;

1.1.3 gewone besluit nommer 3, waarvolgens die ontbondeling deur RBB van sy aandele in Rembrandt aan sy aandeelhouers en die herstrukturering, goedgekeur word;

1.1.4 gewone besluit nommer 4, waarvolgens die beëindiging van RBB se notering op die JA met implementering van die herstrukturering, goedgekeur word; en

1.1.5 spesiale besluit nommer 2, waarvolgens die omskepping van al die RBB-aandele, buiten dié wat deur Tegkor besit word, in voorkeuraandele en die aflossing van sodanige voorkeuraandele, goedgekeur word.

1.2 Besluite wat gewoonlik tydens 'n algemene jaarvergadering aangeneem word

Dit behels:

1.2.1 die aanvaarding van RBB se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000;

1.2.2 die vasstelling van die direkteure se vergoeding vir die jaar geëindig 31 Maart 2000; en

1.2.3 die kies van direkteure in die plek van diegene wat ooreenkomstig die bepalings van RBB se statute aftree.

2. Verlangde optrede deur RBB-aandeelhouers

2.1 RBB-aandeelhouers wat al hulle RBB-aandele verkoop het, moet hierdie omsendskrywe aan die koper van sodanige aandele of aan die aandelemakelaar, bankier of ander agent deur wie die verkoop geskied het, oorhandig.

2.2 RBB-aandeelhouers wat nie woonagtig is nie, in, of wat geregistreerde adresse buite die gemeenskaplike monetêre gebied het, moet hulle daarvan vergewis dat die wette van enige betrokke gebied aangaande die ontvangs van Rembrandt en/of Remsa gewone aandele ten volle nagekom word, insluitend die verkryging van enige vereiste regerings- of ander goedkeurings, dat enige ander vereiste formaliteite nagekom word en enige uitgifte-, oordrag- of ander belasting wat in sodanige gebied verskuldig is, betaal word. RBB-aandeelhouers wat enigsins oor hulle posisie twyfel, moet hulle professionele adviseurs raadpleeg.

2.3 'n RBB-aandeelhouer wat nie in staat is om RBB se AJV by te woon nie, moet die volmagvorm (blou) wat aangeheg is by en deel uitmaak van hierdie omsendskrywe voltooi en dit teen 09:00 op Dinsdag 19 September 2000 aan die oordragsekretarisse terugbesorg.

DEEL C – INLIGTING VIR TEGKOR-AANDEELHOUERS

1. Algemene Jaarvergadering van Tegkor

Die kennisgewing van Tegkor se AJV bevat 'n aantal gewone en spesiale besluite wat Tegkor-aandeelhouers versoek word om te oorweeg en, indien goedgevind, aan te neem. Hierdie besluite kan in twee kategorieë verdeel word:

1.1 Besluite wat vir die implementering van die herstrukturering benodig word

Dit behels:

1.1.1 gewone besluite nommers 1 en 2, waarvolgens die uitgifte van 31 955 717 Rembrandt B-aandele en 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust goedgekeur word;

1.1.2 spesiale besluit nommer 1, wat sal lei tot die aanvaarding van 'n nuwe akte van oprigting en statute vir Tegkor;

1.1.3 gewone besluit nommer 3, waarvolgens die ontbondeling deur Tegkor van sy aandele in Rembrandt aan sy aandeelhouers en die herstrukturering, goedgekeur word;

1.1.4 gewone besluit nommer 4, waarvolgens die beëindiging van Tegkor se notering op die JA met implementering van die herstrukturering, goedgekeur word; en

1.1.5 spesiale besluit nommer 2, waarvolgens die omskepping van al die Tegkor-aandele, buiten dié wat deur TIB besit word, in voorkeuraandele en die aflossing van sodanige voorkeuraandele, goedgekeur word.

1.2 Besluite wat gewoonlik tydens 'n algemene jaarvergadering aangeneem word

Dit behels:

1.2.1 die aanvaarding van Tegkor se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000;

1.2.2 die vasstelling van die direkteure se vergoeding vir die jaar geëindig 31 Maart 2000; en

1.2.3 die kies van direkteure in die plek van diegene wat ooreenkomstig die bepalings van Tegkor se statute aftree.

2. Verlangde optrede deur Tegkor-aandeelhouers

2.1 Tegkor-aandeelhouers wat al hulle Tegkor-aandele verkoop het, moet hierdie omsendskrywe aan die koper van sodanige aandele of aan die aandelemakelaar, bankier of ander agent deur wie die verkoop geskied het, oorhandig.

2.2 Tegkor-aandeelhouers wat nie woonagtig is nie, in, of wat geregistreerde adresse buite die gemeenskaplike monetêre gebied het, moet hulle daarvan vergewis dat die wette van enige betrokke gebied aangaande die ontvangs van Rembrandt en/of Remsa gewone aandele ten volle nagekom word, insluitend die verkryging van enige vereiste regerings- of ander goedkeurings, dat enige ander vereiste formaliteite nagekom word en enige uitgifte-, oordrag- of ander belasting wat in sodanige gebied verskuldig is, betaal word. Tegkor-aandeelhouers wat enigsins oor hulle posisie twyfel, moet hulle professionele adviseurs raadpleeg.

2.3 'n Tegkor-aandeelhouer wat nie in staat is om Tegkor se AJV by te woon nie, moet die volmagvorm (pienk) wat aangeheg is by en deel uitmaak van hierdie omsendskrywe voltooi en dit teen 09:40 op Dinsdag 19 September 2000 aan die oordragsekretarisse terugbesorg.

DEEL D – INLIGTING VIR TIB-AANDEELHOUERS

1. Algemene Jaarvergadering van TIB

Die kennisgewing van TIB se AJV bevat 'n aantal gewone en spesiale besluite wat TIB-aandeelhouers versoek word om te oorweeg en, indien goedgevind, aan te neem. Hierdie besluite kan in twee kategorieë verdeel word:

1.1 Besluite wat vir die implementering van die herstrukturering benodig word

Dit behels:

1.1.1 gewone besluite nommers 1 en 2, waarvolgens die uitgifte van 31 955 717 Rembrandt B-aandele en 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust goedgekeur word;

1.1.2 spesiale besluit nommer 1, wat sal lei tot die aanvaarding van 'n nuwe akte van oprigting en statute vir TIB;

1.1.3 gewone besluit nommer 3, waarvolgens die ontbondeling deur TIB van sy aandele in Rembrandt aan sy aandeelhouers en die herstrukturering, goedgekeur word;

1.1.4 gewone besluit nommer 5, waarvolgens die beëindiging van TIB se notering op die JA met implementering van die herstrukturering, goedgekeur word; en

1.1.5 spesiale besluit nommer 2, waarvolgens die omskepping van al die TIB-aandele, buiten dié wat deur Rembrandt Trust besit word, in voorkeuraandele en die aflossing van sodanige voorkeuraandele, goedgekeur word.

1.2 Besluite wat gewoonlik tydens 'n algemene jaarvergadering aangeneem word

Dit behels:

1.2.1 die aanvaarding van TIB se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000;

1.2.2 die vasstelling van die direkteure se vergoeding vir die jaar geëindig 31 Maart 2000; en

1.2.3 die kies van direkteure in die plek van diegene wat ooreenkomstig die bepalings van TIB se statute aftree.

2. Verlangde optrede deur TIB-aandeelhouers

2.1 TIB-aandeelhouers wat al hulle TIB-aandele verkoop het, moet hierdie omsendskrywe aan die koper van sodanige aandele of aan die aandelemakelaar, bankier of ander agent deur wie die verkoop geskied het, oorhandig.

2.2 TIB-aandeelhouers wat nie woonagtig is nie, in, of wat geregistreerde adresse buite die gemeenskaplike monetêre gebied het, moet hulle daarvan vergewis dat die wette van enige betrokke gebied aangaande die ontvangs van Rembrandt en/of Remsa gewone aandele ten volle nagekom word, insluitend die verkryging van enige vereiste regerings- of ander goedkeurings, dat enige ander vereiste formaliteite nagekom word en enige uitgifte-, oordrag- of ander belasting wat in sodanige gebied verskuldig is, betaal word. TIB-aandeelhouers wat enigsins oor hulle posisie twyfel, moet hulle professionele adviseurs raadpleeg.

2.3 'n TIB-aandeelhouer wat nie in staat is om TIB se AJV by te woon nie, moet die volmagvorm (groen) wat aangeheg is by en deel uitmaak van hierdie omsendskrywe voltooi en dit teen 09:50 op Dinsdag 19 September 2000 aan die oordragsekretarisse terugbesorg.

DEEL E – INLIGTING VIR REMBRANDT-AANDEELHOUERS

1. Algemene Jaarvergadering van Rembrandt

Die kennisgewing van Rembrandt se AJV bevat 'n aantal spesiale en gewone besluite wat Rembrandt-aandeelhouers versoek word om te oorweeg en, indien goedgevind, aan te neem. Hierdie besluite kan in twee kategorieë verdeel word:

1.1 Besluite wat vir die implementering van die herstrukturering benodig word

Dit behels:

1.1.1 gewone besluit nommer 1, waarvolgens Rembrandt-aandeelhouers versoek word om die rasionalisasie goed te keur wat daartoe sal lei dat die bates wat tans deur Rembrandt besit word in 'n groep tegnologies-gerigte beleggings (wat steeds deur Rembrandt besit sal word) en 'n groep gediversifiseerde industriële beleggings (wat deur Remsa besit sal word) geherstruktureer word;

1.1.2 spesiale besluit nommer 1, ingevolge waarvan die maatskappy se naam van Rembrandt na VenFin Beperk verander sal word;

1.1.3 spesiale besluite nommers 3 en 5, wat sal lei tot die aanvaarding van 'n nuwe akte van oprigting en statute vir Rembrandt om, onder andere, die regte en verpligtinge van die Rembrandt B-aandele wat geskep sal word, te weerspieël;

1.1.4 spesiale besluite nommers 2 en 4 en gewone besluite nommers 2 en 3, wat handel oor die herstrukturering van die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van Rembrandt om Rembrandt B-aandele te skep en waarvolgens die uitgifte van 31 955 717 Rembrandt B-aandele en 35 506 352 Remsa B-aandele aan Rembrandt Trust goedgekeur word;

1.1.5 gewone besluit nommer 4, waarvolgens die ontbondeling deur Rembrandt van sy aandele in Remsa aan sy gewone aandeelhouers en die herstrukturering, goedgekeur word;

1.1.6 gewone besluit nommer 5, waarvolgens die aanvaarding van die VenFin aandeel-aansporingskema goedgekeur word; en

1.1.7 gewone besluit nommer 7, waarvolgens die bestuursooreenkoms met M&I goedgekeur word.

1.2 Besluite wat gewoonlik tydens 'n algemene jaarvergadering aangeneem word

Dit behels:

1.2.1 spesiale besluite nommers 6 en 7, waarvolgens Rembrandt gemagtig word om sy eie aandele terug te koop;

1.2.2 gewone besluit nommber 6 wat die onuitgereikte aandele onder die beheer van die direkteure plaas tot en met Rembrandt se volgende algemene jaarvergadering;

1.2.3 die aanvaarding van Rembrandt se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000;

1.2.4 die vasstelling van die direkteure se vergoeding vir die jaar geëindig 31 Maart 2000; en

1.2.5 die kies van direkteure in die plek van diegene wat ooreenkomstig die bepalings van Rembrandt se statute aftree.

2. Verlangde optrede deur Rembrandt-aandeelhouers

2.1 Rembrandt-aandeelhouers wat al hulle Rembrandt-aandele verkoop het, moet hierdie omsendskrywe aan die koper van sodanige aandele of aan die aandelemakelaar, bankier of ander agent deur wie die verkoop geskied het, oorhandig.

2.2 Rembrandt-aandeelhouers wat nie woonagtig is nie in, of wat geregistreerde adresse buite die gemeenskaplike monetêre gebied het, moet hulle daarvan vergewis dat die wette van enige betrokke gebied aangaande die ontvangs van Remsa gewone aandele ten volle nagekom word, insluitend die verkryging van enige vereiste regerings- of ander goedkeurings, dat enige ander vereiste formaliteite nagekom word en enige uitgifte-, oordrag- of ander belasting wat in sodanige gebied verskuldig is, betaal word. Rembrandt-aandeelhouers wat enigsins oor hulle posisie twyfel, moet hulle professionele adviseurs raadpleeg.

2.3 'n Rembrandt-aandeelhouer wat nie in staat is om Rembrandt se AJV by te woon nie, moet die volmagvorm (wit) wat aangeheg is by en deel uitmaak van hierdie omsendskrywe voltooi en dit teen 10:00 op Dinsdag 19 September 2000 aan die oordragsekretarisse terugbesorg.

DEEL F – ALGEMENE INLIGTING VIR ALLE AANDEELHOUERS

1. Onmiddellike vereffening

Aandeelhouers moet daarvan kennis neem dat alle transaksies in Rembrandt gewone aandele, RBB-aandele, Tegkor-aandele en TIB-aandele gedurende die week wat op Maandag 18 September 2000 'n aanvang neem, onmiddellik verreffen moet word.

2. Breukgeregtigdhede

Daar sal nie breukgeregtigdhede ten opsigte van VenFin of Remgro-aandele toegeken word nie, maar dit sal op die JA verkoop word teen 'n prys wat gelyk is aan die gemiddelde verhandelde sluitingsprys van onderskeidelik VenFin- en Remgro-aandele op Dinsdag 26 September 2000. Die opbrengs op sodanige verkoop sal aan die betrokke aandeelhouers toegeken word en tjeks ten opsigte van die opbrengs sal saam met die sertifikate ten opsigte van hul VenFin en/of Remgro gewone aandele aan sodanige aandeelhouers, op hul risiko, gepos word, tensy die opbrengs minder is as R5,00, in welke geval dit geag sal word as sou dit ten gunste van Remgro verbeur word.

3. Inlewering van titeldokumente

3.1 Onderhewig aan die aanvaarding en, waar nodig, die registrasie van die gewone en spesiale besluite wat vir die implementering van die herstrukturering vereis word:

- sal Rembrandt-aandeelhouers versoek word om hul bestaande titeldokumente in te lewer ten einde Remgro aandelesertifikate en aandelesertifikate wat Rembrandt se naamsverandering na VenFin Beperk aandui, te ontvang; en
- sal RBB-, Tegkor- en TIB-aandeelhouers versoek word om hul bestaande titeldokumente in te lewer ten einde die aandelesertifikate ten opsigte van hul VenFin- en Remgro gewone aandele en, indien toepaslik, tjeks ten opsigte van breukgeregtighede en die opbrengs op die aflossing van hul voorkeuraandele te ontvang.

3.2 Bestaande titeldokumente sal met ingang van sakesluiting op Vrydag 22 September 2000 nie meer geldig wees vir lewering nie.

3.3 Aandeelhouers wat nie voor Dinsdag 26 September 2000 in hul aandele wil handel dryf nie, word versoek om hul bestaande dokumente onder dekking van die betrokke inleweringsvorm by die oordragsekretarisse in te lewer.

3.4 Alle bestaande titeldokumente wat die oordragsekretarisse teen 16:30 op Vrydag 22 September 2000 ontvang, sal verwerk word en nuwe aandelesertifikate sal op Donderdag 28 September 2000 op die risiko van die betrokke aandeelhouers per geregistreerde pos gepos word. In alle ander gevalle sal titeldokumente wat ontvang is, verwerk word en nuwe aandelesertifikate sal binne vyf sakedae nadat die bestaande titeldokumente ontvang is, op die risiko van die betrokke aandeelhouer per geregistreerde pos gepos word.

3.5 Die oordragsekretarisse sal die bestaande titeldokumente wat ontvang is, in afwagting op die implementering van die herstrukturering, in trust hou. Indien die herstrukturering nie geïmplementeer word nie, sal die oordragsekretarisse die titeldokumente binne vyf sakedae aan die betrokke aandeelhouer, op hul risiko, terugbesorg.

3.6 Indien enige bestaande titeldokumente verloor of vernietig is en die betrokke aandeelhouer tot die bevrediging van die oordragsekretarisse te dien effekte bewys lewer, kan die betrokke maatskappy teen die voorsiening van 'n geskikte vrywaring wegdoen met die inlewering van titeldokumente.

3.7 Tjeks ten opsigte van die aflossing van voorkeuraandele of, waar toepaslik, breukgeregtighede wat aan aandeelhouers betaalbaar is wat nie hul bestaande titeldokumente ingelewer het nie, sal deur Rembrandt in trust gehou word. Geen rente sal betaal word op kontant wat dienooreenkomstig in trust gehou word nie.

4. Deviesebeheerregulasies

Die volgende is 'n samevatting van die Suid-Afrikaanse Deviesebeheerregulasies. Indien aandeelhouers enigsins twyfel, moet hulle hul professionele adviseurs onmiddellik raadpleeg.

4.1 Emigrante uit die gemeenskaplike monêtere gebied

4.1.1 'n "Nie-inwoner"-endossement sal op elke VenFin gewone aandelesertifikaat en Remgro gewone aandelesertifikaat gestempel word wat as gevolg van die herstrukturering aan 'n aandeelhouer, wat 'n emigrant uit die gemeenskaplike monetêre gebied is, uitgereik word.

4.1.2 'n Aandelesertifikaat en, waar toepaslik, 'n tjek vir die opbrengs op die verkoop van breukgeregtighede en die aflossing van die voorkeuraandele, sal aangestuur word na die gemagtigde handelaar in buitelandse valuta in Suid-Afrika wat sodanige aandeelhouer se geblokkeerde bates beheer, ten bate van die emigrant se geblokkeerde rekening.

4.2 Alle ander nie-inwoners van die gemeenskaplike monetêre gebied

4.2.1 'n "Nie-inwoner"-endossement sal gestempel word op elke VenFin gewone aandelesertifikaat en Remsa gewone aandelesertifikaat wat as gevolg van die herstrukturering aan 'n aandeelhouer uitgereik is wie se geregistreerde adres buite die gemeenskaplike monetêre gebied is.

4.2.2 'n Aandelesertifikaat en, waar toepaslik, 'n tjek vir die opbrengs op die verkoop van breukgeregtighede en die aflossing van voorkeuraandele, sal aangestuur word na die aandeelhouer se gemagtigde handelaar in buitelandse valuta in Suid-Afrika (dit is die betrokke aandeelhouer se verantwoordelikheid om instruksies aan die genomineerde gemagtigde handelaar te gee oor die beskikking van die betrokke bedrag).

5. Dividend

Tot die mate dat 'n tussentydse dividend vir die ses maande eindigende 30 September 2000 betaal sou word deur Rembrandt indien die herstrukturering nie plaasgevind het nie, sal sodanige dividend (indien enige) deur Remgro betaal word.

VenFin sal nie 'n tussentydse dividend vir die ses maande eindigende 30 September 2000 betaal nie.

Stellenbosch
30 Augustus 2000

Hooftrekke van die VenFin Aandeleskema

1. Die trustakte

1.1 Alle werknemers (uitgesluit nie-uitvoerende direkteure) van VenFin, sy filiale en geassosieerde maatskappye kan in aanmerking kom vir deelname aan die skema. “Geassosieerde” sluit enige maatskappy in wat na die dag-tot-dag bestuur van VenFin omsien ingevolge ’n formele bestuursooreenkoms.

1.2 Die direkteure van VenFin mag nie meer as 5% van VenFin se uitgereikte gewone aandele en 1% van sy uitgereikte B-aandele toewys aan die skema nie (“skema-aandele”).

1.3 Die direkteure sal die skema-aandele aan die Trust beskikbaar stel by wyse van verkoping of inskrywing. Die Trustees sal op hulle beurt die aandele op ’n uitgestelde leweringsbasis te koop aanbied aan die werknemers wat deur die direkteure uitgekies is.

1.4 Daar mag nie meer as 0,25% van VenFin se gewone aandele of 0,05% van VenFin se B-aandele aan enige werknemer aangebied word nie.

2. Die aanbod in terme van die reëls van die skema

2.1 Die direkteure mag in hul uitsluitlike diskresie die Trustees skriftelik beveel om ’n aanbod aan ’n werknemer te maak ingevolge waarvan die werknemer die reg sal hê om aandele te koop.

2.2 Die Trustees moet ’n skriftelike aanbod aan die werknemer maak waarin die aanboddatum, die aanvaardingsdatum, die aantal aandele wat aangebied word en die koopprys van die aandele uiteengesit word. Die koopprys van die aandele sal die gemiddelde markprys wees waarteen die aandele op die JA verhandel het op die dag onmiddellik voor die aanboddatum.

2.3 ’n Werkenemer sal geregtig wees om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys en sal ’n deelnemer aan die skema word by aanvaarding van die aanbod.

2.4 ’n Deelnemer sal soos volg geregtig wees op lewering van die aandele:

2.4.1 een derde daarvan op die datum waarop die koopprys van sodanige aandele betaal word of op die derde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is;

2.4.2 ’n verdere een derde daarvan op die datum waarop die deelnemer die koopprys ten opsigte van sodanige aandele betaal of op die vierde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is;

2.4.3 die restant daarvan op die datum waarop die restant van die koopprys betaal word of die vyfde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is.

2.5 Dividendinkomste sal verdien word vanaf die datum waarop die aandele aan ’n deelnemer gelewer is.

2.6 Behoudens die bepalings aangaande die beëindiging van die diens van ’n deelnemer, sal geen deelnemer geregtig wees om sy aandele of enige gedeelte daarvan te verpand, sedeer, verkoop, aan te bied, skenk, ruil of vervreem nie tot tyd en wyl die aandele aan hom gelewer is en die kooprys daarvoor betaal is nie.

2.7 B aandele mag slegs aan die Trust verkoop word en sal aan die Trust verkoop word indien ’n deelnemer se indiensneming eindig, teen ’n prys gelykstaande aan die markwaarde van die gewone aandele of die kosprys van die B aandele, afhangende van die omstandighede van die beëindiging van die deelnemer se indiensneming.

2.8 ’n Deelnemer sal, onderhewig aan sekere terme en voorwaardes, geregtig wees om deel te neem aan enige regte-uitgifte deur die maatskappy.

3. Wysigings van die skema

3.1 Die trustakte en die reëls van die skema mag deur die direksie gewysig word, onderhewig aan die noteringsvereistes van die JA.

3.2 Geen wysiging sal die regte wat 'n deelnemer toegeval het voor sodanige wysiging, beïnvloed nie.

Hooftrekke van die Remgro Aandeleskema

1. Die trustakte

1.1 Alle werknemers (uitgesluit nie-uitvoerende direkteure) van Remgro, sy filiale en geassosieerde maatskappye kan in aanmerking kom vir deelname aan die skema. “Geassosieerde” sluit enige maatskappy in wat na die dag-tot-dag bestuur van Remgro omsien ingevolge ’n formele bestuursooreenkoms.

1.2 Die direkteure van Remgro mag nie meer as 5% van Remgro se uitgereikte gewone aandele en 1% van sy uitgereikte B-aandele toewys aan die skema nie (“skema-aandele”).

1.3 Die direkteure sal die skema-aandele aan die Trust beskikbaar stel by wyse van verkoping of inskrywing. Die Trustees sal op hulle beurt die aandele op ’n uitgestelde leweringsbasis te koop aanbied aan die werknemers wat deur die direkteure uitgekies is.

1.4 Daar mag nie meer as 0,25% van Remgro se gewone aandele of 0,05% van Remgro se B-aandele aan enige werknemer aangebied word nie.

2. Die aanbod in terme van die reëls van die skema

2.1 Die direkteure mag in hul uitsluitlike diskresie die Trustees skriftelik beveel om ’n aanbod aan ’n werknemer te maak ingevolge waarvan die werknemer die reg sal hê om aandele te koop.

2.2 Die Trustees moet ’n skriftelike aanbod aan die werknemer maak waarin die aanboddatum, die aanvaardingsdatum, die aantal aandele wat aangebied word en die koopprys van die aandele uiteengesit word. Die koopprys van die aandele sal die gemiddelde markprys wees waarteen die aandele op die JA verhandel het op die dag onmiddellik voor die aanboddatum.

2.3 ’n Werkenemer sal geregtig wees om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys en sal ’n deelnemer aan die skema word by aanvaarding van die aanbod.

2.4 ’n Deelnemer sal soos volg geregtig wees op lewering van die aandele:

2.4.1 een derde daarvan op die datum waarop die koopprys van sodanige aandele betaal word of op die derde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is;

2.4.2 ’n verdere een derde daarvan op die datum waarop die deelnemer die koopprys ten opsigte van sodanige aandele betaal of op die vierde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is;

2.4.3 die restant daarvan op die datum waarop die restant van die koopprys betaal word of die vyfde verjaarsdag van die betrokke aanboddatum, welke ookal die laatste is.

2.5 Dividendinkomste sal verdien word vanaf die datum waarop die aandele aan ’n deelnemer gelewer is.

2.6 Behoudens die bepalings aangaande die beëindiging van die diens van ’n deelnemer, sal geen deelnemer geregtig wees om sy aandele of enige gedeelte daarvan te verpand, sedeer, verkoop, aan te bied, skenk, ruil of vervreem nie tot tyd en wyl die aandele aan hom gelewer is en die kooprys daarvoor betaal is nie.

2.7 B aandele mag slegs aan die Trust verkoop word en sal aan die Trust verkoop word indien ’n deelnemer se indiensneming eindig, teen ’n prys gelykstaande aan die markwaarde van die gewone aandele of die kosprys van die B-aandele, afhangende van die omstandighede van die beëindiging van die deelnemer se indiensneming.

2.8 ’n Deelnemer sal, onderhewig aan sekere terme en voorwaardes, geregtig wees om deel te neem aan enige regte-uitgifte deur die maatskappy.

3. Wysigings van die skema

3.1 Die trustakte en die reëls van die skema mag deur die direksie gewysig word, onderhewig aan die noteringsvereistes van die JA.

3.2 Geen wysiging sal die regte wat 'n deelnemer toegeval het voor sodanige wysiging, beïnvloed nie.

Regte en verpligtinge verbonde aan die VenFin B-aandele en die Remgro B-aandele

Die VenFin B-aandele en die Remgro B-aandele sal ingevolge die maatskappye se onderskeie statute die volgende regte en verpligtinge hê:

– 'n pari-waarde van tien sent elk;

– elke B-aandeel sal in terme van artikel 195 van die Wet tien stemme dra;

– elke B-aandeel sal geregtig wees op dieselfde dividend per aandeel as 'n gewone aandeel;

– by likwidasie van die maatskappy sal elke B-aandeel geregtig wees op terugbetaling van sy pari-waarde vanuit die opbrengs van die likwidasie, maar in soverre die opbrengs van die likwidasie die bedrag benodig vir die terugbetaling van die pari-waarde van die B-aandele en die gewone aandele oorskry, sal die B-aandele dieselfde reg hê om te deel in sodanige opbrengs as die gewone aandele;

– die houers van die VenFin B-aandele sal nie geregtig wees om deel te neem aan die voorgestelde ontbondeling van VenFin se gewone aandele in Remgro nie;

– die B-aandeelhouers sal saam met die gewone aandeelhouers van die maatskappy stem in alle algemene vergaderings, behalwe waar slegs hul regte deur 'n besluit geaffekteer sal word, in welke geval hulle in 'n aparte vergadering sal stem; en

– die B-aandele sal in alle ander opsigte *pari passu* met die gewone aandele wees.

Toekenningstabel vir VenFin gewone aandele en Remgro gewone aandele

Die onderstaande tabel dui aan hoeveel VenFin- en Remgro-aandele u sal ontvang indien u 'n aandeelhouer van Rembrandt, RBB, Tegkor en/of TIB is.

Neem asseblief kennis dat:

- die getal aandele tot die naaste heelgetal afgerond is en breukdele van aandele wat ontstaan op die JA verkoop sal word teen 'n prys wat gelyk is aan die gemiddelde verhandelde prys van onderskeidelik VenFin- en Remgro-aandele op Dinsdag 26 September 2000. Die opbrengs van sodanige aandele sal aan die betrokke aandeelhouers toegeken word en tjeks ten opsigte van die opbrengs sal saam met die aandelesertifikate ten opsigte van hul VenFin en/of Remgro gewone aandele aan sodanige aandeelhouers gepos word. Indien sodanige opbrengs minder as R5,00 beloop, sal dit geag word aan Remgro verbeur te word;
- alle VenFin gewone aandeelhouers, met inbegrip van die voormalige aandeelhouers van RBB, Tegkor en TIB wat ingevolge die ontbondeling VenFin gewone aandele ontvang het, een Remgro gewone aandeel vir elke VenFin gewone aandeel wat hulle met sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000 besit, sal ontvang;
- geregtigdhede kumulatief is. Indien u 100 aandele besit in:
  - Rembrandt, u daardie 100 aandele sal behou en 100 Remgro gewone aandele sal ontvang;
  - RBB, u 74 VenFin gewone aandele en 74 Remgro gewone aandele sal ontvang;
  - Tegkor, u 64 VenFin gewone aandele en 64 Remgro gewone aandele sal ontvang;
  - TIB, u 68 VenFin gewone aandele en 68 Remgro gewone aandele sal ontvang;
- hierdie geregtigdhede bereken is slegs as aanduiding, deur gebruik te maak van 'n wisselkoersverhouding wat tien syfers na die desimale komma aandui. Die oordragsekretarisse kan gebruik maak van 'n wisselkoersverhouding met meer syfers na die desimale komma en u werklike geregtigdheid kan dus in 'n nie-wesenlike mate verskil.

RBB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	RBB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	RBB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	RBB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang
1	–	31	22	61	45	91	67
2	1	32	23	62	45	92	68
3	2	33	24	63	46	93	68
4	2	34	25	64	47	94	69
5	3	35	25	65	48	95	70
6	4	36	26	66	48	96	71
7	5	37	27	67	49	97	71
8	5	38	28	68	50	98	72
9	6	39	28	69	51	99	73
10	7	40	29	70	51	100	74
11	8	41	30	71	52	200	148
12	8	42	31	72	53	300	222
13	9	43	31	73	54	400	296
14	10	44	32	74	54	500	370
15	11	45	33	75	55	600	444
16	11	46	34	76	56	700	518
17	12	47	34	77	57	800	592
18	13	48	35	78	57	900	666
19	14	49	36	79	58	1 000	740
20	14	50	37	80	59	2 000	1 481
21	15	51	37	81	59	5 000	3 702
22	16	52	38	82	60	10 000	7 405
23	17	53	39	83	61	20 000	14 810
24	17	54	39	84	62	30 000	22 215
25	18	55	40	85	62	40 000	29 620
26	19	56	41	86	63	50 000	37 025
27	19	57	42	87	64	100 000	74 051
28	20	58	42	88	65	250 000	185 129
29	21	59	43	89	65	500 000	370 258
30	22	60	44	90	66	1 000 000	740 518

Tegkor-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	Tegkor-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	Tegkor-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	Tegkor-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang
1	–	31	20	61	39	91	59
2	1	32	20	62	40	92	59
3	1	33	21	63	40	93	60
4	2	34	22	64	41	94	61
5	3	35	22	65	42	95	61
6	3	36	23	66	42	96	62
7	4	37	24	67	43	97	63
8	5	38	24	68	44	98	63
9	5	39	25	69	44	99	64
10	6	40	25	70	45	100	64
11	7	41	26	71	46	200	129
12	7	42	27	72	46	300	194
13	8	43	27	73	47	400	259
14	9	44	28	74	48	500	324
15	9	45	29	75	48	600	389
16	10	46	29	76	49	700	454
17	11	47	30	77	50	800	519
18	11	48	31	78	50	900	584
19	12	49	31	79	51	1 000	649
20	12	50	32	80	51	2 000	1 299
21	13	51	33	81	52	5 000	3 249
22	14	52	33	82	53	10 000	6 499
23	14	53	34	83	53	20 000	12 998
24	15	54	35	84	54	30 000	19 497
25	16	55	35	85	55	40 000	25 996
26	16	56	36	86	55	50 000	32 496
27	17	57	37	87	56	100 000	64 992
28	18	58	37	88	57	250 000	162 480
29	18	59	38	89	57	500 000	324 961
30	19	60	38	90	58	1 000 000	649 922

TIB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	TIB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	TIB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang	TIB-aandele besit	VenFin en Remgro-aandele ontvang
1	–	31	21	61	42	91	62
2	1	32	22	62	42	92	63
3	2	33	22	63	43	93	64
4	2	34	23	64	44	94	64
5	3	35	24	65	44	95	65
6	4	36	24	66	45	96	66
7	4	37	25	67	46	97	66
8	5	38	26	68	46	98	67
9	6	39	26	69	47	99	68
10	6	40	27	70	48	100	68
11	7	41	28	71	48	200	137
12	8	42	28	72	49	300	206
13	8	43	29	73	50	400	275
14	9	44	30	74	50	500	344
15	10	45	31	75	51	600	413
16	11	46	31	76	52	700	482
17	11	47	32	77	53	800	551
18	12	48	33	78	53	900	620
19	13	49	33	79	54	1 000	689
20	13	50	34	80	55	2 000	1 378
21	14	51	35	81	55	5 000	3 445
22	15	52	35	82	56	10 000	6 890
23	15	53	36	83	57	20 000	13 780
24	16	54	37	84	57	30 000	20 671
25	17	55	37	85	58	40 000	27 561
26	17	56	38	86	59	50 000	34 452
27	18	57	39	87	59	100 000	68 904
28	19	58	39	88	60	250 000	172 260
29	19	59	40	89	61	500 000	344 520
30	20	60	41	90	62	1 000 000	689 040

Rembrandt Beherende Beleggings Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1952/000002/06)
("RBB" of "die maatskappy")

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die nege-en-veertigste algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Donderdag 21 September 2000 om 09:00 in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch, gehou word om:

1. die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 te oorweeg en goed te keur;

2. die direkteursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar vas te stel;

3. direkteure te kies in die plek van mnre G D de Jager, J W Dreyer, D M Falck, J Malherbe, E Molobi en Johann Rupert wat kragtens die bepalings van die statute aftree. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar;

4. die volgende gewone en spesiale besluite te oorweeg, en indien goedgevind dit met of sonder wysiging aan te neem:

4.1 Gewone besluit nommer 1

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt") van 31 955 717 B-aandele aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk ("Rembrandt Trust") onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Rembrandt en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.2 Gewone besluit nommer 2

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt S.A. Beperk ("Remsa") van 35 506 352 B-aandele aan Rembrandt Trust onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Remsa en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.3 Spesiale besluit nommer 1

"BESLUIT DAT in terme van artikels 56 en 62 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Wet"), en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit, die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang word met die akte van oprigting en statute wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasie doeleindes geteken is."

Die akte van oprigting en statute lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 1

Spesiale besluit nommer 1 word voorgestel ten einde die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy te vervang met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute. Die effek van spesiale besluit nommer 1 sal wees dat die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang sal word met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute.

4.4 Gewone besluit nommer 3

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1, die maatskappy:

(i) in terme van artikel 90 van die Wet, al sy aandele in Rembrandt Groep Beperk oordra aan sy aandeelhouers wat as sodanig geregistreer sal wees met die sluiting van verhandeling op die Johannesburgse Aandelebeurs op 22 September 2000, *pro rata* tot hul aandeelhouding in die maatskappy; en

(ii) die herstrukturering soos beskryf in hierdie omsendskrywe goedkeur."

Die direkteure is van mening dat na afloop van die oordrag:

– die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak; en

– die gekonsolideerde bates van die maatskappy, billik gewaardeer ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy.

4.5 Gewone besluit nommer 4

"BESLUIT DAT die notering van die maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs beëindig word met effek vanaf die sluiting van verhandeling op 22 September 2000."

4.6 Spesiale besluit nommer 2

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1 en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit:

(i) 213 982 050 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy, wat gehou word deur die aandeelhouers van die maatskappy anders dan Tegniese Beleggingskorporasie Beperk, hiermee omskep word in terme van artikel 75(1)(i) van die Wet gelees met artikels 98 en 99 van die Wet, in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk, welke aflosbare voorkeuraandele die regte, soos uiteengesit in die statute van die maatskappy, sal hê; en dat

(ii) na afloop van die omskepping, die 213 982 050 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy hiermee deur die maatskappy afgelos word teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 2

Spesiale besluit nommer 2 word voorgestel ten einde voorsiening te maak vir die omskepping van 213 982 050 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent en, na afloop van die omskepping, sal die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy bestaan uit 213 982 050 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 146 017 950 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Na die omskepping word die aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy afgelos teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling. Na afloop van die aflossing bestaan die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy uit 213 982 050 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 146 017 950 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy uit 146 017 950 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Die effek van spesiale besluit nommer 2 sal wees dat 213 982 050 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy omskep word in 213 982 050 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en dat die 213 982 050 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy onmiddelik daarna afgelos word deur die maatskappy teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling;

5. enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en spesiale besluit nommer 2 is onderhewig aan die opskortende voorwaarde dat die aandeelhouers van Tegniese Beleggingskorporasie Beperk, Tegniese en Industriële Beleggings Beperk en Rembrandt Groep Beperk besluite aanvaar op hul onderskeie algemene jaarvergaderings ingevolge waarvan hulle die hele herstrukturering soos beskryf in die omsendskrywe aan aandeelhouers goedkeur.

Die redes vir en effek van die spesiale besluite in hierdie kennisgewing aan aandeelhouers word in meer detail bespreek in die omsendskrywe waarvan hierdie kennisgewing aan aandeelhouers deel uitmaak.

'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem, het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon, te praat en by 'n stemming by wyse van stembriefies te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

J C Engelbrecht
Sekretaris

Stellenbosch
30 Augustus 2000

Rembrandt Beherende Beleggings Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1952/000002/06)
("die maatskappy")

Volmagvorm

Vir gebruik deur aandeelhouers van die maatskappy ("lid") by die nege-en-veertigste Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat om 09:00 op Donderdag 21 September 2000 in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch gehou word ("die Algemene Jaarvergadering").

Ek/Ons _____

synde die houer/s van [ ] gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (sien instruksie 1 op keersy):

1. _____ of indien nie hy/sy nie,

2. _____ of indien nie hy/sy nie,

3. die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

aan as my/ons volmag om namens my/ons die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy of enige verdaging daarvan by te woon en soos volg daarop te praat en te stem of buite stemming te bly (sien aantekening 2 en instruksie 2 op die keersy):

	Voeg 'n "X" of die getal uitoefenbare stemme in (een stem per aandeel)		
	Ten gunste van	**Teen**	**Buite stemming**
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteursvergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
4.1 Gewone besluit nommer 1			
4.2 Gewone besluit nommer 2			
4.3 Spesiale besluit nommer 1			
4.4 Gewone besluit nommer 3			
4.5 Gewone besluit nommer 4			
4.6 Spesiale besluit nommer 2			

Onderteken te _____ op _____ 2000

Handtekening/e _____

Bygestaan deur my _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en instruksies op die keersy.

Aantekeninge:

1. 'n Lid wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om dit namens hom/haar by te woon en daarop te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid wat die Algemene Jaarvergadering persoonlik of by volmag bywoon en geregtig is om daarop te stem, sal by die opsteek van hande slegs een stem hê, ongeag die getal aandele wat sodanige lid besit, maar in geval van 'n stemming met stembriewe sal elke gewone aandeel in die maatskappy oor een stem beskik.

Instruksies aangaande die ondertekening en indiening van die volmagvorm:

1. 'n Lid kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolgmagtigdes volgens die lid se keuse in die spasie/s wat op die keersy voorsien word, invul met of sonder deurhaling van "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie nie ingevul word nie, sal die volmag deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om ter uitsluiting van diegene wie se name daarna volg, as gevolmagtigde op te tree.

2. 'n Lid se steminstruksies aan die gevolmagtigde moet aangetoon word deur 'n "X" of andersins die getal stemme wat deur die lid uitgebring kan word, in die toepaslike spasies wat op die keersy voorsien word, aan te bring. Versuim om dit te doen, sal beskou word as 'n magtiging aan die gevolmagtigde om tydens die Algemene Jaarvergadering na goeddunke ten opsigte van al die lid se uitoefenbare stemme te stem of buite stemming te bly. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur hom/haar of sy/haar gevolmagtigde uitgebring kan word, te gebruik nie, maar die totale getal stemme wat uitgebring word, of dié ten opsigte waarvan buite stemming gebly word, mag nie meer wees as die totale getal stemme wat deur die lid of sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word nie.

3. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word tensy die betrokke dokumentasie ter stawing van sy/haar handelsbevoegdheid, voorgelê word of deur die oordragsekretarisse geregistreer is.

4. Ten einde geldig te wees, moet volmagvorms ingedien word by die maatskappy se oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, op die 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika of aan die oordragsekretarisse gepos word na Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, sodat dit teen nie later nie as 09:00 op Dinsdag 19 September 2000 ontvang word.

5. Dokumentêre bewys ter stawing van die magtiging van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word tensy dit reeds deur die oordragsekretarisse aangeteken is of deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering ter syde gestel word.

6. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke lid daarvan weerhou om, indien sodanige lid verkies om dit te doen, ter uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, die Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon en daartydens te praat of te stem nie.

7. Die voltooiing van enige oningevulde spasie op die keersy hoef nie geparafeer te word nie. Enige verandering of korreksies op hierdie volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

8. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering kan enige volmagvorm wat nie ooreenkomstig hierdie instruksies ingevul is nie, aanvaar met dien verstande dat die Voorsitter hom vergewis het van die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.

Rembrandt Beherende Beleggings Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1952/000002/06)
("RBB" of "die maatskappy")

Inleweringsvorm

Vir aandelesertifikate of ander titeldokumente van aandele vir die doeleindes van die uitreiking van nuwe sertifikate ten opsigte van aandele in VenFin Beperk en Remgro Beperk.

Instruksies:

1. Deel 1 moet deur ALLE aandeelhouers voltooi word.
2. Deel 2 moet deur alle emigrante uit die gemeenskaplike monetêre gebied voltooi word.
3. 'n Afsonderlike inleweringsvorm word vir elke aandeelhouer vereis.

Aantekeninge:

1. Indien hierdie inleweringsvorm voor die implementering van die herstrukturering saam met die betrokke titeldokumente terugbesorg word, sal dit as 'n voorwaardelike inleweringsvorm hanteer word wat onderhewig sal wees aan die implementering van die herstrukturering (waarvan besonderhede uiteengesit word in die omsendskrywe waarby hierdie vorm aangeheg is). Indien die herstrukturering om welke rede ook al nie geïmplementeer word nie, sal die oordragsekretarisse die titeldokumente binne vyf sakedae na die datum waarop dit bekend word dat die herstrukturering nie geïmplementeer is nie per geregistreerde pos op die risiko van die betrokke aandeelhouers aan sodanige aandeelhouers terugbesorg of, indien sodanige instruksies van die betrokke aandeelhouer ontvang is, die aandelesertifikaat hou vir afhaling deur die aandeelhouer.
2. Persone wat na 30 Augustus 2000, die uitreikingsdatum van die omsendskrywe waarby hierdie inleweringsvorm aangeheg is, aandele in die maatskappy verkry het, kan afskrifte van die inleweringsvorm en die omsendskrywe bekom by die oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107).
3. Aandeelhouers se nuwe sertifikate sal op Donderdag 28 September 2000 per geregistreerde pos op die risiko van sodanige aandeelhouers aan hulle gepos word tensy hulle emigrante is, in welke geval dit aan hulle gemagtigde handelaar gepos sal word indien hulle titeldokumente teen sakesluiting op Vrydag 22 September 2000 ingelewer is of, indien dit daarna ingelewer word, binne vyf sakedae na die inlewering van hulle titeldokumente, welke ook al die laatste is. Aandeelhouers kan versoek dat die aandelesertifikate deur die oordragsekretarisse gehou word vir afhaling by hulle kantore.

HIERDIE VORM MOET DEUR ALLE AANDEELHOUERS VOLTOOI WORD EN GESTUUR WORD AAN:

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

DEEL 1 – Moet voltooi word deur **ALLE** aandeelhouers wat hierdie vorm terugbesorg.

Van of Naam van korporatiewe liggaam

Voorname (volledig)

Titel (Mnr, Mev, Mej, Me, ens.)

Adres waarheen nuwe aandelesertifikaat gestuur moet word (indien anders as geregistreerde adres)

Poskode

Land

OF: Ek wil my nuwe aandelesertifikaat by die oordragsekretarisse se kantoor afhaal.

Ek/Ons lewer en sluit die ondergenoemde titeldokumente hierby in:

Titeldokument

Sertifikaatnommer(s)	Getal aandele wat deur elke sertifikaat gedek word
Totaal	

Handtekening van lid	Stempel en adres van agent wat dié vorm inlewer (indien enige)
Bygestaan deur (indien van toepassing)	
Meld volle name en hoedanigheid	
Datum 2000	
Telefoonnommer (tuis) ( )	
Telefoonnommer (werk) ( )	

DEEL 2 – Moet voltooi word deur alle emigrante uit en nie-inwoners van die gemeenskaplike monetêre gebied (sien aantekeninge 1 en 2 hieronder).

Naam van gemagtigde handelaar

Adres

Rekeningnommer

Aantekeninge:

1. Geen kwitansies sal uitgereik word vir dokumente wat ingelewer is nie, tensy andersins versoek word. Ter voldoening aan die vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA") word indieningsagente versoek om spesiale transaksiekwitansies op te stel. Daar kan 'n beroep op ondertekenaars gedoen word om bewys te lewer van die magtiging waarvolgens of hoedanigheid waarin hulle die vorm onderteken.
2. Enige veranderings aan hierdie inleweringsvorm moet volledig onderteken en nie geparafeer word nie.
3. Indien hierdie inleweringsvorm kragtens 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan vir noteringsdoeleindes saam met hierdie vorm gestuur word (tensy dit reeds deur die maatskappy or sy oordragsekretarisse genoteer is).
4. Indien die aandeelhouer 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se besluit waarvolgens die ondertekening van die inleweringsvorm gemagtig word ingedien word indien die maatskappy dit versoek, tensy dit reeds by die maatskappy of sy oordragsekretarisse geregistreer is.
5. Aantekening 4 hierbo is nie van toepassing indien die vorm 'n stempel van 'n makelaarslid van die JA dra nie.
6. Indien daar medehouers van enige aandele is, hoef slegs die aandeelhouer wie se naam ten opsigte van sodanige aandele eerste in die register verskyn, die inleweringsvorm te teken.

Tegniese Beleggingskorporasie Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1946/020656/06)
("Tegkor" of "die maatskappy")

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die vier-en-vyftigste algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Donderdag 21 September 2000 om 09:40, of onmiddellik na afloop van die algemene jaarvergadering van Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch, gehou word om:

1. die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 te oorweeg en goed te keur;

2. die direkteursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar vas te stel;

3. direkteure te kies in die plek van mnre M J Roux, J A Rupert en John P Rupert wat kragtens die bepalings van die statute aftree. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar;

4. die volgende gewone en spesiale besluite te oorweeg, en indien goedgevind dit met of sonder wysiging aan te neem:

4.1 Gewone besluit nommer 1

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt") van 31 955 717 B-aandele aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk ("Rembrandt Trust") onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Rembrandt en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.2 Gewone besluit nommer 2

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt S.A. Beperk ("Remsa") van 35 506 352 B-aandele aan Rembrandt Trust onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Remsa en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.3 Spesiale besluit nommer 1

"BESLUIT DAT in terme van artikels 56 en 62 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Wet"), en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit, die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang word met die akte van oprigting en statute wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasie doeleindes geteken is."

Die akte van oprigting en statute lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 1

Spesiale besluit nommer 1 word voorgestel ten einde die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy te vervang met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute. Die effek van spesiale besluit nommer 1 sal wees dat die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang sal word met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute.

4.4 Gewone besluit nommer 3

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1, die maatskappy:

(i) in terme van artikel 90 van die Wet, al sy aandele in Rembrandt Groep Beperk oordra aan sy aandeelhouers wat as sodanig geregistreer sal wees met die sluiting van verhandeling op die

Johannesburgse Aandelebeurs op 22 September 2000, *pro rata* tot hul aandeelhouding in die maatskappy; en

(ii) die herstrukturering soos beskryf in hierdie omsendskrywe goedkeur."

Die direkteure is van mening dat na afloop van die oordrag:

– die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak; en

– die gekonsolideerde bates van die maatskappy, billik gewaardeer ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy.

4.5 Gewone besluit nommer 4

"BESLUIT DAT die notering van die maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs beëindig word met effek vanaf die sluiting van verhandeling op 22 September 2000."

4.6 Spesiale besluit nommer 2

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1 en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit:

(i) 65 904 800 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy, wat gehou word deur die aandeelhouers van die maatskappy, anders dan Tegniese en Industriële Beleggings Beperk, hiermee omskep word in terme van artikel 75(1)(i) van die Wet gelees met artikels 98 en 99 van die Wet, in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk, welke aflosbare voorkeuraandele die regte, soos uiteengesit in die statute van die maatskappy, sal hê; en dat

(ii) na afloop van die omskepping, die 65 904 800 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy hiermee deur die maatskappy afgelos word teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 2

Spesiale besluit nommer 2 word voorgestel ten einde voorsiening te maak vir die omskepping van 65 904 800 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent en, na afloop van die omskepping, sal die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy bestaan uit 65 904 800 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 100 536 400 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Na die omskepping word die aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy afgelos teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling. Na afloop van die aflossing bestaan die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy uit 65 904 800 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 100 536 400 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy uit 100 536 400 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Die effek van spesiale besluit nommer 2 sal wees dat 65 904 800 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy omskep word in 65 904 800 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en dat die 65 904 800 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy onmiddelik daarna afgelos word deur die maatskappy teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling;

5. enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en spesiale besluit nommer 2 is onderhewig aan die opskortende voorwaarde dat die aandeelhouers van Rembrandt Beherende Beleggings, Tegniese en Industriële Beleggings Beperk en Rembrandt Groep Beperk besluite aanvaar op hul onderskeie algemene jaarvergaderings ingevolge waarvan hulle die hele herstrukturering soos beskryf in die omsendskrywe aan aandeelhouers goedkeur.

Die redes vir en die effek van die spesiale besluit in hierdie kennisgewing aan aandeelhouers word in meer detail bespreek in die omsendskrywe waarvan hierdie kennisgewing aan aandeelhouers deel uitmaak.

'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem, het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon, te praat en by 'n stemming by wyse van stembriefies te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van Tegkor te wees nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

J C Engelbrecht
Sekretaris

30 Augustus 2000

Tegniese Beleggingskorporasie Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1946/020656/06)
("die maatskappy")

Volmagvorm

Vir gebruik deur aandeelhouers van die maatskappy ("lid") by die vier-en-vyftigste Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat op Donderdag 21 September 2000 om 09:40, of onmiddellik na afloop van dit algemene jaarvergadering van Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch gehou word ("die Algemene Jaarvergadering").

Ek/Ons

synde die houer/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (sien instruksie 1 op keersy):

1. _____ of indien nie hy/sy nie,

2. _____ of indien nie hy/sy nie,

3. die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

aan as my/ons volmag om namens my/ons die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy of enige verdaging daarvan by te woon en soos volg daarop te praat en te stem of buite stemming te bly (sien aantekening 2 en instruksie 2 op die keersy):

	Voeg 'n "X" of die getal uitoefenbare stemme in (een stem per aandeel)		
	Ten gunste van	**Teen**	**Buite stemming**
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteursvergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
4.1 Gewone besluit nommer 1			
4.2 Gewone besluit nommer 2			
4.3 Spesiale besluit nommer 1			
4.4 Gewone besluit nommer 3			
4.5 Gewone besluit nommer 4			
4.6 Spesiale besluit nommer 2			

Onderteken te _____ op _____ 2000

Handtekening/e _____

Bygestaan deur my _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en instruksies op die keersy.

Aantekeninge:

1. 'n Lid wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om dit namens hom/haar by te woon en daarop te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid wat die Algemene Jaarvergadering persoonlik of by volmag bywoon en geregtig is om daarop te stem, sal by die opsteek van hande slegs een stem hê, ongeag die getal aandele wat sodanige lid besit, maar in geval van 'n stemming met stembriewe sal elke gewone aandeel in die maatskappy oor een stem beskik.

Instruksies aangaande die ondertekening en indiening van die volmagvorm:

1. 'n Lid kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolgmagtigdes volgens die lid se keuse in die spasie/s wat op die keersy voorsien word, invul met of sonder deurhaling van "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie nie ingevul word nie, sal die volmag deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om ter uitsluiting van diegene wie se name daarna volg, as gevolmagtigde op te tree.

2. 'n Lid se steminstruksies aan die gevolmagtigde moet aangetoon word deur 'n "X" of andersins die getal stemme wat deur die lid uitgebring kan word, in die toepaslike spasies wat op die keersy voorsien word, aan te bring. Versuim om dit te doen, sal beskou word as 'n magtiging aan die gevolmagtigde om tydens die Algemene Jaarvergadering na goeddunke ten opsigte van al die lid se uitoefenbare stemme te stem of buite stemming te bly. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur hom/haar of sy/haar gevolmagtigde uitgebring kan word, te gebruik nie, maar die totale getal stemme wat uitgebring word, of dié ten opsigte waarvan buite stemming gebly word, mag nie meer wees as die totale getal stemme wat deur die lid of sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word nie.

3. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word tensy die betrokke dokumentasie ter stawing van sy/haar handelsbevoegdheid, voorgelê word of deur die oordragsekretarisse geregistreer is.

4. Ten einde geldig te wees, moet volmagvorms ingedien word by die maatskappy se oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, op die 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika of aan die oordragsekretarisse gepos word na Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, sodat dit teen nie later nie as 09:40 op Dinsdag 19 September 2000 ontvang word.

5. Dokumentêre bewys ter stawing van die magtiging van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word tensy dit reeds deur die oordragsekretarisse aangeteken is of deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering ter syde gestel word.

6. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke lid daarvan weerhou om, indien sodanige lid verkies om dit te doen, ter uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, die Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon en daartydens te praat of te stem nie.

7. Die voltooiing van enige oningevulde spasie op die keersy hoef nie geparafeer te word nie. Enige verandering of korreksies op hierdie volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

8. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering kan enige volmagvorm wat nie ooreenkomstig hierdie instruksies ingevul is nie, aanvaar met dien verstande dat die Voorsitter hom vergewis het van die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.

Tegniese Beleggingskorporasie Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1946/020656/06)
("TBB" of "die maatskappy")

Inleweringsvorm

Vir aandelesertifikate of ander titeldokumente van aandele vir die doeleindes van die uitreiking van nuwe sertifikate ten opsigte van aandele in VenFin Beperk en Remgro Beperk.

Instruksies:

1. Deel 1 moet deur ALLE aandeelhouers voltooi word.
2. Deel 2 moet deur alle emigrante uit die gemeenskaplike monetêre gebied voltooi word.
3. 'n Afsonderlike inleweringsvorm word vir elke aandeelhouer vereis.

Aantekeninge:

1. Indien hierdie inleweringsvorm voor die implementering van die herstrukturering saam met die betrokke titeldokumente terugbesorg word, sal dit as 'n voorwaardelike inleweringsvorm hanteer word wat onderhewig sal wees aan die implementering van die herstrukturering (waarvan besonderhede uiteengesit word in die omsendskrywe waarby hierdie vorm aangeheg is). Indien die herstrukturering om welke rede ook al nie geïmplementeer word nie, sal die oordragsekretarisse die titeldokumente binne vyf sakedae na die datum waarop dit bekend word dat die herstrukturering nie geïmplementeer is nie per geregistreerde pos op die risiko van die betrokke aandeelhouers aan sodanige aandeelhouers terugbesorg of, indien sodanige instruksies van die betrokke aandeelhouer ontvang is, die aandelesertifikaat hou vir afhaling deur die aandeelhouer.
2. Persone wat na 30 Augustus 2000, die uitreikingsdatum van die omsendskrywe waarby hierdie inleweringsvorm aangeheg is, aandele in die maatskappy verkry het, kan afskrifte van die inleweringsvorm en die omsendskrywe bekom by die oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107).
3. Aandeelhouers se nuwe sertifikate sal op Donderdag 28 September 2000 per geregistreerde pos op die risiko van sodanige aandeelhouers aan hulle gepos word tensy hulle emigrante is, in welke geval dit aan hulle gemagtigde handelaar gepos sal word indien hulle titeldokumente teen sakesluiting op Vrydag 22 September 2000 ingelewer is of, indien dit daarna ingelewer word, binne vyf sakedae na die inlewering van hulle titeldokumente, welke ook al die laatste is. Aandeelhouers kan versoek dat die aandelesertifikate deur die oordragsekretarisse gehou word vir afhaling by hulle kantore.

HIERDIE VORM MOET DEUR ALLE AANDEELHOUERS VOLTOOI WORD EN GESTUUR WORD AAN:

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

DEEL 1 – Moet voltooi word deur **ALLE** aandeelhouers wat hierdie vorm terugbesorg.

Van of Naam van korporatiewe liggaam

Voorname (volledig)

Titel (Mnr, Mev, Mej, Me, ens.)

Adres waarheen nuwe aandelesertifikaat gestuur moet word (indien anders as geregistreerde adres)

Poskode

Land

OF: Ek wil my nuwe aandelesertifikaat by die oordragsekretarisse se kantoor afhaal.

Ek/Ons lewer en sluit die ondergenoemde titeldokumente hierby in:

Titeldokument

Sertifikaatnommer(s)	Getal aandele wat deur elke sertifikaat gedek word
Totaal	

Handtekening van lid	Stempel en adres van agent wat dié vorm inlewer (indien enige)
Bygestaan deur (indien van toepassing)	
Meld volle name en hoedanigheid	
Datum 2000	
Telefoonnommer (tuis)	
Telefoonnommer (werk)	

DEEL 2 – Moet voltooi word deur alle emigrante uit en nie-inwoners van die gemeenskaplike monetêre gebied (sien aantekeninge 1 en 2 hieronder).

Naam van gemagtigde handelaar

Adres

Rekeningnommer

Aantekeninge:

1. Geen kwitansies sal uitgereik word vir dokumente wat ingelewer is nie, tensy andersins versoek word. Ter voldoening aan die vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA") word indieningsagente versoek om spesiale transaksiekwitansies op te stel. Daar kan 'n beroep op ondertekenaars gedoen word om bewys te lewer van die magtiging waarvolgens of hoedanigheid waarin hulle die vorm onderteken.
2. Enige veranderings aan hierdie inleweringsvorm moet volledig onderteken en nie geparafeer word nie.
3. Indien hierdie inleweringsvorm kragtens 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan vir noteringsdoeleindes saam met hierdie vorm gestuur word (tensy dit reeds deur die maatskappy or sy oordragsekretarisse genoteer is).
4. Indien die aandeelhouer 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se besluit waarvolgens die ondertekening van die inleweringsvorm gemagtig word ingedien word indien die maatskappy dit versoek, tensy dit reeds by die maatskappy of sy oordragsekretarisse geregistreer is.
5. Aantekening 4 hierbo is nie van toepassing indien die vorm 'n stempel van 'n makelaarslid van die JA dra nie.
6. Indien daar medehouers van enige aandele is, hoef slegs die aandeelhouer wie se naam ten opsigte van sodanige aandele eerste in die register verskyn, die inleweringsvorm te teken.

Tegniese en Industriële Beleggings Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1943/015859/06)
("TIB" of "die maatskappy")

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die sewe-en-vyftigste algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Donderdag 21 September 2000 om 09:50, of onmiddellik na afloop van die algemene jaarvergadering van Tegniese Beleggingskorporasie Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch, gehou word om:

1. die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 te oorweeg en goed te keur;

2. die direkteursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar vas te stel;

3. direkteure te kies in die plek van mnre M J Roux, J A Rupert en John P Rupert wat kragtens die bepalings van die statute aftree. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar;

4. die volgende gewone en spesiale besluite te oorweeg, en indien goedgevind dit met of sonder wysiging aan te neem:

4.1 Gewone besluit nommer 1

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt") van 31 955 717 B-aandele aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk ("Rembrandt Trust") onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Rembrandt en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.2 Gewone besluit nommer 2

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt S.A. Beperk ("Remsa") van 35 506 352 B-aandele aan Rembrandt Trust onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Remsa en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.3 Spesiale besluit nommer 1

"BESLUIT DAT in terme van artikels 56 en 62 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Wet"), en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit, die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang word met die akte van oprigting en statute wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasie doeleindes geteken is."

Die akte van oprigting en statute lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 1

Spesiale besluit nommer 1 word voorgestel ten einde die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy te vervang met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute. Die effek van spesiale besluit nommer 1 sal wees dat die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang sal word met 'n nuwe akte van oprigting en nuwe statute.

4.4 Gewone besluit nommer 3

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1, die maatskappy:

(i) in terme van artikel 90 van die Wet, al sy aandele in Rembrandt Groep Beperk oordra aan sy aandeelhouers wat as sodanig geregistreer sal wees met die sluiting van verhandeling op die Johannesburgse Aandelebeurs op 22 September 2000, *pro rata* tot hul aandeelhouding in die maatskappy; en

(ii) die herstrukturering soos beskryf in hierdie omsendskrywe goedkeur."

Die direkteure is van mening dat na afloop van die oordrag:

– die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak; en

– die gekonsolideerde bates van die maatskappy, billik gewaardeer ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy.

4.5 Gewone besluit nommer 4

"BESLUIT DAT die notering van die maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs beëindig word met effek vanaf die sluiting van verhandeling op 22 September 2000."

4.6 Spesiale besluit nommer 2

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 1 en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit:

(i) 73 254 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy, wat gehou word deur die aandeelhouers van die maatskappy, anders dan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk, hiermee omskep word in terme van artikel 75(1)(i) van die Wet gelees met artikels 98 en 99 van die Wet, in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk, welke aflosbare voorkeuraandele die regte, soos uiteengesit in die statute van die maatskappy, sal hê; en dat

(ii) na afloop van die omskepping, die 73 254 500 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy hiermee deur die maatskappy, afgelos word teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 2

Spesiale besluit nommer 2 word voorgestel ten einde voorsiening te maak vir die omskepping van 73 254 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy in aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent en, na afloop van die omskepping, sal die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy bestaan uit 73 254 500 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 58 754 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Na die omskepping word die aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy afgelos teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling. Na afloop van die aflossing bestaan die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy uit 73 254 500 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 58 745 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy uit 58 745 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk.

Die effek van spesiale besluit nommer 2 sal wees dat 73 254 500 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy omskep word in 73 254 500 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk en dat die 73 254 500 aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy onmiddelik daarna afgelos word deur die maatskappy teen hul pari-waarde uit die winste van die maatskappy beskikbaar vir verdeling;

5. enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 4 en spesiale besluit nommer 2 is onderhewig aan die opskortende voorwaarde dat die aandeelhouers van Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, Tegniese Beleggingskorporasie Beperk en Rembrandt Groep Beperk besluite aanvaar op hul onderskeie algemene jaarvergaderings ingevolge waarvan hulle die hele herstrukturering soos beskryf in die omsendskrywe aan aandeelhouers goedkeur.

Die redes vir en effek van die spesiale besluite in hierdie kennisgewing van aandeelhouers word in meer detail bespreek in die omsendskrywe waarvan hierdie kennisgewing aan aandeelhouers deel uitmaak.

'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem, het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon, te praat en by 'n stemming by wyse van stembriefies te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van TIB te wees nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

J C Engelbrecht
Sekretaris

Stellenbosch
30 Augustus 2000

Tegniese en Industriële Beleggings Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1943/015859/06)
("die maatskappy")

Volmagvorm

Vir gebruik deur aandeelhouers van die maatskappy ("lid") by die sewe-en-vyftigste Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat op Donderdag 21 September 2000 om 09:50, of onmiddellik na afloop van die algemene jaarvergadering van Tegniese Beleggingskorporasie Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch gehou word ("die Algemene Jaarvergadering").

Ek/Ons

synde die houer/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (sien instruksie 1 op keersy):

1. _____ of indien nie hy/sy nie,

2. _____ of indien nie hy/sy nie,

3. die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

aan as my/ons volmag om namens my/ons die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy of enige verdaging daarvan by te woon en soos volg daarop te praat en te stem of buite stemming te bly (sien aantekening 2 en instruksie 2 op die keersy):

	Voeg 'n "X" of die getal uitoefenbare stemme in (een stem per aandeel)		
	Ten gunste van	**Teen**	**Buite stemming**
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteursvergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
4.1 Gewone besluit nommer 1			
4.2 Gewone besluit nommer 2			
4.3 Spesiale besluit nommer 1			
4.4 Gewone besluit nommer 3			
4.5 Gewone besluit nommer 4			
4.6 Spesiale besluit nommer 2			

Onderteken te _____ op _____ 2000

Handtekening/e _____

Bygestaan deur my _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en instruksies op die keersy.

Aantekeninge:

1. 'n Lid wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om dit namens hom/haar by te woon en daarop te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid wat die Algemene Jaarvergadering persoonlik of by volmag bywoon en geregtig is om daarop te stem, sal by die opsteek van hande slegs een stem hê, ongeag die getal aandele wat sodanige lid besit, maar in geval van 'n stemming met stembriewe sal elke gewone aandeel in die maatskappy oor een stem beskik.

Instruksies aangaande die ondertekening en indiening van die volmagvorm:

1. 'n Lid kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolgmagtigdes volgens die lid se keuse in die spasie/s wat op die keersy voorsien word, invul met of sonder deurhaling van "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie nie ingevul word nie, sal die volmag deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om ter uitsluiting van diegene wie se name daarna volg, as gevolmagtigde op te tree.

2. 'n Lid se steminstruksies aan die gevolmagtigde moet aangetoon word deur 'n "X" of andersins die getal stemme wat deur die lid uitgebring kan word, in die toepaslike spasies wat op die keersy voorsien word, aan te bring. Versuim om dit te doen, sal beskou word as 'n magtiging aan die gevolmagtigde om tydens die Algemene Jaarvergadering na goeddunke ten opsigte van al die lid se uitoefenbare stemme te stem of buite stemming te bly. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur hom/haar of sy/haar gevolmagtigde uitgebring kan word, te gebruik nie, maar die totale getal stemme wat uitgebring word, of dié ten opsigte waarvan buite stemming gebly word, mag nie meer wees as die totale getal stemme wat deur die lid of sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word nie.

3. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word tensy die betrokke dokumentasie ter stawing van sy/haar handelsbevoegdheid, voorgelê word of deur die oordragsekretarisse geregistreer is.

4. Ten einde geldig te wees, moet volmagvorms ingedien word by die maatskappy se oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, op die 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika of aan die oordragsekretarisse gepos word na Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, sodat dit teen nie later nie as 09:50 op Dinsdag 19 September 2000 ontvang word.

5. Dokumentêre bewys ter stawing van die magtiging van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word tensy dit reeds deur die oordragsekretarisse aangeteken is of deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering ter syde gestel word.

6. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke lid daarvan weerhou om, indien sodanige lid verkies om dit te doen, ter uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, die Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon en daartydens te praat of te stem nie.

7. Die voltooiing van enige oningevulde spasie op die keersy hoef nie geparafeer te word nie. Enige verandering of korreksies op hierdie volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

8. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering kan enige volmagvorm wat nie ooreenkomstig hierdie instruksies ingevul is nie, aanvaar met dien verstande dat die Voorsitter hom vergewis het van die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.

Tegniese en Industriële Beleggings Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1943/015859/06)
("TIB" of "die maatskappy")

Inleweringsvorm

Vir aandelesertifikate of ander titeldokumente van aandele vir die doeleindes van die uitreiking van nuwe sertifikate ten opsigte van aandele in VenFin Beperk en Remgro Beperk.

Instruksies:

1. Deel 1 moet deur ALLE aandeelhouers voltooi word.
2. Deel 2 moet deur alle emigrante uit die gemeenskaplike monetêre gebied voltooi word.
3. 'n Afsonderlike inleweringsvorm word vir elke aandeelhouer vereis.

Aantekeninge:

1. Indien hierdie inleweringsvorm voor die implementering van die herstrukturering saam met die betrokke titeldokumente terugbesorg word, sal dit as 'n voorwaardelike inleweringsvorm hanteer word wat onderhewig sal wees aan die implementering van die herstrukturering (waarvan besonderhede uiteengesit word in die omsendskrywe waarby hierdie vorm aangeheg is). Indien die herstrukturering om welke rede ook al nie geïmplementeer word nie, sal die oordragsekretarisse die titeldokumente binne vyf sakedae na die datum waarop dit bekend word dat die herstrukturering nie geïmplementeer is nie per geregistreerde pos op die risiko van die betrokke aandeelhouers aan sodanige aandeelhouers terugbesorg of, indien sodanige instruksies van die betrokke aandeelhouer ontvang is, die aandelesertifikaat hou vir afhaling deur die aandeelhouer.
2. Persone wat na 30 Augustus 2000, die uitreikingsdatum van die omsendskrywe waarby hierdie inleweringsvorm aangeheg is, aandele in die maatskappy verkry het, kan afskrifte van die inleweringsvorm en die omsendskrywe bekom by die oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107).
3. Aandeelhouers se nuwe sertifikate sal op Donderdag 28 September 2000 per geregistreerde pos op die risiko van sodanige aandeelhouers aan hulle gepos word tensy hulle emigrante is, in welke geval dit aan hulle gemagtigde handelaar gepos sal word indien hulle titeldokumente teen sakesluiting op Vrydag 22 September 2000 ingelewer is of, indien dit daarna ingelewer word, binne vyf sakedae na die inlewering van hulle titeldokumente, welke ook al die laatste is. Aandeelhouers kan versoek dat die aandelesertifikate deur die oordragsekretarisse gehou word vir afhaling by hulle kantore.

HIERDIE VORM MOET DEUR ALLE AANDEELHOUERS VOLTOOI WORD EN GESTUUR WORD AAN:

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

DEEL 1 – Moet voltooi word deur **ALLE** aandeelhouers wat hierdie vorm terugbesorg.

Van of Naam van korporatiewe liggaam

Voorname (volledig)

Titel (Mnr, Mev, Mej, Me, ens).

Adres waarheen nuwe aandelesertifikaat gestuur moet word (indien anders as geregistreerde adres)

Poskode

Land

OF: Ek wil my nuwe aandelesertifikaat by die oordragsekretarisse se kantoor afhaal.

Ek/Ons lewer en sluit die ondergenoemde titeldokumente hierby in:

Titeldokument

Sertifikaatnommer(s)	Getal aandele wat deur elke sertifikaat gedek word
Totaal	

Handtekening van lid	Stempel en adres van agent wat dié vorm inlewer (indien enige)
Bygestaan deur (indien van toepassing)	
Meld volle name en hoedanigheid	
Datum 2000	
Telefoonnommer (tuis)	
Telefoonnommer (werk)	

DEEL 2 – Moet voltooi word deur alle emigrante uit en nie-inwoners van die gemeenskaplike monetêre gebied (sien aantekeninge 1 en 2 hieronder).

Naam van gemagtigde handelaar

Adres

Rekeningnommer

Aantekeninge:

1. Geen kwitansies sal uitgereik word vir dokumente wat ingelewer is nie, tensy andersins versoek word. Ter voldoening aan die vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA") word indieningsagente versoek om spesiale transaksiekwitansies op te stel. Daar kan 'n beroep op ondertekenaars gedoen word om bewys te lewer van die magtiging waarvolgens of hoedanigheid waarin hulle die vorm onderteken.
2. Enige veranderings aan hierdie inleweringsvorm moet volledig onderteken en nie geparafeer word nie.
3. Indien hierdie inleweringsvorm kragtens 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan vir noteringsdoeleindes saam met hierdie vorm gestuur word (tensy dit reeds deur die maatskappy or sy oordragsekretarisse genoteer is).
4. Indien die aandeelhouer 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se besluit waarvolgens die ondertekening van die inleweringsvorm gemagtig word ingedien word indien die maatskappy dit versoek, tensy dit reeds by die maatskappy of sy oordragsekretarisse geregistreer is.
5. Aantekening 4 hierbo is nie van toepassing indien die vorm 'n stempel van 'n makelaarslid van die JA dra nie.
6. Indien daar medehouers van enige aandele is, hoef slegs die aandeelhouer wie se naam ten opsigte van sodanige aandele eerste in die register verskyn, die inleweringsvorm te teken.

Rembrandt Groep Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1948/031037/06)
("die maatskappy")

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die twee-en-vyftigste algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Donderdag 21 September 2000 om 10:00 of onmiddellik na afloop van die algemene jaarvergadering van Tegniese en Industriële Beleggings Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch, gehou word om:

1. die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 te oorweeg en goed te keur;

2. die direkteursvergoeding vir die afgelope finansiële jaar vas te stel;

3. direkteure te verkies in die plek van mnre G D de Jager, J W Dreyer, D M Falck, J Malherbe, E Molobi en Johann Rupert wat kragtens die bepalings van die statute aftree. Hierdie direkteure is en stel hulleself herkiesbaar;

4. die volgende spesiale en gewone besluite te oorweeg en, indien goedgevind, dit met of sonder wysiging aan te neem:

4.1 Gewone besluit nommer 1

"BESLUIT DAT die maatskappy die rasionalisasieskema voorgestel in terme van die Wysigingswet op Belastingwette 20 van 1994 ("die rasionalisasieskema"), soos beskryf in die dokument wat die terme en voorwaardes van die rasionalisasieskema bevat, 'n afskrif waarvan by die vergadering ter tafel gelê is en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan geteken is vir identifikasie doeleindes, goedkeur en aanvaar."

Die rasionalisasie skemadokument lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.2 Spesiale besluit nommer 1

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie spesiale besluit, die naam van die maatskappy, in terme van artikel 44 van die Wet, verander word van Rembrandt Groep Beperk na VenFin Beperk."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 1

Spesiale besluit nommer 1 word voorgestel ten einde die naam van die maatskappy van Rembrandt Groep Beperk te verander na VenFin Beperk.

Die effek van spesiale besluit nommer 1 sal wees dat die naam van die maatskappy verander word van Rembrandt Groep Beperk na VenFin Beperk.

4.3 Spesiale besluit nommer 2

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluit nommer 1 en met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit, die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy van R5 420 000 bestaande uit 522 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 100 000 6% aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van twee Rand elk:

(i) verminder word in terme van artikel 75(1)(h) van die Wet tot R5 220 000 deur die kansellasie van die 100 000 6% aflosbare voorkeuraandele van twee Rand elk, welke aandele nie toegewys is of onder verpligting is om toegewys te word nie; en

(ii) vermeerder word in terme van artikel 75(1)(a) van die Wet tot R9 175 571,70 bestaande uit 548 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk deur die skepping van 26 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 2

Spesiale besluit nommer 2 word voorgestel ten einde voorsiening te maak vir:

– die kansellasie van die 100 000 6% aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van twee Rand elk;

– die skepping van 26 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk,

met die gevolg dat die huidige gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy, bestaande uit 522 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 100 000 6% aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van twee Rand elk, sal vermeerder tot R9 175 571,70 bestaande uit 548 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk.

Die effek van spesiale besluit nommer 2 sal wees dat die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy:

– verminder sal word as gevolg van die kansellasie van die 100 000 6% aflosbare voorkeuraandele met 'n pari-waarde van twee Rand elk tot R5 220 000,00 bestaande uit 522 000 000 gewone aandele van een sent elk; en daarna

– vermeerder sal word van R5 220 000,00 tot R9 175 571,70 bestaande uit 548 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk as gevolg van die skepping van 26 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk.

4.4 Spesiale besluit nommer 3

"BESLUIT DAT, met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit, die bestaande statute van die maatskappy in terme van artikel 62 van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Wet"), vervang word met die statute wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan geteken is vir identifikasie doeleindes."

Die statute lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 3

Spesiale besluit nommer 3 word voorgestel ten einde die bestaande statute van die maatskappy te vervang met nuwe statute. Die effek van spesiale besluit nommer 3 sal wees dat die bestaande statute van die maatskappy vervang sal word met nuwe statute.

4.5 Gewone besluit nommer 2

"BESLUIT DAT die maatskappy die toewysing en uitreiking deur Rembrandt S.A. Beperk ("Remsa") van 35 506 352 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk aan Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk ("Rembrandt Trust") onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen Remsa en Rembrandt Trust, goedkeur."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.6 Gewone besluit nommer 3

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding en registrasie van spesiale besluite nommers 2 en 3, die maatskappy hiermee 31 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk toewys en uitreik aan Rembrandt Trust onderhewig aan die bepalings van 'n inskrywingsooreenkoms aangegaan tussen die maatskappy en Rembrandt Trust."

Die inskrywingsooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.7 Spesiale besluit nommer 4

"BESLUIT DAT, met effek vanaf die aanvaarding van hierdie besluit en onderhewig aan:

– die aanvaarding van gewone besluit nommer 3; en

– die oordrag deur Tegniese en Industriële Beleggings Beperk ("TIB") van al TIB se aandele in die maatskappy aan TIB se aandeelhouers,

35 506 350 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy waarop Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk geregtig is as gevolg van bogenoemde oordrag deur TIB:

(i) gekonsolideer word in terme van artikel 75(1)(c) van die Wet in 3 550 635 gewone aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk in die gemagtigde en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy; en

(ii) omskep word in terme van artikel 75(1)(i) van die Wet in 3 550 635 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk in die gemagtigde en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy,

met die gevolg dat:

– die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy van R9 175 571,70, wat bestaan uit 548 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk, sal verander en bestaan uit 512 493 650 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 40 506 352 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk; en

– die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy van R8 415 571,70, wat bestaan uit 522 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 31 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk, sal verander en bestaan uit 486 493 650 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 35 506 352 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 4

Spesiale besluit nommer 4 word voorgestel ten einde voorsiening te maak vir die:

– konsolidasie van 35 506 350 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy, waarop Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk geregtig is, in 3 550 635 gewone aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk; en

– die omskepping daarvan in 3 550 635 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy,

met die gevolg dat:

– die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy van R9 175 571,70, wat bestaan uit 548 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 36 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk, sal verander en bestaan uit 512 493 650 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 40 506 352 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk; en

– die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy van R8 415 571,70, wat bestaan uit 522 000 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 31 955 717 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk, sal verander en bestaan uit 486 493 650 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk en 35 506 352 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk.

Die effek van spesiale besluit nommer 4 sal wees dat 35 506 350 gewone aandele met 'n pari-waarde van een sent elk in die gemagtigde en in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy gekonsolideer en omskep word in 3 550 635 B-aandele met 'n pari-waarde van tien sent elk.

4.8 Spesiale besluit nommer 5

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding en registrasie van spesiale besluite nommers 3 en 4 en met effek vanaf die datum van aanvaarding van hierdie besluit, die bestaande akte van oprigting van die maatskappy, in terme van artikel 56 van die Wet, hiermee vervang word met die akte van oprigting wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasie doeleindes geteken is."

Die akte van oprigting lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 5

Spesiale besluit nommer 5 word voorgestel ten einde die bestaande akte van oprigting van die maatskappy te vervang met 'n nuwe akte van oprigting. Die effek van spesiale besluit nommer 5 sal wees dat die bestaande akte van oprigting van die maatskappy vervang word met 'n nuwe akte van oprigting.

4.9 Gewone besluit nommer 4

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 en 2, die maatskappy hiermee:

(i) in terme van artikel 90 van die Wet, al sy aandele in Remsa oordra aan sy gewone aandeelhouers wat as sodanige geregistreer sal wees met die opening van verhandelings op die Johannesburgse Aandelebeurs op 26 September 2000, *pro rata* tot hul aandeelhouding in die maatskappy; en

(ii) die herstrukturering soos beskryf in hierdie omsendskrywe, goedkeur."

Die direkteure is van mening dat na afloop van die oordrag:

– die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak; en

– die gekonsolideerde bates van die maatskappy, billik gewaardeer ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy.

4.10 Gewone besluit nommer 5

"BESLUIT DAT, onderhewig aan die aanvaarding en registrasie van spesiale besluit nommer 5, die maatskappy:

(i) die aandele aansporingskema ("die skema"), soos beskryf in die trustakte wat die terme en voorwaardes van die skema bevat ("die trustakte"), 'n afskrif waarvan by die vergadering ter tafel gelê is en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasie doeleindes geteken is, goedkeur en aanneem; en

(ii) 26 000 000 gewone aandele en 5 000 000 B-aandele in die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy reserveer vir die skema."

Die trustakte lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres.

4.11 Spesiale besluit nommer 6

"BESLUIT DAT die direksie, tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, gemagtig word om die koop van aandele in die maatskappy deur enige filiaalmaatskappy van die maatskappy goed te keur onderhewig aan die bepalings van die Wet en die noteringsvereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("die noteringsvereistes")."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 6

Spesiale besluit nommer 6 word voorgestel ten einde die direksie in staat te stel om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, die koop van aandele in die maatskappy deur enige filiaalmaatskappy van die maatskappy goed te keur onderhewig aan die bepalings van die Wet en die noteringsvereistes.

Die effek van spesiale besluit nommer 6 sal wees dat die direksie tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering in staat sal wees om die koop van aandele in die maatskappy deur enige filiaalmaatskappy van die maatskappy goed te keur.

4.12 Spesiale besluit nommer 7

"BESLUIT DAT die direksie, tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, gemagtig word om die koop van sy eie aandele deur die maatskappy goed te keur, op voorwaarde dat:

– die aandele in die ope mark gekoop word;

– die algemene magtiging nie langer as 15 maande na die datum van hierdie besluit sal duur nie;

– die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot sodanige persentasie van die betrokke maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas ten tye van die toestaan van die magtiging as wat die noteringsvereistes van tyd tot tyd toelaat om teruggekoop te word, onderhewig daaraan dat sodanige persentasie nie 10% sal oorskry nie; en

– terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 5% bokant die geweegde gemiddelde markwaarde van die sekuriteite vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die terugkope is nie,

en onderhewig aan die bepalings van die Wet en die noteringsvereistes."

Verduidelikende aantekeninge oor spesiale besluit nommer 7

Spesiale besluit nommer 7 word voorgestel ten einde die direksie in staat te stel om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy die koop deur die maatskappy van sy eie aandele goed te keur, op voorwaarde:

– dat die aandele in die ope mark gekoop word;
– die algemene magtiging nie langer as 15 maande na die datum van hierdie besluit sal duur nie;
– die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot sodanige persentasie van die betrokke maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas ten tye van die toestaan van die magtiging as wat die noteringsvereistes van tyd tot tyd toelaat om teruggekoop te word, onderhewig daaraan dat sodanige persentasie nie 10% sal oorskry nie; en
– terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 5% bokant die geweegde gemiddelde markwaarde van die sekuriteite vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die terugkope is nie,

en dat dit onderhewig sal wees aan die bepalings van die Wet en die noteringsvereistes.

Die effek van spesiale besluit nommer 7 sal wees dat die direksie tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, die koop deur die maatskappy van sy eie aandele kan goedkeur, op voorwaarde dat:

– die aandele in die ope mark gekoop word;
– die algemene magtiging nie langer as 15 maande na die datum van hierdie besluit sal duur nie;
– die algemene magtiging om aandele terug te koop beperk word tot sodanige persentasie van die betrokke maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas ten tye van die toestaan van die magtiging as wat die noteringsvereistes van tyd tot tyd toelaat om teruggekoop te word, onderhewig daaraan dat sodanige persentasie nie 10% sal oorskry nie; en
– terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 5% bokant die geweegde gemiddelde markwaarde van die sekuriteite vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die terugkope is nie,

en dat dit onderhewig sal wees aan die bepalings van die Wet en die noteringsvereistes.

Dit is die voorneme van die direksie dat hulle hierdie magtiging mag gebruik indien heersende omstandighede (met inagneming van die belastingvoorskrifte en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Na oorweging van die uitwerking van sodanige aandele-aankope, indien geïmplementeer en op die veronderstelling dat die maksimum van 10% van die huidige uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy teruggekoop word op sterkte van 'n algemene magtiging, teen die maksimum prys waarteen die terugkoop mag plaasvind ('n 5% premie bokant die geweegde gemiddelde markwaarde van die sekuriteite vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die terugkoop) en met inagneming van die huidige prys van die sekuriteite van die maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs op die laaste praktiese datum voor die datum van hierdie kennisgewing, is u direksie van mening dat:

– die maatskappy in staat sal wees om sy skulde te betaal soos hulle in die gewone loop van besigheid verskuldig raak;
– die gekonsolideerde bates van die maatskappy, billik gewaardeer ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyk, meer sal wees as die gekonsolideerde laste van die maatskappy;
– die maatskappy oor voldoende kapitaal sal beskik; en
– die bedryfskapitaal van die maatskappy voldoende sal wees vir die volgende jaar se bedrywighede.

4.13 Gewone besluit nommer 6

"BESLUIT DAT die gewone aandele van een sent elk en die B-aandele van tien sent elk in die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy hiermee onder beheer van die direksie geplaas word as 'n algemene magtiging in terme van artikel 221(2) van die Wet, maar onderhewig aan die bepalings van die Wet en die Reëls en Vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs, tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy en dat die direksie sodanige aandele mag toewys en uitreik aan sodanige persone as wat hulle goeddink."

4.14 Gewone besluit nommer 7

"BESLUIT DAT die maatskappy 'n bestuursooreenkoms aangaan met M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk volgens die bepalings en voorwaardes vervat in die konsep bestuursooreenkoms wat ter tafel gelê is by die vergadering en deur die voorsitter van die vergadering op die voorblad daarvan vir identifikasiedoeleindes geteken is."

Die konsep bestuursooreenkoms lê ter insae vir lede van die maatskappy by die maatskappy se geregistreerde adres;

5. enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Die aanvaarding van gewone besluite nommers 1 tot 5 en 7 en spesiale besluite nommers 1, 2 en 4 en die plasing onder die beheer van die direkteure van die gemagtigde, maar onuitgereikte B-aandele ingevolge gewone besluit nommer 6, is onderhewig aan die opskortende voorwaarde dat die aandeelhouers van Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, Tegniese Beleggingskorporasie Beperk en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk besluite aanvaar op hul onderskeie algemene jaarvergaderings ingevolge waarvan hulle die hele herstrukturering, soos beskryf in die omsendskrywe aan aandeelhouers, goedkeur.

Die redes vir, en effek van, die spesiale besluite in hierdie kennisgewing aan aandeelhouers word in meer detail bespreek in die omsendskrywe waarvan hierdie kennisgewing aan aandeelhouers deel uitmaak.

'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem, het die reg om 'n gevolmagtigde te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon, te praat en by 'n stemming by wyse van stembriefies te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van Rembrandt te wees nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

J C Engelbrecht
Sekretaris

Stellenbosch
30 Augustus 2000

Rembrandt Groep Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1948/031037/06)
("die maatskappy")

Volmagvorm

Vir gebruik deur aandeelhouers van die maatskappy ("lid") by die twee-en-vyftigste Algemene Jaarvergadering van die maatskappy wat op Donderdag 21 September 2000 om 10:00, of onmiddellik na afloop van die algemene jaarvergadering van Tegniese en Industriële Beleggings Beperk, welke ookal die laatste is, in die Jannasch-saal, US Konservatorium, hoek van Neethling- en Victoriastraat, Stellenbosch gehou word ("die Algemene Jaarvergadering").

Ek/Ons

synde die houer/s van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (sien instruksie 1 op keersy):

1. _____ of indien nie hy/sy nie,

2. _____ of indien nie hy/sy nie,

3. die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering,

aan as my/ons volmag om namens my/ons die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy of enige verdaging daarvan by te woon en soos volg daarop te praat en te stem of buite stemming te bly (sien aantekening 2 en instruksie 2 op die keersy):

	Voeg 'n "X" of die getal uitoefenbare stemme in (een stem per aandeel)		
	Ten gunste van	**Teen**	**Buite stemming**
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Goedkeuring van direkteursvergoeding			
3. Verkiesing van direkteure			
4.1 Gewone besluit nommer 1			
4.2 Spesiale besluit nommer 1			
4.3 Spesiale besluit nommer 2			
4.4 Spesiale besluit nommer 3			
4.5 Gewone besluit nommer 2			
4.6 Gewone besluit nommer 3			
4.7 Spesiale besluit nommer 4			
4.8 Spesiale besluit nommer 5			
4.9 Gewone besluit nommer 4			
4.10 Gewone besluit nommer 5			
4.11 Spesiale besluit nommer 6			
4.12 Spesiale besluit nommer 7			
4.13 Gewone besluit nommer 6			
4.14 Gewone besluit nommer 7			

Onderteken te _____ op _____ 2000

Handtekening/e _____

Bygestaan deur my _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en instruksies op die keersy.

Aantekeninge:

1. 'n Lid wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om een of meer gevolmagtigdes aan te stel om dit namens hom/haar by te woon en daarop te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid wat die Algemene Jaarvergadering persoonlik of by volmag bywoon en geregtig is om daarop te stem, sal by die opsteek van hande slegs een stem hê, ongeag die getal aandele wat sodanige lid besit, maar in geval van 'n stemming met stembriewe sal elke gewone aandeel in die maatskappy oor een stem beskik.

Instruksies aangaande die ondertekening en indiening van die volmagvorm:

1. 'n Lid kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolgmagtigdes volgens die lid se keuse in die spasie/s wat op die keersy voorsien word, invul met of sonder deurhaling van "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie nie ingevul word nie, sal die volmag deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering uitgeoefen word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om ter uitsluiting van diegene wie se name daarna volg, as gevolmagtigde op te tree.

2. 'n Lid se steminstruksies aan die gevolmagtigde moet aangetoon word deur 'n "X" of andersins die getal stemme wat deur die lid uitgebring kan word, in die toepaslike spasies wat op die keersy voorsien word, aan te bring. Versuim om dit te doen, sal beskou word as 'n magtiging aan die gevolmagtigde om tydens die Algemene Jaarvergadering na goeddunke ten opsigte van al die lid se uitoefenbare stemme te stem of buite stemming te bly. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al die stemme wat deur hom/haar of sy/haar gevolmagtigde uitgebring kan word, te gebruik nie, maar die totale getal stemme wat uitgebring word, of dié ten opsigte waarvan buite stemming gebly word, mag nie meer wees as die totale getal stemme wat deur die lid of sy/haar gevolmagtigde uitgeoefen kan word nie.

3. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word tensy die betrokke dokumentasie ter stawing van sy/haar handelsbevoegdheid, voorgelê word of deur die oordragsekretarisse geregistreer is.

4. Ten einde geldig te wees, moet volmagvorms ingedien word by die maatskappy se oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, op die 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika of aan die oordragsekretarisse gepos word na Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, sodat dit teen nie later nie as 10:00 op Dinsdag 19 September 2000 ontvang word.

5. Dokumentêre bewys ter stawing van die magtiging van 'n persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg word tensy dit reeds deur die oordragsekretarisse aangeteken is of deur die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering ter syde gestel word.

6. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm sal nie die betrokke lid daarvan weerhou om, indien sodanige lid verkies om dit te doen, ter uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hiervan aangestel is, die Algemene Jaarvergadering persoonlik by te woon en daartydens te praat of te stem nie.

7. Die voltooiing van enige oningevulde spasie op die keersy hoef nie geparafeer te word nie. Enige verandering of korreksies op hierdie volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

8. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering kan enige volmagvorm wat nie ooreenkomstig hierdie instruksies ingevul is nie, aanvaar met dien verstande dat die Voorsitter hom vergewis het van die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.

Rembrandt Groep Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1948/031037/06)
("Rembrandt" of "die maatskappy")

Inleweringsvorm

Vir aandelesertifikate of ander titeldokumente van aandele vir die doeleindes van die uitreiking van nuwe sertifikate ten opsigte van aandele in VenFin Beperk en aandeelsertifikate ten opsigte van Remgro Beperk aandele.

Instruksies:

1. Deel 1 moet deur ALLE aandeelhouers voltooi word.
2. Deel 2 moet deur alle emigrante uit die gemeenskaplike monetêre gebied voltooi word.
3. 'n Afsonderlike inleweringsvorm word vir elke aandeelhouer vereis.

Aantekeninge:

1. Indien hierdie inleweringsvorm voor 16:30 op Vrydag 22 September 2000 saam met die betrokke titeldokumente terugbesorg word, sal dit as 'n voorwaardelike inleweringsvorm hanteer word wat onderhewig sal wees aan die implementering van die herstrukturering (waarvan besonderhede uiteengesit word in die omsendskrywe waarby hierdie vorm aangeheg is). Indien die herstrukturering om welke rede ook al nie geïmplementeer word nie, sal die oordragsekretarisse die titeldokumente binne vyf sakedae na die datum waarop dit bekend word dat die herstrukturering nie geïmplementeer is nie per geregistreerde pos op die risiko van die betrokke aandeelhouers aan sodanige aandeelhouers terugbesorg of, indien sodanige instruksies van die betrokke aandeelhouer ontvang is, die aandelesertifikaat hou vir afhaling deur die aandeelhouer.
2. Persone wat na 30 Augustus 2000, die uitreikingsdatum van die omsendskrywe waarby hierdie inleweringsvorm aangeheg is, aandele in die maatskappy verkry het, kan afskrifte van die inleweringsvorm en die omsendskrywe bekom by die oordragsekretarisse, Computershare Services Beperk, 2de Verdieping, Edura-huis, Foxstraat 41, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107).
3. Aandeelhouers se nuwe VenFin en Remgro sertifikate sal op Donderdag 28 September 2000 per geregistreerde pos op die risiko van sodanige aandeelhouers aan hulle gepos word tensy hulle emigrante is, in welke geval dit aan hulle gemagtigde handelaar gepos sal word indien hulle titeldokumente teen sakesluiting op Vrydag 22 September 2000 ingelewer is of, indien dit daarna ingelewer word, binne vyf sakedae na die inlewering van hulle titeldokumente, welke ook al die laatste is. Aandeelhouers kan versoek dat die aandelesertifikate deur die oordragsekretarisse gehou word vir afhaling by hulle kantore.

HIERDIE VORM MOET DEUR ALLE AANDEELHOUERS VOLTOOI WORD EN GESTUUR WORD AAN:

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

DEEL 1 – Moet voltooi word deur **ALLE** aandeelhouers wat hierdie vorm terugbesorg.

Van of Naam van korporatiewe liggaam

Voorname (volledig)

Titel (Mnr, Mev, Mej, Me, ens.)

Adres waarheen nuwe VenFin en Remgro aandelesertifikate gestuur moet word (indien anders as geregistreerde adres):

Poskode

Land

OF: Ek wil my nuwe aandelesertifikaat by die oordragsekretarisse se kantoor afhaal.

Ek/Ons lewer en sluit die ondergenoemde titeldokumente hierby in:

Titeldokument

Sertifikaatnommer(s)	Getal aandele wat deur elke sertifikaat gedek word
Totaal	

Handtekening van lid	Stempel en adres van agent wat dié vorm inlewer (indien enige)
Bygestaan deur (indien van toepassing)	
Meld volle name en hoedanigheid	
Datum 2000	
Telefoonnommer (tuis)	
Telefoonnommer (werk)	

DEEL 2 – Moet voltooi word deur alle emigrante uit en nie-inwoners van die gemeenskaplike monetêre gebied (sien aantekeninge 1 en 2 hieronder).

Naam van gemagtigde handelaar

Adres

Rekeningnommer

Aantekeninge:

1. Geen kwitansies sal uitgereik word vir dokumente wat ingelewer is nie, tensy andersins versoek word. Ter voldoening aan die vereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA") word indieningsagente versoek om spesiale transaksiekwitansies op te stel. Daar kan 'n beroep op ondertekenaars gedoen word om bewys te lewer van die magtiging waarvolgens of hoedanigheid waarin hulle die vorm onderteken.
2. Enige veranderings aan hierdie inleweringsvorm moet volledig onderteken en nie geparafeer word nie.
3. Indien hierdie inleweringsvorm kragtens 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan vir noteringsdoeleindes saam met hierdie vorm gestuur word (tensy dit reeds deur die maatskappy or sy oordragsekretarisse genoteer is).
4. Indien die aandeelhouer 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se besluit waarvolgens die ondertekening van die inleweringsvorm gemagtig word ingedien word indien die maatskappy dit versoek, tensy dit reeds by die maatskappy of sy oordragsekretarisse geregistreer is.
5. Aantekening 4 hierbo is nie van toepassing indien die vorm 'n stempel van 'n makelaarslid van die JA dra nie.
6. Indien daar medehouers van enige aandele is, hoef slegs die aandeelhouer wie se naam ten opsigte van sodanige aandele eerste in die register verskyn, die inleweringsvorm te teken.

VenFin Beperk

(voorheen Rembrandt Groep Beperk)

Hersiene noteringsbesonderhede

30 Augustus 2000

Hierdie hersiene noteringsbesonderhede:

- is nie 'n uitnodiging aan die publiek om aandele op te neem nie, maar word uitgereik ingevolge die noteringsvereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs met die doel om inligting aan die publiek te verskaf oor VenFin Beperk;
- is voorberei in die veronderstelling dat:
  - die gewone en spesiale besluite, vervat in die kennisgewings van algemene jaarvergaderings wat deel is van die omsendskrywe waarby hierdie hersiene noteringsbesonderhede aangeheg is, insluitende die spesiale besluit wat 'n verandering in die naam van Rembrandt Groep Beperk na VenFin Beperk sal magtig, aanvaar word by die algemene jaarvergaderings, waar van toepassing, van Rembrandt Groep Beperk, Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, Tegniese Beleggingskorporasie Beperk en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk, wat op Donderdag 21 September 2000 gehou word, en dit, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word;
  - die herstrukturering geïmplementeer sal word met ingang 1 April 2000.

In hierdie dokument sal daar na VenFin Beperk verwys word as Rembrandt, waar inligting verband hou met tydperke in die verlede, en na VenFin, waar die inligting verband hou met die tydperk wat op Donderdag 21 September 2000 begin.

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Limited

Prokureurs

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.
Registrasienommer 1997/001523/21

Mede-borgmakelaars

Deutsche Bank Securities
Deutsche Bank Securities (SA) (Edms) Bpk
(Registrasienommer 1995/011798/07)

ABN·AMRO
ABN•AMRO Sekuriteite (Suid-Afrika) (Edms) Bpk.
Registrasienommer 1995/001231/07
Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs

Verslaggewende rekenmeesters

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers Ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienommer 1998/012055/21)

Korporatiewe inligting

Direkteure

Johann Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog *(Mede-Ondervoorsitter)*
M H Visser *(Mede-Ondervoorsitter en Besturende Direkteur)*
P E Beyers
W E Bührmann
G D de Jager*
J W Dreyer
P J Erasmus*
D M Falck
J Malherbe
E Molobi*
J A Preller
P G Steyn*
T van Wyk

** nie-uitvoerend*

VenFin Beperk
(voorheen Rembrandt Groep Beperk)
(Registrasienommer 1948/031037/06)
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika op 2 September 1948)
Coetzierstraat
Stellenbosch
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)
Sekretaris: J C Engelbrecht

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Oewerpark 19
Rokewoodlaan
Stellenbosch
(Posbus 57, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretarisse
Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Verslaggewende rekenmeesters
PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Sanbel
Ou Paarlweg 2
Bellville
(Posbus 168, Belville, 7535)

Aksepbank
Rand-Aksepbank
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
2196
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Prokureurs
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ingelyf
Sandown Valleisingel 6
Sandown
Sandton
(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Borgmakelaars
Deutsche Bank Securities
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
Die Effektebeurs 731
Diagonalstraat 17
Johannesburg
(Posbus 61043, Marshalltown, 2107)

ABN-Amro Securities (Suid-Afrika) (Eiendoms) Beperk
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
1ste Verdieping, JA-anneks
Kerkstraat 1
Johannesburg
(Posbus 11585, Johannesburg, 2000)

Handelsbankiers
ABSA Bank Beperk
h/v Plein- en Ryneveldstraat
Stellenbosch
(Posbus 138, Stellenbosch, 7599)

Inhoud

Bladsy

Korporatiewe inligting 62

Definisies in hierdie hersiene noteringsbesonderhede gebruik 64

Hersiene noteringsbesonderhede van VenFin 65

Afdeling A – Doel van die hersiene noteringsbesonderhede 65

Afdeling B – Die besigheid van VenFin 66

1. Die struktuur van die VenFin Groep 66
2. Pro forma finansiële inligting omtrent VenFin 67
3. Direkteure van VenFin 68
4. Die VenFin Groep se vooruitsigte 69

Afdeling C – Statutêre inligting 70

1. VenFin se aandelekapitaal 70
2. Veranderings in aandelekapitaal 70
3. Korporatiewe bestuur 70
4. Uittreksels uit die akte van oprigting 70
5. Inligting rakende die direkteure 71
6. Finansiële inligting oor die maatskappy en sy filiale 71
7. Opsies of voorkeurregte met betrekking tot aandele 71
8. Markwaarde van aandele 71
9. Beherende en hoofaandeelhouers 72
10. Algemene inligting 72
11. Notering op die Johannesburgse Aandelebeurs 73
12. Dokumente beskikbaar vir inspeksie 73

Bylae

1. Verslaggewende rekenmeesters se verslag oor VenFin 74
2. Uittreksels uit die statute van VenFin 90
3. Aandeelprysgeskiedenis van Rembrandt-aandele op die JA 93

Definisies in hierdie hersiene noteringsbesonderhede gebruik

In hierdie hersiene noteringsbesonderhede, tensy anders vermeld:

– verwys enkelvoud ook na meervoud en omgekeerd;
– sluit woorde wat een geslag aandui ook die ander geslag in;
– maak woorde of uitdrukkings wat verwys na natuurlike persone ook voorsiening vir regspersone en assosiasies van persone; en
– het die woorde in die eerste kolom die betekenis soos in die tweede kolom weergegee.

"aandeelhouer"	houer van VenFin gewone aandele;
"herstrukturering"	die herstrukturering van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB by wyse van die rasionalisasie en die ontbondeling;
"JA"	die Johannesburgse Aandelebeurs;
"laaste praktiese datum"	Dinsdag 22 Augustus 2000, wat die laaste praktiese datum is voor hierdie voornoteringsverklaring gefinaliseer word;
"M&I"	M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk, 'n maatskappy wat bestuursdienste sal lewer aan VenFin en Remgro op die grondslag soos uiteengesit in paragraaf 10.6 van hierdie omsendskrywe;
"ontbondeling"	die ontbondeling van VenFin gewone aandele deur RBB, Tegkor en TIB, die ontbondeling van Remgro gewone aandele deur VenFin en die implementering daarvan, ingevolge artikel 60 van die Inkomste-belastingwet, nr. 113 van 1993, in die veronderstelling dat die vereiste gewone en spesiale besluite wat aan die algemene jaarvergaderings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB voorgelê word, aanvaar en, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word;
"rasionalisasie"	die reorganisasie van die bates van Rembrandt ingevolge artikel 39 van die Gewysigde Belastingwet, nr. 20 van 1994, onder twee maatskappygroepe wat op die JA as VenFin en Remgro genoteer sal word;
"RBB"	Rembrandt Beherende Beleggings (registrasienommer 1952/000002/06), 'n maatskappy genoteer op die JA, wat die houermaatskappy van Rembrandt was voor die herskrukturering;
"Rembrandt"	Rembrandt Groep Beperk (registrasienommer 1948/031037/06), 'n maatskappy genoteer op die JA wat tot VenFin Beperk hernoem gaan word;
"Rembrandt Groep"	TIB, Tegkor, RBB en Rembrandt Groep en sy filiale, soos saamgestel voor die herstrukturering;
"Rembrandt Trust"	Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1959/003277/07), die houermaatskappy van VenFin;
"Remgro"	Remgro Beperk (voorheen Rembrandt S.A. Beperk) (registrasienommer 1968/006415/06), 'n maatskappy genoteer op die JA;
"Tegkor"	Tegniese Beleggingskorporasie (registrasienommer 1946/020656/06), 'n maatskappy genoteer op die JA en houermaatskappy van RBB;
"TIB"	Tegniese en Industriële Beleggings (registrasienommer 1943/015859/06), 'n maatskappy genoteer op die JA en houermaatskappy van Tegkor;
"VenFin B-aandele"	B-aandele van 10 sent elk, met regte en verpligtinge soos uiteengesit in Bylae 3 van die omsendskrywe waarby hierdie hersiene noterings-besonderhede aangeheg is;
"VenFin gewone aandele"	gewone aandele van een sent in die kapitaal van VenFin;
"VenFin Groep"	VenFin en sy filiale en geassosieerde maatskappye; en
"VenFin" of "die maatskappy"	VenFin Beperk (voorheen Rembrandt Groep Beperk) (registrasienommer 1948/031037/06), 'n maatskappy genoteer op die JA.

Hersiene noteringsbesonderhede van VenFin

AFDELING A – DIE DOEL VAN HIERDIE HERSIENE NOTERINGSBESONDERHEDE

Aandeelhouers word verwys na die omsendskrywe, waarby hierdie hersiene noteringsbesonderhede aangeheg is, wat inligting oor die herstrukturering bevat. As veronderstel word dat al die gewone en spesiale besluite wat nodig is om die herstrukturering te implementeer, goedgekeur word by die algemene jaarvergaderings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB wat op Donderdag 21 September 2000 plaasvind en dit, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, sal:

- die aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB gewone aandele in VenFin en Remgro hou;
- die noterings van RBB, Tegkor en TIB op die JA beëindig word vanaf sake-sluiting op Vrydag 22 September 2000;
- Remgro genoteer word in die Nywerheid – “Gediversifiseerde Nywerheid” sektor van die JA-lyste by die sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000; en
- VenFin se notering van die Nywerheid – “Gediversifiseerde Nywerheid” sektor van die JA-lyste verskuif na die Nywerheid – “Telekommunikasie” sektor by die sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000.

Hierdie hersiene noteringsbesonderhede bevat finansiële en ander inligting omtrent die besigheid van VenFin na die herstrukturering, asook vooruitsigte vir VenFin.

AFDELING B – DIE BESIGHEID VAN VENFIN

1. Die struktuur van die VenFin Groep

Na die herstrukturering sal VenFin oor die bates beskik, soos beskryf in paragrawe 2 en 12 van Bylae 1 by hierdie hersiene noteringsbesonderhede. Elk van hierdie bates word kortliks hieronder beskryf.

Vodacom Groep (Eiendoms) Beperk (13,5%)

Vodacom is Suid-Afrika se voorste mobiele telefoonnetwerk, met meer as 3,5 miljoen intekenaars.

R & V Holdings Beperk (33,3%)

R & V is 'n geassosieerde maatskappy wat aansienlike buitelandse kontantbronne besit.

Tracker Investment Holdings (Eiendoms) Beperk (48,8%)

Tracker is een van die voorste spelers in die bedryf vir die opsporing van gesteelde voertuie, met meer as 92 000 intekenaars. Sy belangrikste bedrywighede behels die verkoop, lisensiëring en installering van voertuigopsporingstelsels en die opsporing van gesteelde voertuie.

e-tv (26% ekonomiese belang)

e-tv is die enigste onafhanklike oopkanaal televisie-uitsender in Suid-Afrika. VenFin het 'n belegging van R280 miljoen in die besigheid en wag op goedkeuring deur ICASA (voorheen die OUO) vir die strukturering van die belegging.

Luna Corporation Beperk (36%)

Luna is die beleggingshouermaatskappy van Southern African Investments Beperk, a JA-genoteerde sportbeleggingsmaatskappy wat hom daarop toespits om 'n deurslaggewende belang in sporthandelsmerkbesit op te bou, terwyl daar na maksimum wins gestreef word deur beleggings in afleweringsmeganismes soos sportverwante media en dienste.

Broadlink (5%)

Broadlink het 'n kompressie- en enkripsie-tegnologie ontwikkel wat wêreldwye toepassingsmoontlikhede het. Die kommersialisering van die tegnologie word tans geëvalueer. VenFin het 'n belang van 5% en die opsie om dit tot 50% te verhoog sonder verdere koste indien hy daarin kan slaag om Broadlink se waarde tot sekere vlakke te verhoog deur die tegnologie en die toepassing daarvan te ontgin.

Intervid (12,6%)

Intervid is a JA-genoteerde maatskappy wat kunsmatige intellegensie-sagteware-oplossings skep en implementeer deur gebruik te maak van digitale kompressie-tegnologie. Hierdie tegnologie maak voorsiening vir 'n gevorderde verwerking, opname en interrogasie van gestoorde inligting.

eCompany Holdings Beperk (12,7%)

eCompany is 'n ontwikkelaar en verskaffer van verpakte tegnologie en besigheidsoplossings wat sy klante in staat stel om in geteikende markte by elektroniese handel betrokke te raak.

Inala Technology Investments (Eiendoms) Beperk (28,8%)

Inala is 'n ontwikkelaar en verspreider van nismark-telekommunikasie- en elektroniese produkte en dienste.

Psitek (Eiendoms) Beperk (17,8%)

Psitek is 'n ontwikkelaar en verskaffer van gespesialiseerde sellulêre en vastelyn-telefoonprodukte aan beide plaaslike en oorsese markte.

Fibalogic (Eiendoms) Beperk (96%)

Fibalogic vervaardig sy eie gepatenteerde en saamgestelde (nie-korrodeerbare) warmwatersilinders.

iTouch

Gedurende Julie 2000 het Venfin 'n belang in iTouch plc gekoop vir £5 miljoen. iTouch, wat genoteer is op die Londense Aandelebeurs, is 'n internasionale verskaffer van inligting en besigheidsdienste aan mobiele verbruikers en mobiele oplossings aan korporatiewe kliënte.

Compagnie Financière Richemont AG (1,8%)

Richemont is 'n Switserse gebaseerde luukse-goedere groep wat bestuur word met die oog op die langtermyn ontwikkeling van suksesvolle internasionale handelsmerke. Benewens sy luukse-goedere besigheid, het Richemont ook strategiese beleggings in die tabakbedryf en in direkte kleinhandel.

2. Pro forma finansiële inligting oor VenFin

'n Opgesomde pro forma balansstaat en inkomstestaat word hieronder uiteengesit.

Die balansstaat is die pro forma balansstaat van die maatskappy op 31 Maart 2000 en is voorberei in die veronderstelling dat die rasionalisasieskema op daardie datum in werking was.

BALANSSTAAT

	Op 31 Maart 2000
	R'm
Kapitaal aangewend	
Aandelekapitaal	8
Aandelepremie	26
Reserwes	3,965
Totale aandeelhouersbelang	3,999
Rentedraende skuld – korttermynlenings	3
	4,002
Aanwending van kapitaal	
Vaste bates	2
Beleggings	2,643
Bedryfsbates	1,363
Voorraad	2
Debiteure en rentevrye korttermynlenings	669
Kontantmiddele	691
Belasting	1
Totale bates	4,008
Rentevrye skuld	6
Krediteure	5
Belasting	1
	4,002
Netto bate boekwaarde per VenFin aandeel (Rand)	7,67

In die berekening van die netto bate boekwaarde per aandeel is die totale hoeveelheid VenFin gewone aandele (486 493 650) en B-aandele (35 506 352) gebruik, wat uitgereik sal wees na die herstrukturering.

Die pro forma inkomstestaat is gebaseer op die geouditeerde finansiële jaarstate van Rembrandt, met sodanige aanpassings wat nodig geag is om die inkomstestaat voor te stel asof slegs die tegnologies-gerigte beleggings deel was van VenFin vir die jaar geëindig 31 Maart 2000.

INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart 2000
	R'm
Omset	231
Netto bedryfsinkomste voor belasting	156
Belasting	35
Netto bedryfsinkomste na belasting	121
Ekwiteitsaansuiwering: belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	424
Netto inkomste voor uitsonderlike items en amortisasie	545
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye	(12)
Uitsonderlike items	2
Toeskryfbare netto inkomste	535
Wesensverdienste	546
Wesensverdienste per aandeel (sent)	104,6
Verdienste per aandeel (sent)	102,5

Bylae 1 bevat die verslaggewende rekenmeesters se verslag wat deur PricewaterhouseCoopers Ing. voorberei is en wat volledige finansiële inligting oor die VenFin Groep verskaf.

3. Direkteure van VenFin

Na die implementering van die herstrukturering sal die direksie van VenFin bestaan uit:

Direkteur	**Adres**	**Beroep**	**Toepaslike sake-ondervinding**
Johann Peter Rupert *(Nie-uitvoerende Voorsitter)*	Parel Vallei Opstal Parel Valleiweg Somerset-Wes	Nyweraar	Voorsitter van Rembrandt en RBB, besturende direkteur van Compagnie Financière Richemont AG, direkteur van Tegkor, TIB, Business Partners Beperk, Gold Fields of South Africa Beperk, British American Tobacco plc, Vendôme Luxury Group SA
Josua Malherbe *(Ondervoorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte)*	Nooitgedachtlaan 9 Welgelegen Stellenbosch	Sakeman	Direkteur van Rembrandt, RBB, Dorbyl Beperk, Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk, Stellenbosch Boerewynmakery Groep Beperk, Total (Suid-Afrika) (Eiendoms) Beperk, Vodacom Groep (Eiendoms) Beperk, Gold Fields of South Africa Beperk, Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk
Pieter Eduard Beyers *(nie-uitvoerend)*	Carinmountlaan 5 Oranjezicht Kaapstad	Uitvoerende Direkteur: Bemarking – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt en RBB
Jan Willem Dreyer *(nie-uitvoerend)*	Suikerbossie 24 Mountstraat 80 Bryanston Johannesburg	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake – Rembrandt	Voorsitter van Hofmeyr Herbstein Gihwala Ingelyf tot Desember 1999, RBB, direkteur van Avis Suidelike Afrika Beperk en RMB Holdings Beperk, stigtersdirekteur van Air Traffic and Navigation Services Company Beperk

Direkteur	Adres	Beroep	Toepaslike sake-ondervinding
Jan Jonathan Durand *(Finansiële direkteur)*	Saffraanlaan 25 Stellenbosch	Bestuurder: Informasie-tegnologie – Rembrandt	Direkteur van Medi-Clinic Korporasie Beperk, Rainbow Chicken Beperk, Bestuurder: E-Commerce by Compagnie Financière Richemont AG

Nog nie-uitvoerende direkteure sal in die toekoms in die direksie aangestel word.

4. Die VenFin Groep se vooruitsigte

Ten opsigte van omtrent al sy beleggings is VenFin 'n deelnemer aan aandeelhouersooreenkomste wat al die belangrike besigheidsaspekte van die beleggings reguleer. VenFin is daardeur in staat om strategiese besluite en ander belangrike kwessies wat sy beleggings mag raak, te beïnvloed.

Vodacom is 'n gevestigde besigheid met 'n soliede rekord van uitstaande groei. Vodacom brei tans sy besigheid binne en buite Suid-Afrika uit deur die gebruik van die nuutste beskikbare tegnologie en voortgesette bo-gemiddelde opbrengste word verwag. Die ander beleggings, alhoewel nog kleiner op hierdie stadium, behoort in die afsienbare toekoms betekenisvol by te dra tot VenFin.

VenFin evalueer verder tans 'n aantal potensiële beleggings en verkrygings, beide binne en buite Suid-Afrika. Die fokus sal op besighede wees wat tegnologies gerig is en die potensiaal het om uitstaande groei te lewer.

Die verskillende beleggings van VenFin word deur tegnologie en intellektuele eiendom verbind. Hierdie kenmerke is ook voorvereistes vir nuwe beleggings. VenFin sal nie beperk word om in net een spesifieke tegnologie-sektor te belê nie.

Bestuur is vol vertroue dat hulle in staat sal wees om bogemiddelde opbrengste oor die langtermyn te verseker. Die potensiaal van die huidige beleggingsbasis is wesentlik en nuwe geleenthede wat tans ondersoek word, sal verder hiertoe bydra.

AFDELING C – STATUTÊRE INLIGTING

1. VenFin se aandelekapitaal

VenFin se gemagtigde en uitgereikte kapitaal na die implementering van die herstrukturering sal soos volg wees:

	R'000
Gemagtig:	
512 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	5 125
40 506 352 B-aandele van 10 sent elk	4 050
Uitgereik	
486 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	4 865
35 506 352 B-aandele van 10 sent elk	3 551
Aandelepremie	25 525
	33 941

Die gewone aandele sal op die JA genoteer word, terwyl die B-aandele nie op enige effektebeurs genoteer gaan word nie. 'n Amerikaanse Depositobewys-program is in plek ten opsigte van die gewone aandele en The Bank of New York sal voortgaan om dit te administreer.

2. Veranderings in aandelekapitaal

Buiten die veranderings in die gemagtigde en uitgereikte kapitaal van VenFin wat deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering, gehou op 21 September 2000, goedgekeur is, en die veranderings in die gemagtigde en uitgereikte kapitaal van Remgro, soos beskryf in die voornoteringsverklaring van Remgro wat hierdie hersiene noteringsbesonderhede vergesel, was daar geen veranderings in die gemagtigde en uitgereikte kapitaal van VenFin of sy volfiliale gedurende die laaste drie jaar nie.

3. Korporatiewe bestuur

VenFin onderskryf die streng beginsels van korporatiewe bestuur en die hoogste standaarde van integriteit en etiek soortgelyk aan dié wat deur die King-verslag se Kode vir Korporatiewe Praktyke en Gedrag ("die Kode") aanbeveel is. In die besonder:

- onderskryf al VenFin se filiale en geassosieerdes die Kode en voldoen daaraan in alle wesentlike aspekte;
- is drie van die vyf direkteure in die direksie van VenFin nie-uitvoerend. Mnr Johann Rupert is die nie-uitvoerende voorsitter van die VenFin Groep;
- sal die Groep-ouditkomitee, wat uit 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure bestaan, gereeld vergader om aandag te gee aan kwessies wat verband hou met interne beheer, insluitende interne en eksterne oudit, rekeningkundige beleid en finansiële verslaggewing;
- sal 'n Uitvoerende Komitee aangestel word om in die tydperk tussen direksievergaderings sake te hanteer wat deur die hoofdireksie gedelegeer is;
- sal 'n Vergoedingskomitee, wat uit 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure bestaan, aangestel word om die direkteure se vergoeding te bepaal;
- geniet die maatskappy die voorreg van toegang te hê tot 'n Adviesraad, bestaande uit vooraanstaande lede van die sakegemeenskap, vir advies rakende enige sake wat verband hou met die VenFin Groep.

4. Uittreksels uit die akte van oprigting

Bylae 2 bevat uittreksels uit die akte van oprigting van VenFin wat handel met:

4.1 stemreg;

4.2 die reg tot dividende, kapitaal of wins en alle ander regte van die verskillende klasse aandele, insluitende aflossingsregte en regte met betrekking tot likwidasie en die distibusie van kapitaalbates;

4.3 die afsnypunt waarna aanspraak op dividende verval;

4.4 die vaste datum waarop aanspraak op dividende ontstaan;

4.5 die instemming benodig vir 'n verandering aan die regte verbonde aan aandele;

4.6 beheer oor die uitreik of vervreemding van gemagtigde, maar onuitgereikte aandele;

4.7 leningsmagte van VenFin en sy filiale. Geeneen van die leningsmagte is gedurende die laaste drie jaar oorskry nie; en

4.8 die dienstermyn, aanstelling, kwalifikasie en vergoeding van direkteure.

5. Inligting rakende direkteure

5.1 Direkteure se vergoeding

Die direkteure van Rembrandt is die volgende bedrae betaal gedurende die jaar geëindig op 31 Maart 2000:

	Salarisse R'm	Gelde R'm	Voordele R'm	Bonusse R'm
Uitvoerend	7,2	0,3	2,3	0,6
Nie-uitvoerend	0,1	0,1	–	–

Hierdie bedrae is nie noodwendig 'n aanduiding van wat in toekomstige jare deur VenFin betaal sal word nie. In die toekoms sal die vergoeding van VenFin se direkteure deur die Vergoedingskomitee van die direksie bepaal word in ooreenstemming met VenFin se akte van oprigting en die korporatiewe bestuursbeginsels waarna in 3 hierbo verwys is.

5.2 Direkteure se belang in transaksies

Geeneen van die direkteure van Rembrandt het enige belang in enige transaksie wat ongewoon is, of was, in die aard en voorwaardes daarvan of wesenlik met betrekking tot die besigheid van die Groep, en wat deur Rembrandt in werking gestel is nie:

– gedurende die huidige, of onmiddellik voorafgaande jaar; of

– gedurende 'n vroeëre finansiële jaar, en wat in enige opsig uitstaande of onverrig is.

5.3 Direkteure se belang in aandele

Op 31 Maart 2000 het die direkteure van Rembrandt gesamentlik 0,1% van Rembrandt se uitgereikte gewone aandelekapitaal gehou. Hierdie aandele is voordelig gehou, beide direk en indirek, behalwe dat indirekte belange gehou deur direkteure in ander genoteerde maatskappye, nie in berekening gebring is nie. Daar was geen noemenswaardige verandering in die aandeelhouding sedert die einde van die maatskappy se finansiële jaar op 31 Maart 2000 nie.

Na die ontbondeling sal dié direkteure van VenFin wat aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en/of TIB is op die laaste dag vir registrasie om aan die ontbondeling deel te neem, wat na verwagting Vrydag 22 September 2000 sal wees, aandele in VenFin en Remgro ontvang.

5.4 Direkteure se verklaring van verantwoordelikheid

Die direkteure, wie se name in die Korporatiewe inligting op bladsy 62 van hierdie hersiene noteringsbesonderhede verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting wat verskaf is en verklaar dat, na die beste van hul kennis en wete, daar geen ander feite is nie waarvan die weglating sal beteken dat hierdie verklaring vals en misleidend is, en dat hulle billike navrae gedoen het om sulke feite te probeer vasstel.

6. Finansiële inligting oor die maatskappy en sy filiale

Die verslaggewende rekenmeesters se verslag oor VenFin, soos uiteengesit in Bylae 1 van hierdie hersiene noteringsbesonderhede, bevat volledige inligting oor die VenFin Groep.

7. Opsies of voorkeurregte met betrekking tot aandele

Geen opsies of voorkeurregte om in te skryf op die aandele van VenFin of enige van sy filiale is aan enige iemand gegee nie. Die VenFin Aandeleskema, waarvan die hooftrekke uiteengesit word in Bylae 1 van die omsendskrywe waarvan hierdie hersiene noteringsbesonderhede deel is, maak voorsiening daarvoor dat VenFin-aandele aan werknemers van die VenFin Groep aangebied kan word ingevolge die bepalings van die skema.

8. Markwaarde van aandele

Bylae 3 bevat 'n tabel van die volumes van Rembrandt-aandele wat verhandel het en die markwaarde van die Rembrandt-aandele op die JA:

– op die eerste verhandelingsdag van elke kwartaal vir die tydperk 1 Julie 1997 tot 31 September 1999;
– op die eerste verhandelingsdag van elke maand vir die tydperk Oktober 1999 tot Julie 2000; en
– daagliks vanaf 1 Augustus 2000 tot die laaste praktiese datum.

Aandeelhouers moet in gedagte hou dat die inligting in Bylae 3 verwys na Rembrandt voor die herstrukturering en dat dit nie noodwendig 'n aanduiding is van die grense waarbinne VenFin-aandele na die herstrukturering sal verhandel nie.

9. Beherende en hoofaandeelhouers

9.1 Voor die herstrukturering is Rembrandt direk deur RBB en indirek deur Rembrandt Trust beheer. Na afloop van die ontbondeling sal Rembrandt Trust beheer uitoefen deur die sowat 42% van die stemreg verbonde aan al die uitgereikte aandele van VenFin.

9.2 Teen die laaste praktiese datum het die volgende aandeelhouers elk meer as 5% van die maatskappy se uitgereikte kapitaal gehou:

Naam van aandeelhouer	Hoeveelheid aandele gehou	Persentasie van aandele gehou
RBB	266 586 200	51,07
Standard Bank Genomineerdes (Eiendoms) Beperk	113 361 018	21,72
Nedcor Genomineerdes Beperk	31 428 188	6,02
ABSA Genomineerdes (Eiendoms) Beperk	27 290 111	5,23

9.3 Die identiteit van die hoofaandeelhouers in die maatskappy na die implementering van die herstrukturering sal afhang van die identiteit van aandeelhouers in Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB op die laaste dag van registrasie om deel te neem aan die ontbondeling, wat na verwagting Vrydag 22 September 2000 sal wees.

10. Algemene inligting

10.1 Vernaamste vaste eiendom

Die maatskappy en sy filiale besit of verhuur geen wesentlike vaste eiendom nie.

10.2 Verkryging en vervreemding van eiendom

Besonderhede oor:

– die verkryging gedurende die laaste drie jaar van enige aandele in, of die bedryfsonderneming van enige ander maatskappy of besigheid of vaste eiendom of ander vaste bates, of enige opsie om sulke eiendom te bekom; en
– aandele in, of die bedryfsonderneming van enige maatskappy of enige vaste eiendom of vaste bates wat gedurende die laaste drie jaar vervreem is,

word uiteengesit in Bylae 1 van hierdie hersiene noteringsbesonderhede.

10.3 Litigasie

Die maatskappy is nie bewus van enige wetlike of arbitrasie-geding (insluitende enige gedinge wat hangend of dreigend is) wat die afgelope 12 maande 'n wesentlike uitwerking op die VenFin Groep se finansiële posisie gehad het of kon gehad het nie.

10.4 Voldoende kapitaal

Volgens die direkteure van VenFin is die beskikbare bedryfskapitaal voldoende om in die afsienbare toekoms aan die Groep se vereistes te voldoen.

10.5 Wesentlike veranderinge

Daar was geen wesentlike veranderinge in die finansiële en handelsposisie van die VenFin Groep sedert die publisering van sy finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 nie.

10.6 Noemenswaardige kontrakte

Die VenFin Groep het nie enige noemenswaardige kontrakte aangegaan, anders as dié wat in die normale gang van die besigheid plaasvind nie.

Daar bestaan geen kontrakte tussen die maatskappy en sy direkteure nie en geen bestuurs-,

sekretariële of tegniese fooie word aan enige persoon betaal nie.

'n Ooreenkoms is bereik met M&I, om alle bestuurs- en professionele dienste vir beide Remgro en VenFin te verskaf en sodoende duplisering uit te skakel van oorhoofse kostes, soos rekeningkundige en regsdienste, menslike hulpbronadministrasie, intellektuele batedienste en ander ondersteunende funksies, wat kon ontstaan het as elkeen sy eie bestuursdienste onderneem het.

M&I sal befonds word deur fooie wat VenFin en Remgro betaal. Die fooie sal alle oorhoofse kostes dek wat ontstaan in die bestuur van die twee maatskappye en sal nie 0,463% per jaar van VenFin en Remgro se onderskeie markkapitalisasies, bereken op 'n maandelikse gemiddelde grondslag, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie verhoog of oorskry word nie sonder toestemming deur minstens 75% van alle klasse van VenFin-aandeelhouers. Die fooie sal maandeliks agterna betaal word.

M&I se aandeelhouers sal huidige en toekomstige werknemers wees. Rembrandt Trust sal 'n aandeel in M&I hê om kontinuïteit te verseker. Dit sal geen reg tot die inkomste of bates van M&I hê nie.

10.7 Deskundige se instemming

PricewaterhouseCoopers Ingelyf, die verslaggewende rekenmeesters van VenFin, het hul instemming gegee, en dit nie onttrek nie, vir die uitreik van hierdie hersiene noteringsbesonderhede, tesame met die rekenmeestersverslag in die vorm en verband waarin dit ingesluit is.

11. Notering op die Johannesburgse Aandelebeurs

Die JA het ingestem tot die verskuiwing van die notering van 486 493 650 VenFin gewone aandele van die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste na die Nywerheid – "Telekommunikasie" sektor by die aanvang van verhandeling op Dinsdag 26 September 2000. Die VenFin B-aandele sal nie genoteer word nie.

12. Dokumente beskikbaar vir inspeksie

Die volgende dokumente is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van VenFin, Coetzierstraat, Stellenbosch gedurende kantoorure vanaf Woensdag 30 Augustus 2000 tot Dinsdag 26 September 2000, beide datums ingesluit:

12.1 die aktes van oprigting en statute van elke maatskappy in die Groep;

12.2 die trustakte van die VenFin Aandeletrust;

12.3 die bestuurskontrak waarna in 10.6 hierbo verwys is;

12.4 die verslaggewende rekenmeesters se verslag; en

12.5 die finansiële jaarstate van Rembrandt vir die afgelope vyf finansiële jare.

Geteken deur, of namens, die direkteure op Stellenbosch op 22 Augustus 2000.

Johann Rupert	P J Erasmus
E de la H Hertzog	D M Falck
M H Visser	J Malherbe
P E Beyers	E Molobi
W E Bührmann	J A Preller
G D de Jager	P G Steyn
J W Dreyer	T van Wyk

Verslaggewende rekenmeesters se verslag oor VenFin

"Die Direkteure
VenFin Beperk
Coetzierstraat
Stellenbosch
7600

22 Augustus 2000

Geagte Here

Verslag van die onafhanklike verslaggewende rekenmeesters oor die pro forma finansiële inligting van VenFin Beperk ("VenFin" of " die maatskappy") (registrasienommer 1948/031037/06) en sy filiale en geassosieerde maatskappye ("die VenFin Groep"), onderhewig aan die implementering van die Rembrandt rasionalisasieskema

1. Inleiding

Tans bestaan die Rembrandt Groep uit 'n piramide van vier genoteerde maatskappye: Tegniese en Industriële Beleggings Beperk ("TIB"), Tegniese Beleggingskorporasie Beperk ("Tegkor"), Rembrandt Beherende Beleggings Beperk ("TBB") en Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt"). Rembrandt, die maatskappy aan die onderpunt van die piramide, is die houermaatskappy van die gediversifiseerde beleggings van die Rembrandt Groep. Gesamentlik word na al hierdie maatskappye verwys as die "Rembrandt Groep" of "die Groep".

Die direksies van die Rembrandt Groep het besluit om die Groep, met ingang van 1 April 2000, te herstruktureer onderworpe aan die goedkeuring van hulle aandeelhouers. Na afhandeling van die implementering van die rasionalisasieskema sal Rembrandt se beleggings gereorganiseer word in twee groepe van maatskappye. Rembrandt sal sy gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings oordra na Remgro Beperk ("Remgro") terwyl Remgro gelyktydig sal aansoek doen vir notering op die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA"). Remgro is tans 'n volfiliaal van Rembrandt. Rembrandt sal die Groep se tegnologie georiënteerde beleggings behou, genoteer bly op die JA en is tans in die proses om sy naam te verander na VenFin Beperk.

Op u versoek en vir doeleindes van VenFin se oordrag van sy gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings ("die transaksie"), lewer ons hiermee ons verslag oor die pro forma finansiële posisie en winsgeskiedenis van VenFin en die VenFin Groep in nakoming van die Noteringsvereistes van die JA.

Die finansiële inligting is voorberei met verwysing na die geouditeerde finansiële jaarstate van VenFin en die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die VenFin Groep vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000. Hierdie jaarstate was voorberei vanaf geouditeerde finansiële jaarstate van filiale en geassosieerde maatskappye behalwe vir 'n beperkte aantal geassosieerde maatskappye in gevalle waar hulle jaareinde verskil van dié van die maatskappy. In sulke omstandighede is die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye verantwoord met verwysing na die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate onderskeidelik soos op jaareinde. Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye stem nie noodwendig ooreen met dié van die VenFin Groep nie en geen aanpassings is daarvoor gemaak nie. Ongeouditeerde gepubliseerde inligting en bestuurstate word gebruik in streng navolging van Standpunt RE 110 oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk vir verantwoording van beleggings in geassosieerde maatskappye en geen aanpassings word gemaak nie aangesien die bedrae betrokke nie-wesenlik is vir die VenFin Groep.

Besonderhede van die rekeningkundige tydperke en oudits van die Rembrandt Groep word uiteengesit in die tabel hieronder:

Jaareinde	Tydperk	Ouditeure	Ongekwalifiseerde ouditverslag
31 Maart 1996	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1997	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1998	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1999	12 maande	PricewaterhouseCoopers Ing.	Ja
31 Maart 2000	12 maande	PricewaterhouseCoopers Ing.	Ja

PricewaterhouseCoopers Ing. is en Coopers & Lybrand en Price Waterhouse was Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA).

2. Geskiedenis

Op 2 September 1948 is VenFin geïnkorporeer in die Republiek van Suid Afrika as Rembrandt Tabakkorporasie (S.A.) Beperk. Op 31 Oktober 1969 het Rembrandt Tabakkorporasie (S.A.) Beperk sy naam verander na Rembrandt Groep Beperk. Die maatskappy is in die proses om sy naam te verander na VenFin Beperk.

Die onderstaande tabel dui die besonderhede van maatskappye aan waarin VenFin 'n effektiewe ekwiteitsbelang van 20% of meer gehad het op 31 Maart 2000, in die veronderstelling dat die transaksie reeds effektief was op daardie datum, en wat as wesenlik beskou word vir die maatskappy.

Naam	Persentasie belang	Aard van bedrywighede
Rupert Partnership In Industry Beperk	100	Beleggingshouermaatskappy
Remgro Holdings Beperk – Jersey – Gehou deur Remgro Holdings Beperk – Jersey – R & V Holdings Beperk – Jersey	33,3	Kontantbronne
RGH Holdings Soc. An. – Luxembourg	100	Beleggingshouermaatskappy
Tracker Investment Holdings (Edms) Beperk	42,9	Voertuig opsporings-tegnologie
British American Tobacco Manufacturing SA (Edms) Beperk*	20	Vervaardiging van tabakprodukte
Intercontinental Tobacco Company (Edms) Beperk*	20	Bemarking en verspreiding van tabakprodukte
Fibalogic (Edms) Bpk	96	Gepatenteerde warmwater silinders

* Hierdie maatskappye is filiale van British American Tobacco South Africa (Edms) Beperk.

Besonderhede van ander maatskappye waarin VenFin 'n effektiewe ekwiteitsbelang van minder as 20% gehad het op 31 Maart 2000, in die veronderstelling dat die transaksie effektief was op daardie datum, en wat as wesenlik beskou word vir die maatskappy word hieronder weergegee.

Naam	Persentasie belang	Aard van bedrywighede
Compagnie Financière Richemont AG		Luukse goedere
– A eenhede (Switserland)	0,8	
– Deposito bewyse (Johannesburg)	1	
Luna Corporation Beperk	13,6	Beleggingshouermaatskappy
– Gehou deur Luna Corporation Beperk:		
– Southern African Investments Beperk (63,3%)	8,6	Sport en vermaak
Vodacom Groep (Edms) Beperk	13,5	Sellulêre kommunikasie
Psitek (Edms) Beperk	17,8	Gespesialiseerde telefonie produkte
Inala Technology Investments (Edms) Beperk	18,8	Telekommunikasie en elektronika

Verwys asseblief na Afdeling 12 vir gebeure wat plaasgevind het na 31 Maart 2000.

Al die maatskappye hierbo is geoudit en verslag is gelewer sonder kwalifikasie vir die vyf jaar geëindig 31 Maart 2000.

3. Direkteure se verantwoordelikheid

Die direkteure van TIB, Tegkor, RBB en Rembrandt is verantwoordelik vir die opstel van die gesamentlike omsendskrywe aan die aandeelhouers van die Groep, insluitende die hersiene noteringsbesonderhede waarna hierdie rekenmeestersverslag verwys, en alle inligting daarin vervat. Die direkteure van VenFin is verantwoordelik vir die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate wat gebruik is in die opstel van die rekenmeestersverslag.

4. Omvang van ons ondersoek

Die pro forma finansiële inligting in hierdie verslag is saamgestel vanaf die geouditeerde finansiële jaarstate van VenFin en die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die VenFin Groep vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000. Hierdie finansiële state is geoudit en verslag gedoen oor soos uiteengesit in Afdeling 1 van hierdie verslag.

5. Rekeningkundige beleid

5.1 Rekeningkundige beleid

Die pro forma finansiële inligting in hierdie verslag is saamgestel vanaf die geouditeerde finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate van VenFin wat opgestel was in terme van Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (die “Standpunte”) op die wyse vereis deur die Maatskappywet in Suid-Afrika, volgens die lopende saak grondslag en inkorporeer volle en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate word volgens die historiese koste grondslag opgestel en inkorporeer die volgende vernaamste rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is in alle wesenlike opsigte in die rekenmeestersverslag en inkorporeer dus die veranderinge in rekeningkundige beleid soos uiteengesit in aantekening 5.2. Hierdie rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met die Standpunte wat van krag was op 31 Maart 2000 en voldoen dus nie noodwendig aan Standpunte wat van krag geword het na daardie datum nie.

5.1.1 Konsolidasie, eweredige konsolidasie en ekwiteitsverantwoording

Voorkeuraandele en skuldbriewe wat verpligtend omskepbaar is, word vir doeleindes van konsolidasie, eweredige konsolidasie en ekwiteitsverantwoording ook as deel van die maatskappy se permanente ekwiteitskapitaal beskou.

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet as filiaalmaatskappye gedefinieer word, word op die gebruiklike wyse in die gekonsolideerde state ingesluit. Intergroep transaksies en saldo’s word uitgeskakel.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Maatskappye wat nòg filiale nòg gesamentlike ondernemings is, maar waarin ’n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële- en bedryfsbeleid ’n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate op jaareinde onderskeidelik, verantwoord. Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye is nie in alle gevalle in ooreenstemming met dié van die groep nie en geen aansuiwerings word hiervoor gemaak nie. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderings in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord.

Klandisiewaarde

Die klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die toeskryfbare netto bates van die filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangverkryging. Negatiewe klandisiewaarde word ingesluit in nie-verdeelbare reserwes. Klandisiewaarde word afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes.

5.1.2 Vaste bates en waardevermindering

Gekapitaliseerde bruikhure – bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, word teen die ekwivalente kontant koopprys gekapitaliseer. Gekapitaliseerde bruikhuurbates word ingevolge die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf. Bruikhuur finansieringskoste word oor die tydperk van die bruikhuur ingevolge die effektiewe rentekoers metode afgeskryf.

Voorproduksiekoste en rente – voorproduksiekoste en rente op geleende fondse ten opsigte van wesenlike kapitaalprojekte onder konstruksie word gekapitaliseer totdat sodanige bates voltooi is en gereed is vir inbedryfstelling.

Huurverbeteringe – word getoon teen kosprys en word afgeskryf oor die termyne van die huurkontrakte.

Masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen kosprys getoon. Waardevermindering word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien.

Handelsmerke, gebruiksregte en patente – word getoon teen kosprys en word afgeskryf op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur.

Navorsing- en ontwikkelingskoste – navorsing- en ontwikkelingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die erkende bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf.

5.1.3 Beleggings

Geassosieerde maatskappye – word teen kosprys getoon na aansuiwering vir klandisiewaarde. In die gekonsolideerde jaarstate word die groep se belang in na-verkrygingsreserwes en behoue inkomste wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is by die kosprys getel.

Ander langtermynbeleggings – word teen kosprys getoon plus vorige ekwiteits-aansuiwerings van beleggings wat nie langer as geassosieerde maatskappye geklassifiseer word nie, min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings word as uitsonderlike items verantwoord.

Portefeuljebeleggings – word teen kosprys getoon min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word in normale inkomste verantwoord.

5.1.4 Voorraad

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste bepaal word is die eerste-in-eerste-uit kostemetode. Waar van toepassing, word voorsiening vir stadigbewegende en verouderde voorraad gemaak. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

5.1.5 Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word volgens die omvattende grondslag verantwoord. Batige uitgestelde belasting word slegs verantwoord wanneer die realisering daarvan in die afsienbare toekoms redelik seker is.

5.1.6 Buitelandse valuta

Transaksies in buitelandse geldeenhede word geboekstaaf teen die wisselkoerse wat op die transaksiedatums heers. Monetêre items in buitelandse valuta word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na Suid-Afrikaanse Rand omgereken. Wisselkoersverskille wat hieruit en uit termynvalutakontrakte ontstaan, word in inkomste verantwoord.

Bates, laste en reserwes van buitelandse entiteite word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na Suid-Afrikaanse Rand omgereken. Bedryfsresultate van buitelandse filiale en inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye word na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen 'n gemiddeld van die wisselkoerse wat vir elke betrokke geldeenheid gedurende die jaar geheers het. Verskille wat met omrekening ontstaan, word as wisselkoersaanpassings in reserwes verantwoord.

5.1.7 Finansiële instrumente

Finansiële instrumente sluit in items in die balansstaat getoon asook buite-balansstaat instrumente.

Finansiële instrumente in die balansstaat getoon sluit in kontantmiddele, beleggings, debiteure, krediteure, voorsienings, bruikhure en lenings.

Die billike waarde en die metodes van erkenning van finansiële instrumente word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

5.1.8 Inkomste erkenning

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesenlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is.

Rente word op 'n tydsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang gevestig word.

5.2 Verandering in rekeningkundige beleid gedurende die periodes onder oorsig

Effektief 1 April 1999

Die beleid ten opsigte van verantwoording van inkomste vanaf buitelandse geassosieerde maatskappye is verander om te voldoen aan die gewysigde Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met betrekking tot beleggings in geassosieerde maatskappye.

Die volle toeskryfbare netto inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye word gevolglik na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen 'n gemiddeld van die wisselkoerse wat vir elke betrokke geldeenheid gedurende die verslagperiode geheers het. Voorheen is slegs die behoue gedeelte van inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen die gemiddelde wisselkoerse, terwyl die dividende ontvang verantwoord was teen die wisselkoerse wat op die transaksiedatums geheers het.

Die vergelykende syfers vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 1999 is hersaamgestel.

Effektief 1 April 1998

Die drawaarde van beleggings in geassosieerde maatskappye het voorheen die kosprys van beleggings plus ekwiteitsaansuiwerings ingesluit en geen aansuiwerings is gemaak vir enige klandisiewaarde en negatiewe klandisiewaarde nie.

Die rekeningkundige beleid met betrekking tot die verantwoording van klandisiewaarde en negatiewe klandisiewaarde ten opsigte van geassosieerde maatskappye is gedurende die 1999 finansiële jaar gewysig. Klandisiewaarde word nou afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes. Negatiewe klandisiewaarde word ingesluit in nie-verdeelbare reserwes. Hierdie verandering het geen uitwerking op die groep se resultate gehad het. Die vergelykende syfers is derhalwe nie hersaamgestel nie.

Effektief 1 April 1997

Die rekeningkundige beleid vir die verantwoording van uitgestelde belasting is vanaf die gedeeltelike na die omvattende grondslag verander. Die het nie 'n wesenlike uitwerking op die groep se resultate gehad nie en die vergelykende syfers is derhalwe nie hersaamgestel nie.

6. Balansstate

Die pro forma finansiële posisie van VenFin ("maatskappy") en die VenFin Groep ("gekonsolideerd") word hieronder uiteengesit. Die balansstate is gebaseer op die geouditeerde maatskappy en gekonsolideerde finansiële jaarstate soos op 31 Maart 2000 nadat ons sulke aanpassings gemaak het as wat ons nodig geag het in die omstandighede ten einde die maatskappy en gekonsolideerde posisie so weer te gee asof die gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings wat oorgedra is in terme van die transaksie nie deel was van die VenFin Groep op 31 Maart 2000 nie.

	Antekeninge	Gekonsolideerd Op 31 Maart 2000 R'm	Maatskappy Op 31 Maart 2000 R'm
KAPITAAL AANGEWEND			
Aandelekapitaal	8.1	8	8
Aandelepremie		26	26
Reserwes	8.2	3,965	5,132
Totale aandeelhouersbelang		3,999	5,166
Rentedraende skuld – korttermynlenings	8.3	3	–
		4,002	5,166
AANWENDING VAN KAPITAAL			
Vaste bates	8.4	2	–
Beleggings	8.5	2,643	5,320
Bedryfsbates		1,363	5
Voorraad	8.6	2	–
Debiteure en rentevrye korttermynlenings	8.7	669	1
Kontantmiddele[(1)]		691	3
Belasting		1	1
Totale bates		4,008	5,325
Rentevrye skuld		6	159
Krediteure	8.8	5	159
Belasting		1	–
		4,002	5,166
Hoeveelheid uitgereikte VenFin aandele ('000)		522 000	522 000
Netto bate boekwaarde per VenFin aandeel (Rand)[(2)]		7,67	9,90

Aantekening:

(1) Uitgesluit VenFin se belang in die kontantmiddele gehou deur 'n geassosieerde maatskappy, R&V Holdings Beperk, en sy filiaalmaatskappye.

(2) In die berekening van die netto bate boekwaarde per aandeel is die totale hoeveelheid VenFin gewone aandele (486 493 650) en B-aandele (35 506 352) gebruik wat uitgereik sal wees na die transaksie. Die balansstate uiteengesit hierbo bevat nie enige wesenlike ontasbare bates nie.

Die vergelykende pro forma balansstate vir die maatskappy en gekonsolideerd op 31 Maart 1999 word nie in hierdie verslag weergegee nie aangesien die Groep eers op 1 April 2000 tot stand gekom het.

7. Winsgeskiedenis

Die gekonsolideerde pro forma resultate van die VenFin Groep word hieronder weergegee. Hierdie resultate is gebaseer op die geouditeerde maatskappy en gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000 nadat sulke aanpassings, as wat ons nodig geag het, gemaak is ten einde die gekonsolideerde resultate weer te gee asof die gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings nie deel was van die VenFin Groep vir die periodes onder oorsig nie.

	Aantekeninge	Jare geëindig 31 Maart 2000 R'm	1999 R'm	1998 R'm	1997 R'm	1996 R'm
Omset	8.9	231	373	199	159	129
Netto bedryfsinkomste voor belasting	8.10	156	228	184	189	130
Belasting	8.11	35	85	63	51	42
Netto bedryfsinkomste na belasting		121	143	121	138	88
Ekwiteitsaansuiwering: Belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	8.12	424	320	223	134	120
Netto inkomste voor uitsonderlike items en amortisasie		545	463	344	272	208
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye		(12)	–	–	–	–
Uitsonderlike items	8.13	2	(14)	(3)	(4)	46
Toeskryfbare netto inkomste		535	449	341	268	254
Wesensverdienste rekonsiliasie:						
Toeskryfbare netto inkomste		535	449	341	268	254
Plus/(Minus) – toeskryfbaar aan eie lede:						
– Uitsonderlike items		(2)	13	3	4	(45)
– Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye		12	–	–	–	–
Netto oorskot, na belasting, met verkoop van vaste bates		1	–	–	–	–
Wesensverdienste		546	462	344	272	209
Hoeveelheid VenFin aandele uitgereik ('000) [1]		522 000	522 000	522 000	522 000	522 000
Wesensverdienste per aandeel (sent)		104,6	88,5	65,9	52,1	40,0
Verdienste per aandeel (sent)		102,5	86,0	65,3	51,3	48,7
Soos geopenbaar in die gepubliseerde finansiële state van VenFin (Voorheen Rembrandt Groep Beperk):						
Hoeveelheid VenFin aandele uitgereik ('000)		522 000	522 000	522 000	522 000	522 000
Wesensverdienste per aandeel (sent)		590,0	538,1	422,6	369,5	282,4
Verdienste per aandeel (sent)		522,0	535,1	404,0	422,6	283,7
Dividend per aandeel (sent)						
– gewoon		120,0	104,4	88,4	76,8	62,5
– spesiaal		30,0	100,0	–	–	–

Aantekening:

(1) In die berekening van die wesensverdienste en verdienste per aandeel is die totale hoeveelheid VenFin gewone aandele (486 493 650) en B aandele (35 506 352) gebruik, wat pari passu rangeer t.o.v. winsdeling met die gewone aandele, wat uitgereik sal wees na die implementering van die Groep rasionalisasie skema.

8. Aantekeninge by die balansstate en winsgeskiedenis

		Op 31 Maart 2000 R'm
8.1	Aandelekapitaal	
	Gemagtig (na die transaksie)	
	512 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	5,1
	40 506 352 B aandele van 10 sent elk	4,1
		9,2
	Uitgereik (na die transaksie)	
	486 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	4,9
	35 506 352 B aandele van 10 sent elk	3,5
		8,4

8.2 Reserwes

8.2.1 Die maatskappy

Nie-verdeelbare reserwes	21
Verdeelbare reserwes:	
Onverdeelde inkomste	5,111
	5,132

8.2.2 Gekonsolideerd

Statutêre nie-verdeelbare reserwes	41
Algemene kapitaalreserwes	435
Ekwiteitsreserwes	1,186
Totale nie-verdeelbare reserwes	1,662
Verdeelbare reserwes – onverdeelde inkomste	2,303
Totale reserwes	3,965

By die onderskeie reserwes hierbo is daar reserwes ten bedrae van R399 miljoen ingesluit wat ontstaan het met die omskakeling van buitelandse valuta.

8.3 Korttermynskuld

Oortrokke bank	3

Die oortrokke bank is as volg verseker:

– Sessie van handelsdebiteure van R2,3 miljoen;

– 'n Notariële verband van R1 miljoen oor voorraad.

8.4 Vaste bates

	Kosprys of waardasie R'm	Op 31 Maart 2000 Opgelope waardevermindering R'm	Netto waarde R'm
Huurverbeteringe	1	–	1
Masjinerie en toerusting	2	1	1
Voertuie	*	*	*
Kantoortoerusting	*	*	*
Handelsmerke en gebruiksregte	*	*	*
	3	1	2

* Bedrae kleiner as R500 000.

	Op 31 Maart 2000 R'm
Waardeverminderingskoerse is soos volg:	%
Huurverbeteringe	5 –10
Masjinerie en toerusting	16.67 – 33.3
Voertuie	20
Kantoortoerusting	16.67 – 33.3
Handelsmerke en gebruiksregte	10

Rekonsiliasie van drawaarde aan begin en einde van die jaar	Huurver-beteringe R'm	Masjinerie, toerusting en voertuie R'm	Handelsmerke en gebruiksregte R'm	Totaal R'm
Saldo's aan begin van jaar	1	1	*	2
Toevoegings	*	*	*	*
Vervreemdings	–	*	–	*
Waardevermindering	*	*	*	*
Saldo's aan einde van jaar	1	1	–	2

* Bedrae kleiner as R500 000.

	Op 31 Maart 2000 R'm
8.5 Beleggings	
8.5.1 Die maatskappy	
Ongenoteerde filiaalmaatskappye:	
Aandele – teen kosprys	11
Voorskotte en lenings	5,309
	5,320

Voorskotte en lenings is onverseker, rentevry en geen terugbetalingvoorwaardes bestaan nie.

		Op 31 Maart 2000		
		Genoteer R'm	Ongenoteer R'm	Totaal R'm
8.5.2	*Gekonsolideerd*			
	Langtermynbeleggings			
	Geassosieerde maatskappye			
	Aandele – teen kosprys na afskrywing van klandisiewaarde	–	59	59
	Ekwiteitsaansuiwering	–	1,185	1,185
	Drawaarde	–	1,244	1,244
	Skuldbriewe en langtermynlenings	–	174	174
		–	1,418	1,418
	Ander langtermynbeleggings:			
	Aandele – teen kosprys	1,085	60	1,145
		1,085	1,478	2,563
	Portefeuljebeleggings			
	Verhandelbare effekte – teen kosprys min afskrywings	80	–	80
		1,165	1,478	2,643
	Markwaarde van genoteerde beleggings			
	Ander langtermynbeleggings	1,799	–	1,799
	Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings			
	Geassosieerde maatskappye	–	10,279	10,279
	Ander langtermynbeleggings	–	60	60
	Markwaardes en direkteurswaardasies	1,799	10,339	12,138
	Oorskot van markwaardes en direkteurs-waardasies bo boekwaarde van beleggings			
	– Toeskryfbaar aan eie lede	634	8,861	9,495

		Op 31 Maart 2000 R'm
8.6	Voorraad	
	Grondstowwe	1
	Klaarprodukte	1
	Onvoltooide werk	*
	Verbruiksgoedere	*
		2

'n Notariële verband van R1 miljoen oor voorraad dien as sekuriteit vir die oortrokke bank. Verwys na aantekening 8.3.

* Bedrae kleiner as R500 000.

8.7 Debiteure en rentevrye korttermynlenings

8.7.1	**Die Maatskappy**	
	Diverse debiteure	1
8.7.2	**Gekonsolideerd**	
	Handelsdebiteure	2
	Diverse debiteure	13
	Rentevrye lening	654
		669

Handelsdebiteure is gesedeer aan die bank as sekuriteit vir die oortrokke bank.
Verwys na aantekening 8.3.

Die rentevrye lening stem ooreen met die maatskappy se een-derde belegging in 'n rentevrye verpligting van een van sy geassosieerde maatskappye, R & V Holdings Beperk aan die Remgro Groep. Die lening en skuld sal gelyktydig uitgewis word na die implementering van die transaksie.

		Op 31 Maart 2000 R'm
8.8	Krediteure	
8.8.1	**Die Maatskappy**	
	Diverse krediteure	159
8.8.2	**Gekonsolideerd**	
	Handelskrediteure	2
	Diverse krediteure	3
		5

8.9 Omset

Omset bestaan uit netto verkope van produkte, dividende en rente. Inter-groeptransaksies word uitgeskakel.

	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 1999 R'm
Inkomste van filiale	8	9
Dividende	77	116
Rente	146	248
Totale inkomste	231	373

8.10 Netto bedryfsinkomste

Netto bedryfsinkomste voor belasting word getoon nadat die volgende in aanmerking geneem is:

Inkomste		
Rente – ongenoteerde beleggings en depositos	146	248
Oorskot met verkoop van vaste bates	–	*
Wisselkoerswinste	16	7
Uitgawes		
Koste van verkope	8	10
Wisselkoersverliese	–	5
Waardevermindering		
Huurverbeteringe	*	*
Masjinerie en toerusting	*	*
Voertuie	*	*
Kantoortoerusting	*	*
Handelsmerke en gebruiksregte	*	*
Huur		
Grond en gebou	*	1
Masjinerie en toerusting	*	*
Kantoortoerusting	-	*
Ouditeursvergoeding:		
Ouditdienste	*	*
Ander dienste	*	*
Professionele gelde	1	*
Administrasie – en bestuursgelde	1	*

* Bedrae minder as R500 000.

	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 1999 R'm
8.11 Belasting		
8.11.1 Belasting in inkomstestaat		
Lopend		
– Huidige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting	35	84
– Buitelandse belasting	*	1
	35	85

* Bedrae kleiner as R500 000.

8.11.2 Rekonsiliasie van effektiewe belastingkoers met standaardkoers		
Belasting as 'n persentasie van netto bedryfsinkomste voor belasting:		
Effektiewe belastingkoers	25,2	38,2
Verlaging/(Verhoging) in standaardkoers as gevolg van:		
Permanente verskille en buitelandse belasting	5,1	(0,4)
Tydsberekeningsverskille nie voorsien nie	(0,1)	–
Belastingverliese van vorige tydperke benut	0,6	–
Belastingverliese wat in toekomstige tydperke benut kan word	(0,8)	(2,8)
Standaardkoers (%)	30,0	35,0

8.11.3 Sekondêre Belasting op Maatskappye ("SBM")		
Die SBM krediete op 31 Maart, wat verreken kan word teen toekomstige dividendbetalings bedra:		
Die Maatskappy	205	91
Filiaalmaatskappye	24	22
	229	113

8.11.4 Belastingverliese		
Beraamde belastingverliese wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	25	20

8.12 Ekwiteitsaansuiwerings		
Belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	424	320
Gedeelte ingesluit onder uitsonderlike items	(36)	(12)
Gedeelte ingesluit onder amortisasie van klandisiewaarde	(12)	–
Belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye na uitsonderlike items en amortisasie	376	308
Dividende van geassosieerde maatskappye	(58)	(110)
Belang in netto inkomste deur geassosieerde maatskappye behou	318	198
Wisselkoersverskille met omrekening tussen gemiddelde koerse en jaareindkoerse	10	12
Gedeelte van verliese van geassosieerde maatskappye verreken teen verdeelbare reserwes	–	3
Ekwiteitsaansuiwering oorgeplaas na nie-verdeelbare reserwes	328	213
Bedrag van die belang in netto (verliese)/inkomste, na uitsonderlike items en amortisasie, deur geassosieerde maatskappye behou, wat verantwoord is vanuit ongeouditeerde tussenverslae en bestuurstate	(2)	3

Die onderstaande tabel dui die samestelling van ekwiteitsverantwoorde inkomste van beduidende geassosieerde maatskappye aan:

	Effektiewe belang %	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 1999 R'm
Vodacom Groep (Edms) Beperk	13,5	174	108
R&V Holdings Beperk – Jersey	33,3	249	209
Ander		1	3
		424	320

	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 1999 R'm
8.13 Uitsonderlike items		
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye is soos volg saamgestel:		
Bedrae voorheen voorsien teen vaste bates en beleggings - teruggeskryf	33	–
Netto kapitaalsurplus/(verlies) met verkoop van langtermynbeleggings en besighede	5	(4)
Ander	–	2
	38	(2)
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye:		
Herstruktureringskoste van British American Tobacco plc	(61)	–
Ander	25	(12)
Totaal – toeskryfbaar aan eie lede	2	(14)
8.14 Dividendinkomste		
Ingesluit in bedryfsinkomste		
– Genoteer	15	6
– Ongenoteer – filiaalmaatskappye	4	–
	19	6
Dividende van geassosieerde maatskappye verreken teen ongenoteerde beleggings	58	110

8.15 Direkteursvergoeding

	Jaar geëindig 31 Maart 2000		Jaar geëindig 31 Maart 1999	
	Uitvoerend R'm	Nie-uitvoerend R'm	Uitvoerend R'm	Nie-uitvoerend R'm
Gelde	0,3	0,1	0,2	0,1
Salarisse	7,2	0,1	6,5	0,1
Voordele	2,3	–	2,0	–
Bonusse	0,6	–	0,7	–
	10,4	0,2	9,4	0,2

Die bedrae hierbo toon die direkteursvergoeding betaal deur Rembrandt Groep Beperk aan die direkteure van Rembrandt Groep Beperk vir die jare onder oorsig en is nie noodwendig 'n aanduiding van wat VenFin Beperk sou betaal het as die transaksie effektief was gedurende daardie periodes nie. In die toekoms, onderhewig aan die implementering van die transaksie, sal die vergoeding van VenFin se direkteure vasgestel word deur die Vergoedingskomitee van die raad van direkteure. Alle direkteure sal vergoed word deur 'n bestuursmaatskappy buite die VenFin Groep. Die VenFin Groep sal die bestuursmaatskappy gelde betaal vir direkteurs- en ander dienste.

	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 1999 R'm
8.16 Langtermyn bestuursaansporingskema		
Na-belaste koste van die skema wat verreken is teen inkomste ten opsigte van:		
Uitvoerende direkteure van Rembrandt Groep Beperk	10	2
Ander deelnemers	1	–
	11	2

Die bedrae hierbo toon die koste van die skema betaal deur Rembrandt Groep Beperk ten opsigte van Rembrandt Groep Beperk deelnemers vir die jare onder oorsig en is nie noodwendig 'n aanduiding van wat VenFin Beperk sou betaal het indien die transaksie effektief was gedurende daardie periodes nie.

Hierdie langtermyn bestuursaansporings sal vervang word deur alternatiewe reëlings om bestuur op langtermyn aan te spoor.

8.17 Kapitaalverpligtinge

Geen kapitaalverpligtinge het bestaan op 31 Maart 2000 nie.

8.18 Finansiële instrumente

8.18.1 Kredietrisiko

Finansiële bates wat onderhewig is aan kredietrisiko, bestaan hoofsaaklik uit kontantmiddele en debiteure.

Kontantmiddele word by verskeie finansiële instellings geplaas onderhewig aan goedgekeurde limiete. Al die betrokke instellings geniet hoë aansien. Debiteure word getoon netto van 'n voorsiening vir twyfelagtige skuld.

8.18.2 Rentekoersrisiko

Filiaalmaatskappye volg normaalweg 'n beleid om te verseker dat lenings teen markverwante koerse aangegaan word, ten einde rentekoersrisiko's te beperk.

8.18.3 Billike waarde

Op 31 Maart 2000 is die billike waarde van die finansiële instrumente gelyk aan hul drawaarde.

8.19 Waarborge

	Op 31 Maart 2000 R'm
Waarborge deur filiaalmaatskappye	26

Daar bestaan geen waarborge deur die maatskappy ten opsigte van sy geassosieerde maatskappye nie.

8.20 Aftreevoordele

Die maatskappy en sy filiale is hoofsaaklik beleggingshouermaatskappye. Die maatskappy se filiaal, Fibalogic (Eiendoms) Beperk, wat 'n bedryfsmaatskappy is, voorsien nie aftreevoordele aan sy werknemers nie.

8.21 Na-aftrede mediese voordele

Die VenFin Groep het nie nodig gehad om na-aftrede mediese voordele te voorsien nie, vir die redes uiteengesit in 8.20 hierbo.

8.22 Verwante party inligting

Transaksies

Verwante party transaksies word op 'n armlengte grondslag aangegaan.

Filiale

Besonderhede van beleggings in en inkomste van filiale verskyn in aantekeninge 8.5 en 8.14 onderskeidelik. Verwys asseblief ook na die besonderhede soos uiteengesit in Afdeling 2 van die verslag.

Geassosieerde maatskappye

Besonderhede van beleggings in en inkomste vanaf geassosieerde maatskappye verskyn in aantekeninge 8.5 en 8.12 onderskeidelik. Rente inkomste vanaf geassosieerde maatskappye bedra R21 miljoen en is ingesluit in rente inkomste. Verwys asseblief ook na die besonderhede soos uiteengesit in Afdeling 2 van die verslag.

Direkteure

Besonderhede van direkteure se vergoeding word in aantekening 8.15 weergegee.

9. Kontantvloeistate

Geen kontantvloeistate word aangebied nie aangesien die VenFin Groep eers op 1 April 2000 tot stand gekom het.

10. Wesenlike bates wat nie besit word nie

Die groep maak nie gebruik van enige wesenlike gehuurde bates nie.

11. Aanspreeklikhede

Geen voorwaardelike aanspreeklikhede het bestaan op die datum van hierdie verslag nie.

12. Na-balansstaat gebeure

Die volgende is die wesenlike gebeure wat plaasgevind het sedert 31 Maart 2000:

12.1 VenFin het gedurende April 2000, deur 'n ruil van 484 200 Compagnie Financière Richemont AG depositobewyse 'n verdere 22,4% belang, teen 'n prys van R70,7 miljoen in Luna Corporation Beperk bekom wat die VenFin belang op 36% te staan bring.

12.2 VenFin het in April 2000 onderneem om 'n belang in Midi-TV, die houermaatskappy van e.tv, te bekom deur R280 miljoen te belê. Die strukturering van die belegging is onderhewig aan die goedkeuring van die Onafhanklike Uitsaai Owerheid.

12.3 Gedurende Junie 2000 het VenFin 'n 5% belang in Broadlink Beperk bekom vir £1,5 miljoen. Broadlink Beperk is 'n oorsese maatskappy wat data saampersende tegnologie ontwikkel.

12.4 Gedurende Julie 2000 het VenFin 'n 12.7% belang in eCompany Holdings Beperk bekom vir 'n bedrag van R25 miljoen. Die maatskappy ontwikkel en verskaf verpakte tegnologie en besigheidsoplossings vir elektroniese handel.

12.5 Met die aflossing van een-helfte van die omskepbare aflosbare voorkeuraandele gehou in British American Tobacco plc op 7 Junie 2000 het R & R Holdings Soc. An., 'n geassosieerde maatskappy in die Remgro Groep, die opbrengs van £695 miljoen oorgedra na R & V Holdings Beperk – Jersey, 'n geassosieerde maatskappy van die VenFin Groep, as terugbetaling van 'n bestaande lening. Verwys asseblief na aantekening 12.2 van die Remgro rekenmeestersverslag ingesluit in die Remgro Voornoteringsverklaring.

12.6 Gedurende Mei 2000 het VenFin 'n belang van 10% bekom in Intervid Beperk ("Intervid") vir die bedrag van R23 miljoen. Gedurende Augustus 2000 het VenFin sy aandeelhouding in Intervid verhoog tot 12,6% met 'n verdere aankoop van aandele teen 'n koste van R11 miljoen. Intervid is 'n maatskappy genoteer op die Johannesburgse Aandelebeurs.

12.7 Gedurende Julie 2000 het VenFin 'n belang in iTouch plc ("iTouch") bekom vir die bedrag van £5 miljoen. iTouch, wat op die Londense Aandelebeurs genoteer is, is 'n internasionale verskaffer van inligtings- en besigheidsdienste aan mobiele verbruikers en mobiele oplossings aan korporatiewe kliënte.

Geen van die bogenoemde balansstaat gebeure sal 'n wesenlike aanpassing aan die pro forma verdienste en netto bate boekwaarde per aandeel op 31 Maart 2000 veroorsaak nie.

13. Mening

Ons ondersoek van die inligting vervat in hierdie verslag was beperk tot 'n oorsig van die geouditeerde finansiële jaarstate van Venfin Beperk en die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die VenFin Groep. Ons het ons oorsig uitgevoer in ooreenstemming met die standpunt van Suid-Afrikaanse Oudit Standaarde wat van toepassing is op oorsigaanstellings. Hierdie standpunt vereis dat ons die oorsig beplan en uitvoer om beperkte gerusstelling te verskaf dat die finansiële inligting vry is van wesenlike wanvoorstelling. 'n Oorsig is primêr beperk tot navrae aan die maatskappy se personeel en analitiese prosedures.

Ons oorsig het niks aan die lig gebring wat ons laat glo dat die nie-finansiële en finansiële inligting, soos uiteengesit in afdelings 5 tot 12 van hierdie verslag, nie redelik weergegee is in alle wesenlike opsigte soos in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis nie.

14. Toestemming

Hiermee verleen ons toestemming tot die insluiting van hierdie verslag en ons mening in die gesamentlike omsendskrywe aan aandeelhouers van TIB, Tegkor, RBB, Rembrandt en Remgro, insluitend die hersiene noteringsbesonderhede van VenFin, in die vorm en konteks waarin dit verskyn.

Die uwe

PricewaterhouseCoopers Ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

Bellville"

Uittreksels uit die statute van VenFin

Beheer oor die uitreik en vervreemding van gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal

3.2 Waar die maatskappy in algemene vergadering 'n algemene magtiging aan die direkteure verleen het, mag die direkteure na goeddunke enige onuitgereikte aandele toeken, opsies daarop verleen of andersins daarmee handel of dit van die hand sit aan sodanige persone, op sodanige tye, onderhewig aan sodanige bepalings en voorwaardes en teen sodanige vergoeding, hetsy in kontant of andersins betaalbaar, as wat die direkteure mag goed ag.

Wysiging van regte verbonde aan aandele

17.1.1 Indien die aandelekapitaal te eniger tyd in verskillende aandeleklasse verdeel word, mag al of sommige van die spesiale regte of voorregte wat aan enige aandeleklas, met insluiting van die pari-waarde van die aandele, kleef:

17.1.1.1 slegs gewysig of herroep word by wyse van spesiale besluit en met:

17.1.1.1.1 die voorafgaande skriftelike toestemming van drie-kwart van die houers van die uitgereikte aandele van daardie klas; of

17.1.1.1.2 die voorafgaande magtiging verleen by wyse van 'n besluit aangeneem deur drie-kwart van die houers van die aandele van daardie klas wat persoonlik of by volmag aanwesig is en stem op 'n afsonderlike algemene vergadering;

17.1.1.2 gewysig of herroep word soos in artikel 17.1.1.1 bepaal, hetsy die maatskappy gelikwideer word of 'n likwidasie daarvan beoog word, al dan nie.

Stemreg

27.1.1 Behoudens die bepalings van die statute en enige spesiale bepalings ten aansien van stemreg, wat by uitreiking van enige aandeel neergelê mag word of wat van tyd tot tyd aan 'n aandeel mag kleef, is elke lid:

27.1.1.1 indien die aandelekapitaal verdeel is in aandele met pari-waarde, geregtig op daardie verhouding van die totale stemme in die maatskappy waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur hom gehou tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy staan;

27.1.1.2 indien die aandelekapitaal verdeel is in aandele sonder pari-waarde, geregtig op een stem ten opsigte van elke aandeel wat hy hou.

27.1.2 Ondanks die bepalings van artikel 27.1.1, het 'n lid wat persoonlik aanwesig is of, indien die lid 'n regspersoon is, verteenwoordig is op 'n vergadering van die maatskappy by die opsteek van hande slegs een stem, ongeag die getal aandele wat hy hou of verteenwoordig.

Direkteursvergoeding

29.2.1 Die direkteure is geregtig op sodanige vergoeding wat die maatskappy in algemene vergadering van tyd tot tyd mag bepaal, welke vergoeding onder die direkteure verdeel word in die verhouding waarop hulle ooreen mag kom, of, by ontstentenis van so 'n ooreenkoms, gelykop, behalwe dat in so 'n geval enige direkteur wat nog nie 'n volle ampsjaar uitgedien het nie by die verdeling slegs na verhouding tot die tydperk wat hy wel as direkteur gedien het, in ag geneem word.

29.2.2 Sodanige vergoeding val die direkteure van dag tot dag toe.

29.2.3 'n Direkteur wat:

29.2.3.1 op enige uitvoerende of ander komitee dien; of

29.2.3.2 spesiale aandag aan die sake van die maatskappy skenk; of

29.2.3.3 vir maatskappydoeleindes 'n besoek aan die buiteland bring of buite Suid-Afrika woon; of

29.2.3.4 andersins take verrig, of hom bind om dit te verrig, wat na die mening van die direksie buite die bestek van sy gewone pligte as direkteur val,

mag bykomend tot of in plaas van die vergoeding waarop hy as direkteur geregtig is, sodanige addisionele vergoeding of toelaag betaal word wat 'n onpartydige kworum van direkteure of 'n vergoedingskomitee deur die direksie aangestel van tyd tot tyd mag bepaal.

Aanstelling van direkteure

29.1.2 Die direkteure het die mag om verdere direkteure aan te stel met dien verstande dat:

29.1.2.1 die totale aantal direkteure nie die maksimum getal uiteengesit in artikel 29.1.1 sal oorskry nie; en

29.1.2.2 geen aanstelling ingevolge hierdie artikel 29.1.2 is geldig nie tensy goedgekeur deur ten minste twee derdes van die direkteure van die maatskappy ten tye van so aanstelling.

Kwalifikasie van direkteure

29.1.3 'n Direkteur word nie verplig om enige kwalifikasie-aandele te hou nie.

Termyn van aanstelling van direkteure

31.1.1 Al die direkteure tree na die eerste algemene jaarvergadering af en, behoudens artikel 36, tree een-derde van die indertydse direkteure af by elke daaropvolgende algemene jaarvergadering, of indien hulle getal nie 'n veelvoud van drie is nie, tree die getal die naaste aan, maar nie minder nie as een-derde af.

31.1.2 Die direkteure wat aldus moet aftree, is diegene wat sedert hulle laaste verkiesing die langste as direkteure gedien het, maar tussen persone wat op dieselfde dag direkteure geword het, word (tensy hulle onderling anders besluit) diegene wat moet aftree deur die lot beslis.

31.2.1 Die direkteure wat aftree is herkiesbaar.

Leningsbevoegdhede

33.1 Behoudens die bepalings van artikel 33.3 mag die direksie van tyd tot tyd na goeddunke:

33.1.1 enige bedrae vir die doeleindes van die maatskappy leen;

33.1.2 die betaling of terugbetaling van enige sodanige bedrae of enige ander bedrae verseker, hetsy deur die skepping en uitgifte van skuldbriewe, 'n verband of las op alle of sommige van die maatskappy se eiendom of bates;

33.1.3 enige regulasies uitvaardig met betrekking tot die oordrag van skuldbriewe, die uitreik van skuldbriefsertifikate (behoudens artikel 8 van die statute) en alle ander skuldbrief-aangeleenthede.

33.3 Die direksie bewerkstellig (maar ten opsigte van filiaalmaatskappye, slegs vir sover as wat hulle deur die uitoefening van stem- en ander regte of bevoegdhede of beheer uitoefenbaar deur die maatskappy kan bewerkstellig) dat die totale hoofbedrag ter enige tyd uitstaande ten opsigte van gelde so geleen of opgeneem deur:

33.3.1 die maatskappy; en

33.3.2 al die indertydse filiaalmaatskappye van die maatskappy (met uitsluiting van gelde geleen of opgeneem deur enige sodanige maatskappye van enige ander sodanige maatskappye, maar met insluiting van die hoofbedrag gesekureer deur enige uitstaande waarborge of borgstellings deur die maatskappy of enige van sy indertydse filiaalmaatskappy gegee vir die aandelekapitaal of skuld van enige ander maatskappy of maatskappye hoegenaamd en wat nie reeds ingesluit is in die totale bedrag van die gelde so geleen of opgeneem nie),

nie die totale bedrag op daardie tydstip goedgekeur om geleen of gesekureer te word deur die direkteure van die maatskappy se houermaatskappy (indien enige) ten opsigte van daardie houermaatskappy en al sy filiaalmaatskappye op daardie tydstip oorskry nie, met dien verstande dat geen sodanige goedkeuring benodig word vir die leen van enige geld beoog toegepas te word en inderdaad toegepas binne negentig dae vir die terugbetaling (met of sonder enige premie) van enige gelde dan alreeds geleen en uitstaande en nieteenstaande die feit dat die nuwe lening mag veroorsaak dat die bovermelde limiet oorskry word nie.

Dividende

39.1 Die maatskappy in algemene vergadering of die direksie mag van tyd tot tyd 'n dividend verklaar behoudens die bepalings van die Wet.

39.3.1 Die direksie mag van tyd tot tyd tussentydse dividende verklaar en aan die lede betaal wat na die mening van die direksie geregverdig is.

39.4 Tensy daar deur die direkteure anders bepaal word, sal dividende verklaar betaalbaar wees aan lede wat as sodanig geregistreer is op 'n datum ten minste veertien dae na die datum waarop die dividend verklaar is.

39.5 Die maatskappy in algemene vergadering mag 'n kleiner, maar nie 'n groter nie, dividend verklaar as wat deur die direksie aanbeveel is.

39.6 Alle onopgeëiste dividende mag, tot tyd en wyl dit opgeëis word, deur die direksie tot voordeel van die maatskappy belê of andersins aangewend word, met dien verstande dat dividende wat vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van verklaring daarvan onopgeëis is, deur die direksie tot voordeel van die maatskappy verbeurd verklaar mag word.

Regte by likwidasie

52.1 Indien die maatskappy gelikwideer word, mag die likwidateur met die magtiging van 'n spesiale besluit van die lede die bates van die maatskappy geheel of gedeeltelik in geld of bates tussen die lede verdeel, en mag hy vir sodanige doel:

52.1.1 op enige bate 'n waarde plaas wat hy billik ag; en

52.1.2 bepaal hoe die verdeling tussen die lede of verskillende klasse lede uitgevoer sal word.

Aandeelprysgeskiedenis van Rembrandt-aandele op die JA

Die aandeelprysgeskiedenis van Rembrandt-aandele op die JA vir die tydperk tot die laaste praktiese datum is soos volg:

Tydperk		Hoog (sent)	Laag (sent)	Sluiting (sent)	Volume
Kwartaal wat begin					
1997	1 Julie	4 850	4 800	4 830	156 996
	1 Oktober	4 250	4 200	4 240	229 900
1998	5 Januarie	3 600	3 540	3 540	217 685
	1 April	4 475	4 095	4 475	556 728
	1 Julie	3 800	3 450	3 750	208 275
	1 Oktober	3 350	3 200	3 211	272 250
1999	4 Januarie	3 650	3 600	3 650	34 198
	1 April	4 410	4 300	4 400	834 841
	1 Julie	5 200	5 060	5 170	826 389
Maand wat begin					
1999	1 Oktober	4 620	4 530	4 610	470 505
	1 November	4 600	4 515	4 590	517 365
	1 Desember	5 000	4 870	4 900	1 219 095
2000	4 Januarie	5 870	5 810	5 820	358 659
	1 Februarie	5 850	5 450	5 850	821 830
	1 Maart	5 490	5 380	5 420	460 356
	3 April	5 850	5 700	5 770	449 004
	2 Mei	5 400	5 160	5 300	254 282
	1 Junie	6 140	6 000	6 030	2 985 029
	3 Julie	6 700	6 520	6 550	622 090
Dae					
2000	1 Augustus	6 350	6 300	6 320	296 580
	2 Augustus	6 400	6 340	6 370	254 169
	3 Augustus	6 420	6 380	6 380	309 044
	4 Augustus	6 440	6 380	6 400	680 731
	7 Augustus	6 430	6 400	6 400	587 122
	8 Augustus	6 440	6 400	6 420	661 928
	10 Augustus	6 620	6 450	6 600	718 250
	11 Augustus	6 620	6 570	6 570	387 315
	14 Augustus	6 750	6 570	6 750	482 037
	15 Augustus	6 890	6 800	6 820	426 094
	16 Augustus	6 900	6 780	6 900	244 511
	17 Augustus	6 950	6 780	6 820	257 429
	18 Augustus	6 970	6 810	6 930	253 714
	21 Augustus	7 100	6 900	7 100	536 603
	22 Augustus	7 150	7 000	7 070	691 985

Bron: McGregor BFA.

Remgro Beperk

(voorheen Rembrandt S.A. Beperk)

Voornoteringsverklaring

30 Augustus 2000

Hierdie voornoteringsverklaring:

– is nie 'n uitnodiging aan die publiek om aandele op te neem nie, maar word uitgereik ingevolge die noteringsvereistes van die Johannesburgse Aandelebeurs met die doel om inligting aan die publiek te verskaf oor Remgro Beperk;

– is voorberei in die veronderstelling:

  – dat die gewone en spesiale besluite, vervat in die kennisgewings van algemene jaarvergaderings wat deel is van die omsendskrywe waarby hierdie dokument aangeheg is, insluitende die spesiale besluit wat 'n verandering in die naam van Rembrandt S.A. Beperk na Remgro Beperk sal magtig, aanvaar word by die algemene jaarvergaderings, waar van toepassing, van Rembrandt Groep Beperk, Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, Tegniese Beleggingskorporasie Beperk en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk, wat op Donderdag 21 September 2000 gehou word, en dit, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word;

  – die herstrukturering geïmplementeer sal word met ingang 1 April 2000.

By notering, sal die uitgereikte aandelekapitaal van Remgro bestaan uit 486 493 650 gewone aandele van een sent elk en 35 506 352 B-aandele van tien sent elk. Die volle uitgereikte gewone aandelekapitaal sal in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die Johannesburgse Aandelebeurs-lyste genoteer word vanaf die aanvang van verhandeling op Dinsdag 26 September 2000.

In hierdie dokument sal daar na Remgro Beperk verwys word as Remsa waar inligting verband hou met tydperke in die verlede, en na Remgro, waar die inligting verband hou met die tydperk wat op Donderdag 21 September 2000 begin.

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Limited

Prokureurs

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.
Registrasienommer 1997/001523/21

Mede-borgmakelaars

Deutsche Bank Securities
Deutsche Bank Securities (SA) (Edms) Bpk
(Registrasienommer 1995/011798/07)

ABN·AMRO
ABN•AMRO Sekuriteite (Suid-Afrika) (Edms) Bpk.
Registrasienommer 1995/001231/07
Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs

Verslaggewende rekenmeesters

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers Ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienommer 1998/012055/21)

Korporatiewe inligting

Direkteure

Johann Rupert *(Voorsitter)*
E de la H Hertzog *(Mede-Ondervoorsitter)*
M H Visser *(Mede-Ondervoorsitter en Besturende Direkteur)*
P E Beyers
W E Bührmann
G D de Jager*
J W Dreyer
P J Erasmus*
D M Falck
J Malherbe
E Molobi*
J A Preller
P G Steyn*
T van Wyk

** nie-uitvoerend*

Remgro Beperk
(voorheen Rembrandt S.A. Beperk)

(Registrasienommer 19468/006415/06)
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika op 12 Junie 1968)
Coetzierstraat
Stellenbosch
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)
Sekretaris: J C Engelbrecht

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Oewerpark 19
Rokewoodlaan
Stellenbosch
(Posbus 57, Stellenbosch, 7599)

Verslaggewende rekenmeesters

PricewaterhouseCoopers Ingelyf
Sanbel
Ou Paarlweg 2
Bellville
(Posbus 168, Belville, 7535)

Prokureurs

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ingelyf
Sandown Valleisingel 6
Sandown
Sandton
(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Aksepbank

Rand-Aksepbank
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Borgmakelaars

Deutsche Bank Securities
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
Die Effektebeurs 731
Diagonalstraat 17
Johannesburg
(Posbus 61043, Marshalltown, 2107)

ABN-Amro Securities (Suid-Afrika) (Eiendoms) Beperk
(Lid van die Johannesburgse Aandelebeurs)
1ste Verdieping, JA-anneks
Kerkstraat 1
Johannesburg
(Posbus 11585, Johannesburg, 2000)

Handelsbankiers

ABSA Bank Beperk
h/v Plein- en Ryneveldstraat
Stellenbosch
(Posbus 138, Stellenbosch, 7599)

Oordragsekretarisse

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
Foxstraat 41
Johannesburg
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Inhoud

	Bladsy
Korporatiewe inligting	95
Definisies gebruik in hierdie hersiene voornoteringsverklaring	97
Voornoteringsverklaring deur Remgro	98
Afdeling A – Doel van die voornoteringsverklaring	98
Afdeling B – Die besigheid van Remgro	99
1. Die struktuur van Remgro	99
2. Pro forma finansiële inligting oor Remgro	101
3. Direkteure van Remgro	102
4. Die Remgro Groep se vooruitsigte	103
Afdeling C – Statutêre inligting rakende Remgro	104
1. Remgro se aandelekapitaal	104
2. Veranderings in aandelekapitaal	104
3. Korporatiewe bestuur	104
4. Uittreksels uit die akte van oprigting	104
5. Inligting rakende direkteure	105
6. Finansiële inligting oor die maatskappy en sy filiale	105
7. Opsies of voorkeurregte met betrekking tot aandele	105
8. Beherende en hoofaandeelhouers	106
9. Algemene inligting	106
10 Notering op die Johannesburgse Aandelebeurs	107
11. Dokumente beskikbaar vir inspeksie	107
Bylae	
1. Verslaggewende rekenmeesters se verslag oor Remgro	109
2. Uittreksels uit die statute van Remgro	130
3. Leningsbesonderhede	133
4. Vernaamste vaste eiendom	135
5. Verkrygings en vervreemdings	137

Definisies gebruik in hierdie voornoteringsverklaring gebruik

In hierdie hersiene voornoteringsverklaring, tensy anders vermeld:

– verwys enkelvoud ook na meervoud en omgekeerd;
– sluit woorde wat een geslag aandui ook die ander geslag in;
– maak woorde of uitdrukkings wat verwys na natuurlike persone ook voorsiening vir regspersone en assosiasies van persone;
– het die woorde in die eerste kolom die betekenis soos in die tweede kolom weergegee.

"aandeelhouer"	houer van Remgro gewone aandele;
"herstrukturering"	die herstrukturering van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB by wyse van die rasionalisasie en die ontbondeling;
"JA"	die Johannesburgse Aandelebeurs;
"laaste praktiese datum"	Dinsdag 22 Augustus 2000, wat die laaste praktiese datum is voor hierdie voornoteringsverklaring gefinaliseer word;
"M&I"	M&I Bestuursdienste (Eiendoms) Beperk, 'n maatskappy wat bestuursdienste aan VenFin en Remgro sal lewer op die basis uiteengesit in paragraaf 9.6 van hierdie voornoteringsverklaring;
"ontbondeling"	die ontbondeling van VenFin gewone aandele deur RBB, Tegkor en TIB, die ontbondeling van Remgro gewone aandele deur Rembrandt en die implementering daarvan, ingevolge artikel 60 van die Inkomste-belastingwet, nr. 113 van 1993, in die veronderstelling dat die gewone en spesiale besluite wat aan die algemene jaarvergaderings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB voorgelê word, aanvaar en, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word;
"rasionalisasie"	die reorganisasie van die bates van Rembrandt ingevolge artikel 39 van die Gewysigde Belastingwet, nr. 20 van 1994, onder twee maatskappygroepe wat op die JA as VenFin en Remgro genoteer sal word;
"RBB"	Rembrandt Beherende Beleggings (registrasienommer 1952/000002/06), 'n maatskappy genoteer op die JA, wat die houermaatskappy van Rembrandt was voor die herskrukturering;
"Rembrandt Groep"	RBB, Tegkor, TIB en Rembrandt en sy filiale en geassosieerde maatskappye, soos saamgestel voor die herstrukturing;
"Rembrandt Trust"	Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1959/003277/07), die houermaatskappy van Remgro;
"Remgro Groep"	Remgro en sy filiale en geassosieerde maatskappye;
"Remgro B-aandele"	B-aandele van 10 sent elk in die kapitaal van Remgro;
"Remgro gewone aandele"	gewone aandele van een sent in die kapitaal van Remgro;
"Remgro" of "die maatskappy"	Remgro Beperk (voorheen Rembrandt S.A. Beperk) (registrasienommer 1968/006415/06), 'n maatskappy wat op die JA genoteer gaan word;
"Remsa"	Remgro, wanneer daarna verwys word ten opsigte van tydperke voor die datum van hierdie voornoteringsverklaring;
"Tegkor"	Tegniese Beleggingskorporasie Beperk (registrasienommer 1946/020656/06), 'n maatskappy genoteer op die JA, en houermaatskappy van RBB;
"TIB"	Tegniese en Industriële Beleggings Beperk (registrasienommer 1943/015859/06), 'n maatskappy genoteer op die JA en houermaatskappy van Tegkor; en
"VenFin"	VenFin Beperk (voorheen Rembrandt Groep Beperk) (registrasienommer 1948/031037/06), 'n maatskappy genoteer op die JA.

Voornoteringsverklaring deur Remgro

AFDELING A – DOEL VAN HIERDIE VOORNOTERINGSVERKLARING

Aandeelhouers word verwys na die omsendskrywe, waarby hierdie voornoteringsverklaring aangeheg is, wat inligting oor die herstrukturering bevat. Op die veronderstelling dat al die gewone en spesiale besluite wat nodig is om die herstrukturering te implementeer, goedgekeur word by die algemene jaarvergaderings van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB wat op Donderdag 21 September 2000 plaasvind en dit, waar nodig, deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word, sal:

- die aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en TIB gewone aandele in VenFin en Remgro hou;
- die noterings van RBB, Tegkor en TIB op die JA beëindig word vanaf die sake-sluiting op Vrydag 22 September 2000;
- Remgro genoteer word in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste by die sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000; en
- VenFin se notering van die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste verskuif na die Nywerheid – "Telekommunikasie" sektor by die sake-aanvang op Dinsdag 26 September 2000.

Hierdie voornoteringsverklaring bevat finansiële en ander inligting omtrent die besigheid van Remgro na die herstrukturering, asook vooruitsigte vir Remgro.

AFDELING B – DIE BESIGHEID VAN REMGRO

1. Die struktuur van Remgro

Na die herstrukturering sal Remgro bates besit, soos beskryf in paragrawe 2 en 12 van Bylae 1 by hierdie voornoteringsverklaring. Elk van die vernaamste bates word kortliks hieronder beskryf. Die maatskappye gemerk "*" is genoteer op die JA.

Rembrandt-KWV Beleggings Beperk (50%)

Hierdie maatskappy hou 'n belang van 60% in elk van Distillers Korporasie (SA) Beperk en Stellenbosch Boerewynmakery Groep Beperk, beide genoteer op die JA. Distillers en SBW is betrokke by die vervaardiging van wyn, spiritualieë en ander alkoholiese vrugtedranke en die groothandelsverspreiding daarvan onder verskillende handelsmerke.

R & R Holdings SA (33,3%)

Remgro se belang in die tabakbedryf word verteenwoordig deur 'n belang van een derde in R & R Holdings (voorheen Rothmans International Holdings). Die samesmelting van Rothmans B.V., 'n volfiliaal van Rothmans International Holdings, met British American Tobacco plc is in Junie 1999 geïmplementeer. Remgro hou 'n effektiewe belang van 10,5% in BAT, wat die tweede grootste sigaretgroep ter wêreld is, met 'n wêreldwye markaandeel van nagenoeg 16%.

ABSA Groep Beperk (9,5%)*

ABSA is betrokke by die volle spektrum van plaaslike en oorsese bankwese, sowel as by langtermyn- en korttermyn-versekering, eiendom en kleinhandel- en korporatiewe finansiering.

Sage Groep Beperk (16,6%)*

Sage se kernbedrywighede behels lewensversekering, beleggingsbestuur, effektetrusts, persoonlike finansiële beplanning en ander verwante beleggings.

Dorbyl Beperk (41,1%)*

Dorbyl het uitgebreide vervaardiging- en handelsbelange en bedien die volgende belangrike bedrywe: motoronderdele (oorspronklike toerustingvervaardiging en na-verkoopsverspreiding) en nuwe generasie infrastruktuurontwikkelings, soos vervoer, waternetwerke, boustelsels, petrochemiese ontwikkelinge, die landbou, skeepsherstel en staal.

Henkel South Africa (Eiendoms) Beperk (50%)

Die groep vervaardig en bemark chemiese produkte (kleefstowwe en anorganiese en gespesialiseerde chemikalieë) vir huishoudelike en industriële gebruik.

Air Products South Africa (Eiendoms) Beperk (50%)

Air Products vervaardig en bemark nywerheidsgasse.

Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (72,6%)*

Deur Robertsons en TSB is HL&H betrokke by die voedselbedryf en die vervaardiging van kruideniersware en huishoudelike produkte, suiker, sitrus en tee. Remgro is nie die geregistreerde eienaar van die HL&H-aandele nie, maar is geregtig op die inkomste van die maatskappy ingevolge 'n ooreenkoms met die geregistreerde eienaar, VenFin.

Rainbow Chicken Beperk (55,9%)*

Rainbow produseer slaghoenders, veevoer en ander verwante produkte.

Total Suid-Afrika Beperk (34,4%)

Total is betrokke by die raffinering en bemarking van petroleumprodukte.

Malbak Beperk (47,9%)*

Malbak is 'n houermaatskappy met gefokusde belange in verpakking, beide plaaslik en internasionaal.

Lenco Holdings Beperk (33,3%)*

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy waarvan die belangrikste belegging sy belang van 12,8% in Malbak is.

Medi-Clinic Korporasie Beperk (51,2%)*

Die besigheid van die groep is die verskaffing van omvattende, hoë gehalte hospitaaldienste.

Billiton plc (8,9%)*

Billiton, wat op die Londense Effektebeurs genoteer is, met 'n sekondêre notering op die JA, is 'n onedele metaal-hulpbrongroep, met steenkool-, staal-, aluminium-, titanium-, ferro-allooi-, nikkel- en basismetaalbelange.

Goldfields Beperk (11%)

Goldfields is 'n mynhuis met beleggings in Suider-Afrika, Ghana en Suid-Amerika en besit van die rykste en grootste goudmyne ter wêreld.

Trans Hex Groep Beperk (42,9%)

Trans Hex is 'n geïntegreerde internasionale maatskappy wat direk en deur gesamentlike ondernemingsooreenkomste betrokke is by die eksplorasie vir, en die ontginning en bemarking van hoëgraadse diamante uit spoel- en see-afsettings.

Gencor Beperk (10,9%)*

Gencor is 'n beleggingshouermaatskappy. Sy enigste belang is 'n aandeelhouding van 46,2% in Impala Platinum Holdings Beperk, die tweede grootste platinumgroep-metaalvervaardigers in Suid-Afrika.

2. Pro forma finansiële inligting oor Remgro

'n Opgesomde pro forma balansstaat en inkomstestaat word hieronder uiteengesit.

Die balansstaat is die pro forma gekonsolideerde balansstaat van Remgro, op 31 Maart 2000, wat voorberei is in die veronderstelling dat die rasionalisasie op daardie datum in werking was.

BALANSSTAAT

	Op 31 Maart 2000 R'm
Kapitaal aangewend	
Aandelekapitaal	8
Reserwes	12,627
Eie aandeelhouersbelang	12,635
Buite aandeelhouersbelang	809
Totale aandeelhouersbelang	13,444
Rentedraende skuld	403
Langtermyn	254
Korttermyn	149
	13,847
Aanwending van kapitaal	
Vaste bates	2,349
Beleggings	10,889
Rentevrye lenings	11
Bedryfsbates	2,283
Voorraad	468
Debiteure	763
Kontantmiddele	1,034
Belasting	18
Totale bates	15,532
Rentevrye skuld	1,685
Uitgestelde aanspreeklikhede	42
Krediteure	1,467
Voorsienings	136
Belasting	40
	13,847
Netto bate boekwaarde per Remgro-aandeel (Rand)	24,20

In die berekening van die netto bate boekwaarde per aandeel is die totale hoeveelheid Remgro gewone aandele (486 493 650) en B-aandele (35 506 352) gebruik, wat uitgereik sal wees na die herstrukturering.

Die pro forma inkomstestaat is gebaseer op die geouditeerde finansiële jaarstate van Remgro en Rembrandt, met sodanige aanpassings wat nodig geag is om die inkomstestaat voor te stel asof die gevestigde finansiële, mynbou- en nywerheidsbeleggings deel van Remgro was vir die jaar geëindig 31 Maart 2000:

IMKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart 2000 R'm
Omset	5,738
Bedryfsinkomste	448
Rente betaal	36
Netto bedryfsinkomste voor belasting	412
Belasting	103
Netto bedryfsinkomste na belasting	309
Ekwiteitsaansuiwering – belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	2,344
Netto inkomste voor uitsonderlike items en amortisasie	2,653
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye	(33)
Uitsonderlike items	(334)
Netto inkomste	2,286
Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	86
Toeskryfbare netto inkomste	2,200
Wesensverdienste	2,535
Wesensverdienste per aandeel (sent)	485,6
Verdienste per aandeel (sent)	421,5

Bylae 1 bevat die verslaggewende rekenmeesters se verslag wat deur PricewaterhouseCoopers Ing. voorberei is en wat volledige finansiële inligting oor die Remgro Groep verskaf.

3. Direkteure van Remgro

Na die implementering van die herstrukturering sal die direksie bestaan uit:

Direkteur	**Adres**	**Beroep**	**Toepaslike sake-ondervinding**
Johann Peter Rupert* *(Nie-uitvoerende Voorsitter)*	Parel Vallei Opstal Parel Valleiweg Somerset-Wes	Nyweraar	Voorsitter van Rembrandt en RBB, besturende direkteur van Compagnie Financière, Richemont AG, direkteur van Tegkor, TIB, Business Partners Beperk, Gold Fields of South Africa Beperk, British American Tobacco plc en Vendôme Luxury Group SA
Matthys Hendrik Visser *(Ondervoorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte)*	Jannaschstraat 1 Mostertsdrift Stellenbosch	Mede-ondervoorsitter en Besturende Direkteur van Rembrandt	Direkteur van Rembrandt, RBB, Malbak, Billiton plc, HL&H, Rainbow Chicken Beperk en Sage Groep Beperk
Pieter Eduard Beyers*	Carinmountlaan 5 Oranjezicht Kaapstad	Uitvoerende Direkteur: Bemarking – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt en RBB
Wilhelm Emil Bührmann	Kronendallaan 1 Stellenbosch	Uitvoerende Direkteur: Beleggings – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt, RBB, Distillers Korporasie (SA) Beperk, Dorbyl Beperk, Gencor Beperk, Gold Fields Beperk, HL&H, Malbak en Trans Hex Groep Beperk
George Douglas de Jager*	Mintaka 6 Montereyrylaan Constantia Kaapstad	Sakeman	Hoof Uitvoerende Beampte van Malbak en Voorsitter van Lenco Holdings. Direkteur van Rembrandt en RBB

Direkteur	Adres	Beroep	Toepaslike sake-ondervinding
Jan Willem Dreyer*	Suikerbossie 24 Mountstraat 80 Bryanston Johannesburg	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake – Rembrandt	Voorsitter van Hofmeyr Herbstein Gihwala Ingelyf tot Desember 1999. Direkteur van Rembrandt, RBB, Avis Suidelike Afrika Beperk en RMB Holdings Beperk, stigters-direkteur van Air Traffic and Navigation Services Company Beperk
Paul Jacobus Erasmus*	Wesleystraat 24a Observatory Kaapstad	Afgetrede sakeman	Direkteur van Rembrandt en RBB
Denis Martin Falck	Oranjelaan 9 Uniepark Stellenbosch	Uitvoerende Direkteur: Finansies – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt, RBB, Lenco Holdings Beperk en Stellenbosch Boerewynmakery Groep Beperk
Edwin de la Harpe Hertzog*	Uitsigstraat 9 Rozendal Stellenbosch	Sakeman	Voorsitter van Medi-Clinic Korporasie Beperk, direkteur van Rembrandt, RBB, Tegkor, TIB, Total (Suid-Afrika) (Eiendoms) Beperk, Trans Hex Groep Beperk en Distillers Korporasie (SA) Beperk
Eric Molobi*	Gerardstraat 31 Observatory Johannesburg	Sakeman	Voorsitter van Kagiso Trust Investment Company (Eiendoms) Beperk, direkteur van Rembrandt, RBB, Boumat Beperk, Imperial Holdings Beperk, First Lifestyle Holdings Beperk en Telkom SA Beperk
Jennifer Ann Preller	Derdestraat 4 Parkhurst Johannesburg	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt en RBB
Pieter Gysbert Steyn*	Morgensterlaan 5 Mostertsdrift Stellenbosch	Afgetrede sakeman	Direkteur van Rembrandt en RBB
Theodore van Wyk	Kollegelaan 358 Bailey's Muckleneuk Pretoria	Uitvoerende Direkteur: Beleggings – Rembrandt	Direkteur van Rembrandt, RBB, ABSA Groep Beperk, Business Partners Beperk, Dorbyl Beperk en Sage Groep Beperk

* Nie-uitvoerend.
Al die direkteure is Suid-Afrikaans.

4. Die Remgro Groep se vooruitsigte

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy wat sy kontantinkomste by die kern van die maatskappy verdien hoofsaaklik deur dividende wat ontvang word. Remgro is 'n party tot aandeelhouersooreenkomste, wat al die belangrike aspekte van die besigheid van die beleggings reguleer, ten opsigte van amper al die beleggings van die maatskappy. Derhalwe is Remgro in staat om strategiese en ander belangrike aangeleenthede wat sy beleggings kan raak, te beïnvloed.

Die Remgro Groep se belange sal hoofsaaklik bestaan uit strategiese beleggings in tabakprodukte, mynbou, finansiële dienste, verpakking, gesondheidsorg, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die meeste van hierdie beleggings is belangrike gevestigde besighede in die bedrywe waarin hulle besigheid doen. Hulle word hoofsaaklik onafhanklik bestuur, met gesonde balansstate en die vermoë om genoegsame vrye kontantvloei te genereer ten einde hul sake-aktiwiteite te finansier. Remgro sal planne aanmoedig en ondersteun om die besigheid van die maatskappy uit te brei deur interne groei sowel as oornames en samesmeltings.

'n Beduidende gedeelte van Remgro se inkomste word verdien in sterk geldeenhede.

Die Remgro Groep sal voortgaan om te baat by die voortgesette herstrukturering wat in baie van sy onderliggende beleggings plaasvind en is goed geplaas om voordeel te trek uit enige beduidende oplewing in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Remgro se fokus sal wees om die geleenthede wat bestaan om verdere waarde te ontsluit uit die beleggings te ondersoek en hierdie geleenthede sal, wanneer toepaslik, met ander aandeelhouers bespreek word.

AFDELING C – STATUTÊRE INLIGTING RAKENDE REMGRO

1. Remgro se aandelekapitaal

Remgro se gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal na die implementering van die herstrukturering sal soos volg wees:

	R'000
Gemagtig:	
512 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	5 125
40 506 352 B-aandele van 10 sent elk	4 050
Uitgereik	
486 493 650 gewone aandele van 1 sent elk	4 865
35 506 352 B-aandele van 10 sent elk	3 551
	8 416

Die gewone aandele sal op die JA genoteer word, terwyl die B-aandele nie op enige aandelebeurs genoteer gaan word nie. 'n Amerikaanse Depositobewys-program, soortgelyk as dié wat alreeds vir VenFin bestaan, sal ten opsigte van die gewone aandele van Remgro in plek gesit word en The Bank of New York sal dit administreer.

2. Verandering in aandelekapitaal

Daar was geen verandering in die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van enige van Remgro se volfiliale gedurende die laaste drie jaar nie. Remgro was 'n volfiliaal van Rembrandt gedurende hierdie periode. Sy gemagtigde aandelekapitaal van 100 aandele van R1,00 elk sal verhoog word tot 512 493 650 aandele van een sent elk.

3. Korporatiewe bestuur

Remgro onderskryf die streng beginsels van korporatiewe bestuur en die hoogste standaarde van integriteit en etiek soortgelyk aan dié wat deur die King-verslag se Kode vir Korporatiewe Praktyke en Gedrag ("die Kode") aanbeveel is. In die besonder:

- onderskryf al Remgro se filiale en geassosieerdes die Kode en voldoen daaraan in alle wesentlike aspekte;
- is agt van die dertien lede van die direkteure in die direksie van Remgro nie-uitvoerend. Mnr Johann Rupert is die nie-uitvoerende voorsitter van Remgro Groep;
- sal die Groep-ouditkomitee, wat uit 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure sal bestaan, gereeld vergader om aandag te gee aan kwessies wat verband hou met interne beheer, insluitende interne en eksterne oudit, rekeningkundige beleid en finansiële verslaggewing;
- sal 'n Uitvoerende Komitee aangestel word om in die tydperk tussen direksievergaderings sake te hanteer wat deur die hoofdireksie gedelegeer is;
- sal 'n Vergoedingskomitee aangestel word, bestaande uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure, om die direkteure se vergoeding te bepaal;
- geniet die maatskappy die voorreg van toegang te hê tot 'n Adviesraad, bestaande uit vooraanstaande lede van die sakegemeenskap, vir advies rakende enige sake wat verband hou met die Remgro Groep.

4. Uittreksels uit die akte van oprigting

Bylae 2 bevat uittreksels uit die akte van oprigting van Remgro wat handel met:

4.1 stemreg;

4.2 die reg tot dividende, kapitaal of wins en alle ander regte van die verskillende klasse aandele, insluitende aflossingsregte en regte met betrekking tot likwidasie en die distibusie van kapitaalbates;

4.3 die afsnypunt waarna aanspraak op dividende verval;

4.4 die vaste datum waarop aanspraak op dividende ontstaan;

4.5 die instemming benodig vir 'n verandering van die regte verbonde aan aandele;

4.6 beheer oor die uitreik of vervreemding van gemagtigde, maar onuitgereikte aandele;

4.7 leningsmagte van Remgro en sy filiale. Geeneen van die leningsmagte is gedurende die laaste drie jaar oorskry nie; en

4.8 die dienstermyn, aanstelling, kwalifikasie en vergoeding van direkteure.

5. Inligting rakende direkteure

5.1 Direkteure se vergoeding

Die direkteure van Remgro se vergoeding sal deur die Vergoedingskomitee van die direksie bepaal word in ooreenstemming met Remgro se akte van oprigting en en die korporatiewe bestuursbeginsels, soos uiteengesit in 3 hierbo.

5.2 Direkteure se belang in transaksies

Geeneen van die direkteure van Remgro het enige belang in enige transaksie wat ongewoon is, of was, in die aard en voorwaardes daarvan of wesenlik met betrekking tot die besigheid van die Groep, en wat deur Rembrandt in werking gestel is nie:

– gedurende die huidige, of onmiddellik voorafgaande jaar; of

– gedurende 'n vroeëre finansiële jaar, en wat in enige opsig uitstaande of onverrig is.

5.3 Direkteure se belang in aandele

Op die laaste praktiese datum was Remsa 'n volfiliaal van Rembrandt en gevolglik het geen direkteur enige aandele in die maatskappy gehou nie.

Na die ontbondeling sal dié direkteure van Remgro wat aandeelhouers van Rembrandt, RBB, Tegkor en/of TIB is op die laaste dag vir registrasie om aan die ontbondeling deel te neem, wat na verwagting Vrydag 22 September 2000 sal wees, aandele in VenFin en Remgro ontvang.

5.4 Direkteure se verklaring van verantwoordelikheid

Die direkteure, wie se name in die Korporatiewe inligting op bladsy 95 van hierdie voornoteringsverklaring verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting wat verskaf is en verklaar dat, na die beste van hul kennis en wete, daar geen ander feite is nie waarvan die weglating sal beteken dat hierdie verklaring vals en misleidend is, en dat hulle billike navrae gedoen het om sulke feite te probeer vasstel.

6. Finansiële inligting oor die maatskappy en sy filiale

6.1 Die verslaggewende rekenmeestersverslag oor Remgro, soos uiteengesit in Bylae 1 van hierdie voornoteringsverklaring, bevat volledige inligting oor die Remgro Groep.

6.2 Besonderhede van wesentlike lenings, insluitende skuldbriewe, deur en aan die maatskappy en enige van sy filiale, sowel as besonderhede van alle wesentlike verpligtinge, huurbetalings, voorwaardelike aanspreeklikheid en buite-balansstaat finansiering deur die maatskappy en sy filiale word in Bylae 3 van hierdie voornoteringsverklaring uiteengesit.

6.3 Geen lenings is toegestaan, of enige sekuriteit deur die maatskappy of sy filiale is verskaf tot voordeel van enige direkteur of bestuurder of enige assosiaat van enige direkteur of bestuurder nie.

7. Opsies of voorkeurregte met betrekking tot aandele

Geen opsies of voorkeurregte om in te skryf op die aandele van Remgro of enige van sy filiale is aan enige iemand gegee nie. Die Remgro Aandeleskema, waarvan die hooftrekke uiteengesit word in Bylae 2 van die omsendskrywe waarvan hierdie voornoteringsverklaring deel is, maak voorsiening daarvoor dat Remgro-aandele aan werknemers van die Remgro Groep aangebied kan word ingevolge die bepalings van die skema.

8. Beherende en hoofaandeelhouers

8.1 Voor die herstrukturering was Remsa 'n volfiliaal van Rembrandt waarvan die uiteindelike houermaatskappy Rembrandt Trust was. Na die ontbondeling sal Rembrandt Trust beheer uitoefen deur die sowat 42% van die stemreg verbonde aan al die uitgereikte aandele van Remgro.

8.2 Die identiteit van die hoofaandeelhouers in die maatskappy na die implementering van die herstrukturering sal afhang van die identiteit van aandeelhouers in Rembrandt op die laaste dag van registrasie om deel te neem aan die ontbondeling, wat na verwagting Vrydag 22 September 2000 sal wees.

9. Algemene inligting

9.1 Vernaamste vaste eiendom

Bylae 4 gee 'n uiteensetting van die ligging, gebied en eiendomsreg van die vernaamste vaste eiendom wat deur die maatskappy en sy filiale besit en gehuur word.

9.2 Verkrygings en vervreemding

Besonderhede oor:

– die verkrygings gedurende die laaste drie jaar van enige aandele in, of die bedryfsonderneming van enige ander maatskappy of besigheid of vaste eiendom of ander vaste bates, of enige opsie om sulke eiendom te bekom; en

– aandele in, of die bedryfsonderneming van enige maatskappy of enige vaste eiendom of vaste bates wat gedurende die laaste drie jaar vervreem is,

is uiteengesit in Bylae 5 van die hersiene noteringsbesonderhede.

9.3 Litigasie

Die maatskappy is nie bewus van enige wetlike of arbitrasie-geding (insluitende enige gedinge wat hangend of dreigend is) wat die afgelope 12 maande 'n wesentlike uitwerking op die Groep se finansiële posisie gehad het of kon gehad het nie.

9.4 Voldoende kapitaal

Volgens die direkteure van Remgro is die beskikbare bedryfskapitaal voldoende om in die afsienbare toekoms aan die Groep se vereistes te voldoen.

9.5 Wesentlike veranderinge

Daar was geen wesentlike veranderinge in die finansiële en handelsposisie van die Remgro Groep sedert die publisering van sy finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 nie.

9.6 Noemenswaardige kontrakte

Die Remgro Groep het nie enige noemenswaardige kontrakte aangegaan, anders as dié wat in die normale gang van die besigheid plaasvind nie.

Daar bestaan geen kontrakte tussen die maatskappy en sy direkteure nie en geen bestuurs-, sekretariële of tegniese fooie word aan enige persoon betaal nie.

'n Ooreenkoms is bereik met M&I, om alle bestuurs- en professionele dienste vir beide Remgro en VenFin te verskaf en sodoende duplisering uit te skakel van oorhoofse kostes, soos rekeningkundige en regsdienste, menslike hulpbronadministrasie, intellektuele batedienste en ander ondersteunende funksies, wat kon ontstaan het as elkeen sy eie bestuursdienste onderneem het.

M&I sal befonds word deur fooie wat VenFin en Remgro betaal. Die fooie sal alle oorhoofse kostes dek wat ontstaan in die bestuur van die twee maatskappye en sal nie 0,463% per jaar van VenFin en Remgro se onderskeie markkapitalisasies, bereken op 'n maandelikse gemiddelde grondslag, oorskry nie. Hierdie persentasie mag nie verhoog of oorskry word nie sonder toestemming deur minstens 75% van alle klasse van Remgro aandeelhouers. Die fooie sal maandeliks agterna betaal word.

M&I se aandeelhouers sal huidige en toekomstige werknemers wees. Rembrandt Trust sal 'n aandeel in M&I hê om kontinuïteit te verseker. Dit sal geen reg tot die inkomste of bates van M&I hê nie.

9.7 Deskundige se instemming

PricewaterhouseCoopers Ingelyf, die verslaggewende rekenmeesters van Remgro, het hul instemming gegee, en dit nie onttrek nie, vir die uitreik van hierdie voornoteringsverklaring, tesame met die rekenmeestersverslag in die vorm en verband waarin dit ingesluit is,.

10. Notering op die Johannesburgse Aandelebeurs

Die JA het ingestem tot die notering van 486 493 650 Remgro gewone aandele in die Nywerheid – "Gediversifiseerde Nywerheid" sektor van die JA-lyste by die aanvang van verhandeling op Dinsdag 26 September 2000. Die Remgro B-aandele sal nie genoteer word nie.

11. Dokumente beskikbaar vir inspeksie

Die volgende dokumente is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van Remgro, Coetzierstraat, Stellenbosch gedurende kantoorure vanaf Woensdag 30 Augustus 2000 tot Dinsdag 26 September 2000, beide datums ingesluit:

11.1 die aktes van oprigting en statute van elke maatskappy in die Groep;

11.2 die trustakte van die Remgro Aandeletrust;

11.3 die bestuurskontrak waarna verwys is in paragraaf 9.6 hierbo;

11.4 die verslaggewende rekenmeesters se verslag; en

11.5 die finansiële jaarstate van Remgro vir die afgelope vyf finansiële jare.

Geteken deur, of namens, die direkteure op Stellenbosch op 22 Augustus 2000.

Johann Rupert	P J Erasmus
E de la H Hertzog	D M Falck
M H Visser	J Malherbe
P E Beyers	E Molobi
W E Bührmann	J A Preller
G D de Jager	P G Steyn
J W Dreyer	T van Wyk

Verslaggewende rekenmeesters se verslag oor Remgro

"Die Direkteure
Remgro Beperk
Coetzierstraat
Stellenbosch
7600

22 Augustus 2000

Geagte Here

Verslag van die onafhanklike verslaggewende rekenmeesters oor die pro forma finansiële inligting van Remgro Beperk ("Remgro" of "die maatskappy") (registrasienommer 1968/006415/06) en sy filiale en geassosieerde maatskappye ("die Remgro Groep"), onderhewig aan die implementering van die Rembrandt rasionalisasieskema

1. Inleiding

Tans bestaan die Rembrandt Groep uit 'n piramide van vier genoteerde maatskappye: Tegniese en Industriële Beleggings Beperk ("TIB"), Tegniese Beleggingskorporasie Beperk ("Tegkor"), Rembrandt Beherende Beleggings Beperk ("RBB") en Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt"). Rembrandt, die maatskappy aan die onderpunt van die piramide, is die houermaatskappy van die gediversifiseerde beleggings van die Rembrandt Groep. Gesamentlik word na al hierdie maatskappye verwys as die "Rembrandt Groep" of "die Groep".

Die direksies van die Rembrandt Groep het besluit om die Groep, met ingang van 1 April 2000, te herstruktureer onderworpe aan die goedkeuring van hulle aandeelhouers. Na afhandeling van die implementering van rasionalisasieskema sal Rembrandt se beleggings gereorganiseer word in twee groepe van maatskappye. Rembrandt sal sy gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings oordra na Remgro terwyl Remgro gelyktydig sal aansoek doen vir notering op die Johannesburgse Aandelebeurs ("JA"). Remgro is tans 'n volfiliaal van Rembrandt. Rembrandt sal die Groep se tegnologie georiënteerde beleggings behou, genoteer bly op die JA en is tans in die proses om sy naam te verander na VenFin Beperk.

Op u versoek en vir doeleindes van Remgro se verkryging van Rembrandt se gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings ("die transaksie") en die voorgestelde notering, lewer ons hiermee ons verslag oor die pro forma finansiële posisie en winsgeskiedenis van Remgro en die Remgro Groep in nakoming van die Noteringsvereistes van die JA.

Die finansiële inligting is voorberei met verwysing na die geouditeerde finansiële jaarstate van Remgro en Rembrandt en die gekonsolideerde finansiële jaarstate van Rembrandt vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000. Hierdie jaarstate was voorberei vanaf geouditeerde finansiële jaarstate van filiale en geassosieerde maatskappye behalwe vir 'n beperkte aantal geassosieerde maatskappye in gevalle waar hulle jaareinde verskil van dié van die maatskappy. In sulke omstandighede is die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye verantwoord met verwysing na die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate onderskeidelik op jaareinde. Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye stem nie noodwendig ooreen met dié van die Remgro Groep nie en geen aanpassings is daarvoor gemaak nie. Ongeouditeerde gepubliseerde inligting en bestuurstate word gebruik in streng navolging van Standpunt RE 110 oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk vir verantwoording van beleggings in geassosieerde maatskappye en geen aanpassings word gemaak nie aangesien die bedrae nie wesenlik is vir die Remgro Groep nie.

Besonderhede van die rekeningkundige tydperke en oudits van die Rembrandt Groep word uiteengesit in die tabel hieronder:

Jaareinde	Tydperk	Ouditeure	Ongekwalifiseerde ouditverslag
31 Maart 1996	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1997	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1998	12 maande	Coopers & Lybrand Price Waterhouse	Ja
31 Maart 1999	12 maande	PricewaterhouseCoopers Ing.	Ja
31 Maart 2000	12 maande	PricewaterhouseCoopers Ing.	Ja

PricewaterhouseCoopers Ing. is en Coopers & Lybrand en Price Waterhouse was Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA).

2. Geskiedenis

Op 12 Junie 1968 is Remgro geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika as Eikenburg (Eiendoms) Beperk. Eikenburg (Eiendoms) Beperk is omskep na 'n publieke maatskappy en het sy naam verander na Rembrandt Tabakkorporasie S.A. Beperk op 12 September 1980. Op 20 Maart 1989 is Rembrandt Tabakkorporasie S.A. Beperk se naam verander na Rembrandt S.A. Beperk. Die maatskappy is in die proses om sy naam te verander na Remgro Beperk.

Die onderstaande tabel dui die besonderhede van maatskappye aan waarin Remgro 'n effektiewe ekwiteitsbelang van 20% of meer gehad het op 31 Maart 2000, in die veronderstelling dat die transaksie reeds effektief was op daardie datum, en wat as wesenlik beskou word vir die maatskappy.

Naam	Persentasie belang	Aard van bedrywighede
Remgro Investments Beperk – Jersey	100	Beleggingshouermaatskappy
Gehou deur Remgro Investments Beperk – Jersey		
– R & R Holdings Soc. An.	33,3	Beleggingshouermaatskappy
Gehou deur R & R Holdings Soc. An.:		
– British American Tobacco plc (35%)		Tabak
– Gewone aandele	8,3	
– Omskepbare aflosbare voorkeuraandele	3,4	
Rembrandt-KWV Beleggings Beperk	50	Beleggingshouermaatskappy
– Gehou deur Rembrandt-KWV Beleggings Beperk:		
– Distillers Korporasie (SA) Beperk (60%)	30	Wyn en spiritualieë
– Stellenbosch-Boerewynmakery Groep Beperk (60%)	30	Wyn en spiritualieë

Verwys asseblief na Afdeling 12 oor gebeure wat plaasgevind het sedert 31 Maart 2000.

Besonderhede van die gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings waarin Remgro 'n effektiewe ekwiteitsbelang van 20% of meer bekom, in die veronderstelling dat die transaksie reeds effektief was op 31 Maart 2000, en wat as wesenlik beskou word vir die maatskappy, hieronder weergegee.

Naam	Persentasie belang	Aard van bedrywighede
Tegniese Mynbeleggings Beperk	100	Mynbou beleggings-houermaatskappy
Trans Hex Groep Beperk	42,9	Mynbou
GFSA Holdings Beperk	40	Mynbou beleggings-houermaatskappy
Partnership In Industry & Mining S.A. Beperk	100	Industriële en mynbou beleggingshouermaatskappy
Industrial Partnership Investments Beperk	100	Industriële beleggings-houermaatskappy
Wispeco Holdings Beperk	100	Aluminium ekstrusie
Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk	72,6	Industriële houermaatskappy
– Gehou deur Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk:		
– Robertsons Holdings (Eiendoms) Beperk (100%)	72,6	Voedsel en huishoudelike produkte
– Transvaal Suiker Beperk (100%)	72,6	Suiker
Rainbow Chicken Beperk	55,9	Slaghoender produsent
Total South Africa (Eiendoms) Beperk	34,4	Petroleum produkte
Henkel South Africa (Eiendoms) Beperk		Kleefmiddels en chemikalieë
– Gewone aandele	50	
– Preferente gewone aandele	50	
Lenco Holdings Beperk	32,7	Industriële houermaatskappy
Malbak Beperk	44	Verpakking
Air Products South Africa (Eiendoms) Beperk	50	Industriële gasse
Dorbyl Beperk	41,1	Ingenieurswese en motor komponente
Financial Securities Beperk	100	Beleggingshouermaatskappy
Sagecor (Eiendoms) Beperk	50	Beleggingshouermaatskappy
Universa (Eiendoms) Beperk		Beleggingshouermaatskappy
– Gewone aandele	39,4	
– Voorkeuraandele	35,5	
Rembrandt Finansieringskorporasie Beperk	100	Korporatiewe finansiering
Rembrandt Groep Finansieringskorporasie Beperk	100	Beleggingshouermaatskappy
Van Rijn Beleggingskorporasie Beperk	100	Industriële beleggings houermaatskappy
Medi-Clinic Korporasie Beperk	51,2	Privaat hospitale

Verwys asseblief na Afdeling 12 vir gebeure wat plaasgevind het na 31 Maart 2000.

Ander maatskappye waarin Remgro 'n effektiewe ekwiteitsbelang van minder as 20% sal bekom, in die veronderstelling dat die transaksie reeds van krag was op 31 Maart 2000, en wat as wesenlik vir die maatskappy beskou word, word weergegee in die tabel hieronder.

Naam	Persentasie belang	Aard van bedrywighede
Billiton plc	8,9	Mynbou
Gencor Beperk	10,9	Mynbou
– Gehou deur Gencor Beperk:		
– Gold Fields Beperk (15,8%)	1,7	Mynbou
Gehou deur GFSA Holdings Beperk:		
– Gold Fields Beperk (23,2%)	9,3	Mynbou
– Gold Fields of South Africa Beperk (38,4%)	15,3	Mynbou
Gehou deur Lenco Holdings Beperk:		
– Malbak Beperk (12,8%)	3,9	Verpakking
Sage Groep Beperk	7,5	Finansiële dienste
Gehou deur Sagecor (Eiendoms) Beperk:		
– Sage Groep Beperk	9,1	Finansiële dienste
Gehou deur Universa (Eiendoms) Beperk:		
– ABSA Beperk (23,2%)	9,5	Finansiële dienste

Verwys asseblief na Afdeling 12 vir gebeure wat plaasgevind het na 31 Maart 2000.

Al die maatskappye hierbo is geoudit en verslag is gelewer sonder kwalifikasie vir die vyf jaar geëindig 31 Maart 2000.

3. Direkteure se verantwoordelikheid

Die direkteure van TIB, Tegkor, RBB en Rembrandt is verantwoordelik vir die opstel van die gesamentlike omsendskrywe aan die aandeelhouers van die Groep, insluitende die voornoteringsverklaring waarna hierdie Rekenmeestersverslag verwys, en alle inligting daarin vervat. Die direkteure van Rembrandt is verantwoordelik vir die finansiële jaarstate en groep finansiële jaarstate wat gebruik is in die opstel van die rekenmeestersverslag.

4. Omvang van ons ondersoek

Die pro forma finansiële inligting in hierdie verslag is saamgestel vanaf die geouditeerde finansiële jaarstate van Rembrandt en die gekonsolideerde finansiële jaarstate van Rembrandt Groep vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000 en die finansiële jaarstate van Remgro vir die jare geëindig 31 Maart 1999 en 31 Maart 2000. Hierdie finansiële state is geoudit en verslag gedoen oor soos uiteengesit in Afdeling 1 van hierdie verslag.

5. Rekeningkundige beleid

5.1 Rekeningkundige beleid

Die pro forma finansiële inligting in hierdie verslag is saamgestel vanaf die geouditeerde finansiële jaarstate van Remgro en groep finansiële jaarstate van Rembrandt wat opgestel was in terme van Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (die "Standpunte") op die wyse vereis deur die Maatskappywet in Suid-Afrika, volgens die lopende saak grondslag en inkorporeer volle en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate word volgens die historiese koste grondslag opgestel en inkorporeer die volgende vernaamste rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is in alle wesenlike opsigte in die rekenmeestersverslag en inkorporeer dus die veranderinge in rekeningkundige beleid soos uiteengesit in aantekening 5.2. Hierdie rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met die Standpunte wat van krag was op 31 Maart 2000 en voldoen dus nie noodwendig aan Standpunte wat van krag geword het na daardie datum nie.

5.1.1 Konsolidasie, eweredige konsolidasie en ekwiteitsverantwoording

Voorkeuraandele en skuldbriewe wat verpligtend omskepbaar is, word vir doeleindes van konsolidasie, eweredige konsolidasie en ekwiteitsverantwoording ook as deel van die maatskappy se permanente ekwiteitskapitaal beskou.

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet as filiaalmaatskappye gedefinieer word, word op die gebruiklike wyse in die gekonsolideerde state ingesluit. Intergroep transaksies en saldo's word uitgeskakel.

Eweredige konsolidasie – gesamentlike ondernemings

Alle ondernemings wat gesamentlik beheer word, word volgens die eweredige konsolidasiemetode verantwoord. Volgens hierdie metode word die groep se gedeelte van bates, verpligtinge, inkomste, uitgawes en kontantvloei in die gekonsolideerde state opgeneem. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas.

Ekwiteitsverantwoording – geassosieerde maatskappye

Maatskappye wat nòg filiale nòg gesamentlike ondernemings is, maar waarin 'n langtermynbelang gehou word, en oor wie se finansiële- en bedryfsbeleid 'n beduidende invloed uitgeoefen kan word, word volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerde maatskappye verantwoord. Sekere geassosieerde maatskappye se jaareindes stem nie ooreen met dié van die maatskappy nie. In sulke gevalle word die resultate van genoteerde en sekere ongenoteerde maatskappye vanaf die jongste gepubliseerde inligting en bestuurstate onderskeidelik op jaareinde verantwoord. Die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye is nie in alle gevalle in ooreenstemming met dié van die groep nie en geen aansuiwerings word hiervoor gemaak nie. Die groep se belang in behoue inkomste word na nie-verdeelbare reserwes oorgeplaas. Die groep se belang in ander bewegings in die reserwes van geassosieerde maatskappye word as veranderings in gekonsolideerde nie-verdeelbare reserwes verantwoord.

Klandisiewaarde

Die klandisiewaarde of negatiewe klandisiewaarde is die verskil tussen die koste van die beleggings en die toeskryfbare netto bates van die filiaalmaatskappye, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye op die datum van belangverkryging. Negatiewe klandisiewaarde word ingesluit in nie-verdeelbare reserwes. Klandisiewaarde word afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes.

5.1.2 Vaste bates en waardevermindering

Gekapitaliseerde bruikhure – bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, word teen die ekwivalente kontant koopprys gekapitaliseer. Gekapitaliseerde bruikhuurbates word ingevolge die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf. Bruikhuur finansieringskoste word oor die tydperk van die bruikhuur ingevolge die effektiewe rentekoers metode afgeskryf.

Voorproduksiekoste en rente – voorproduksiekoste en rente op geleende fondse ten opsigte van wesenlike kapitaalprojekte onder konstruksie word gekapitaliseer totdat sodanige bates voltooi is en gereed is vir inbedryfstelling.

Grond en geboue – word teen kosprys of waardasie getoon. Waardevermindering op gespesialiseerde geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien. Geen waardevermindering word op ander geboue voorsien nie. Verbeteringe aan gehuurde eiendom word oor die periode van die huur afgeskryf.

Masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie – word teen kosprys getoon. Waardevermindering word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien.

Landbougewasse – word teen kosprys of waardasie getoon. Kosprys bestaan uit die totaal van vestigings- en ontwikkelingskoste. Vestigingskoste verteenwoordig die uitgawes aangegaan om landerye vir suikerriet en ander meerjarige gewasse te vestig en word nie afgeskryf nie. Ontwikkelingskoste verteenwoordig aanplantings- en ander ontwikkelingsuitgawes. Hierdie uitgawes word in die vestigingsjaar gekapitaliseer en uitgawes in jare daarna word direk teen inkomste verreken. Deurlopende bewerkingskoste word afgeskryf in die jaar waarin dit aangegaan is. Landbougewasse word van tyd tot tyd herwaardeer.

Voorsiening vir uitgestelde instandhouding – waar wesenlik, word uitgawes ten opsigte van geboue- en aanleginstandhoudingskoste wat nie gelykmatig van jaar tot jaar aangegaan word nie, voorsien.

Handelsmerke, gebruiksregte en patente – die koste van handelsmerke en patente wat self ontwikkel en gevestig word, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Die waardes daarvan word gevolglik nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van handelsmerke en gebruiksregte wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf.

Navorsing- en ontwikkelingskoste – navorsing- en ontwikkelingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die erkende bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf.

5.1.3 Beleggings

Geassosieerde maatskappye – word teen kosprys getoon na aansuiwering vir klandisiewaarde. In die gekonsolideerde jaarstate word die groep se belang in na-verkrygingsreserwes en behoue inkomste wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is by die kosprys getel.

Ander langtermynbeleggings – word teen kosprys getoon plus vorige ekwiteitsaansuiwerings van beleggings wat nie langer as geassosieerde maatskappye geklassifiseer word nie, min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings word as uitsonderlike items verantwoord.

Portefeuljebeleggings – word teen kosprys getoon min afskrywings vir waardedalings wat geag word nie van 'n tydelike aard te wees nie. Sulke afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word in normale inkomste verantwoord.

5.1.4 Voorraad en onvoltooide kontrakte

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste bepaal word, is òf die eerste-in-eerste-uit òf die gemiddelde kostemetode. Waar van toepassing, word voorsiening vir stadigbewegende en verouderde voorraad gemaak. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in. Die waarde van onvoltooide kontrakte verteenwoordig die totale koste tot datum, insluitende 'n toedeling van veranderlike bokoste en, in geval van sekere filiale, vaste fabrieksbokoste. Voorsiening word gemaak vir verwagte verliese op kontrakte. Gewasse wat in die eersvolgende jaar geoes sal word, word in voorraad ingesluit teen die beraamde koste daarvan.

5.1.5 Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word volgens die omvattende grondslag verantwoord. Batige uitgestelde belasting word slegs verantwoord wanneer die realisering daarvan in die afsienbare toekoms redelik seker is.

5.1.6 Buitelandse valuta

Transaksies in buitelandse geldeenhede word geboekstaaf teen die wisselkoerse wat op die transaksiedatums heers. Monetêre items in buitelandse valuta word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na Suid-Afrikaanse Rand omgereken. Wisselkoersverskille wat hieruit en uit termynvalutakontrakte ontstaan, word in inkomste verantwoord.

Bates, laste en reserwes van buitelandse entiteite word op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse na Suid-Afrikaanse Rand omgereken. Bedryfsresultate van buitelandse filiale en inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye word na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen 'n gemiddeld van die wisselkoerse wat vir elke betrokke geldeenheid gedurende die jaar geheers het. Verskille wat met omrekening ontstaan, word as wisselkoersaanpassings in reserwes verantwoord.

5.1.7 Finansiële instrumente

Finansiële instrumente sluit in items in die balansstaat getoon asook buite-balansstaat instrumente.

Finansiële instrumente in die balansstaat getoon sluit in kontantmiddele, beleggings, debiteure, krediteure, voorsienings, bruikhure en lenings.

Sekere groepmaatskappye is ook deelnemers in finansiële instrumente wat ten doel het om die groep se blootstelling aan veranderings in buitelandse valutawisselkoerse te verminder. Hierdie instrumente, wat hoofsaaklik uit termynvalutakontrakte bestaan, word nie met hul ontstaan in die finansiële state verantwoord nie.

Die billike waarde en die metodes van erkenning van finansiële instrumente word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Waar vir die aflossing van lenings voorsiening gemaak word deur middel van beleggings in finansiële instrumente wat kontraktueel die reg verleen dat dit teen die lening verreken mag word en daar verwag word dat die lening op hierdie manier afgelos sal word, word die verwante balansstaat items teen mekaar verreken.

5.1.8 Inkomste erkenning

Inkomste uit die verkoop van produkte word verantwoord wanneer die wesenlike risiko's en voordele van eienaarskap na die koper oorgedra is. Inkomste uit dienste word verantwoord sodra die diens gelewer is.

Rente word op 'n tydsbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang gevestig word.

5.2 Verandering in rekeningkundige beleid gedurende die periodes onder oorsig

Effektief 1 April 1999

Die beleid ten opsigte van verantwoording van inkomste vanaf buitelandse geassosieerde maatskappye is verander om te voldoen aan die gewysigde Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met betrekking tot beleggings in geassosieerde maatskappye.

Die volle toeskryfbare netto inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye word gevolglik na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen 'n gemiddeld van die wisselkoerse wat vir elke betrokke geldeenheid gedurende die verslagperiode geheers het. Voorheen is slegs die behoue gedeelte van inkomste van buitelandse geassosieerde maatskappye na Suid-Afrikaanse Rand omgereken teen die gemiddelde wisselkoerse, terwyl die dividende ontvang verantwoord was teen die wisselkoerse wat op die transaksiedatums geheers het.

Die vergelykende syfers vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 1999 is hersaamgestel.

Effektief 1 April 1998

Die drawaarde van beleggings in geassosieerde maatskappye het voorheen die kosprys van beleggings plus ekwiteitsaansuiwerings ingesluit en geen aansuiwerings is gemaak vir enige klandisiewaarde en negatiewe klandisiewaarde nie.

Die rekeningkundige beleid met betrekking tot die verantwoording van klandisiewaarde en negatiewe klandisiewaarde ten opsigte van geassosieerde maatskappye is gedurende die 1999 finansiële jaar gewysig. Klandisiewaarde word nou afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes. Negatiewe klandisiewaarde word ingesluit in nie-verdeelbare reserwes. Hierdie verandering het geen uitwerking op die groep se resultate gehad het. Die vergelykende syfers is derhalwe nie hersaamgestel nie.

Effektief 1 April 1997

Die rekeningkundige beleid vir die verantwoording van uitgestelde belasting is vanaf die gedeeltelike na die omvattende grondslag verander. Die het nie 'n wesenlike uitwerking op die groep se resultate gehad nie en die vergelykende syfers is derhalwe nie hersaamgestel nie.

6. Balansstate

Die pro forma finansiële posisie van Remgro ("die maatskappy") en die Remgro Groep ("gekonsolideerd") word hieronder uiteengesit. Die balansstate is gebaseer op die geouditeerde Remgro en Rembrandt finansiële jaarstate en gekonsolideerde finansiële jaarstate van Rembrandt op 31 Maart 2000 nadat ons sodanige aanpassings gemaak het as wat ons nodig geag het in die omstandighede. Die finansiële posisie van Remgro en die Remgro Groep word so weergegee asof die gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings wat oorgedra is vanaf Rembrandt in terme van die transaksie deel was van die Remgro Groep op 31 Maart 2000 en uitsluitende die beleggings wat oorgedra is na die VenFin Groep.

	Aantekeninge	Gekonsolideerd Op 31 Maart 2000 R'm	Maatskappy Op 31 Maart 2000 R'm
KAPITAAL AANGEWEND			
Aandelekapitaal	8.1	8	8
Reserwes	8.2	12,627	4,671
Eie aandeelhouersbelang		12,635	4,679
Buite aandeelhouersbelang		809	–
Totale aandeelhouersbelang		13,444	4,679
Rentedraende skuld		403	–
Langtermyn	8.3	254	–
Korttermyn	8.4	149	–
		13,847	4,679
AANWENDING VAN KAPITAAL			
Vaste bates	8.5	2,349	–
Beleggings	8.6	10,889	5,325
Rentevrye lenings		11	–
Bedryfsbates		2,283	8
Voorraad	8.7	468	–
Debiteure	8.8	763	–
Kontantmiddele		1,034	8
Belasting		18	–
Totale bates		15,532	5,333
Rentevrye skuld		1,685	654
Uitgestelde aanspreeklikheid	8.9	42	–
Krediteure	8.10	1,467	654
Voorsienings		136	–
Belasting		40	–
		13,847	4,679
Hoeveelheid uitgereikte Remgro aandele ('000)[(1)]		522 000	522 000
Netto bate boekwaarde per Remgro aandeel (insluitende ontasbare bates) (Rand)		24,20	8,96
Netto bate boekwaarde per Remgro aandeel (uitsluitende ontasbare bates) (Rand)		24,05	8,96

[(1)] In die berekening van die netto bate boekwaarde per aandeel is die totale hoeveelheid Remgro gewone aandele (486 493 650) en B aandele (35 506 352) gebruik, wat uitgereik sal wees na die transaksie.

Die vergelykende pro forma balansstate vir die maatskappy en gekonsolideerd op 31 Maart 1999 word nie in hierdie verslag weergegee nie aangesien die groep eers op 1 April 2000 tot stand gekom het.

7. Winsgeskiedenis

Die gekonsolideerde pro forma resultate van die Remgro Groep word hieronder uiteengesit. Hierdie resultate is gebaseer op die geouditeerde Remgro en Rembrandt finansiële jaarstate en gekonsolideerde finansiële jaarstate van Rembrandt vir die jare geëindig 31 Maart 1996 tot 31 Maart 2000 nadat ons sodanige aanpassings gemaak het as wat ons nodig geag het in die omstandighede. Die finansiële resultate van Remgro en die Remgro Groep word so weergegee asof die gevestigde finansiële, mynbou en nywerheidsbeleggings wat oorgedra is vanaf Rembrandt in terme van die transaksie deel was van die Remgro Groep op 31 Maart 2000 en uitsluitende die beleggings wat oorgedra is na die VenFin Groep.

	Aantekeninge	Jare geëindig 31 Maart 2000 R'm	1999 R'm	1998 R'm	1997 R'm	1996 R'm
Omset	8.11	5,738	10,381	9,091	6,815	7,146
Bedryfsinkomste	8.12	448	469	337	378	983
Rente betaal		36	65	95	103	156
Netto bedryfsinkomste voor belasting		412	404	242	275	827
Belasting	8.13	103	118	119	99	282
Netto bedryfsinkomste na belasting		309	286	123	176	545
Ekwiteitsaansuiwering – belang in netto inkomste van geassosieerde maatskappye	8.14	2,344	2,178	1,793	1,556	832
Netto inkomste voor uitsonderlike items en amortisasie		2,653	2,464	1,916	1,732	1,377
Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye		(33)	–	–	–	–
Uitsonderlike items	8.15	(334)	(21)	(122)	307	(24)
Netto inkomste		2,286	2,443	1,794	2,039	1,353
Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	8.16	86	107	36	107	128
Toeskryfbare netto inkomste		2,200	2,336	1,758	1,932	1,225
Wesensverdienste rekonsiliasie:						
Toeskryfbare netto inkomste		2,200	2,336	1,758	1,932	1,225
Plus/(Minus) – toeskryfbaar aan eie lede:						
– Uitsonderlike items		331	23	96	(273)	25
– Amortisasie van klandisiewaarde deur geassosieerde maatskappye		33	–	–	–	–
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van vaste bates		(29)	(20)	(2)	(2)	(6)
Wesensverdienste		2,535	2,339	1,852	1,657	1,244
Hoeveelheid Remgro aandele uitgereik ('000)[1]		522 000	522 000	522 000	522 000	522 000
Wesensverdienste per aandeel (sent)		485,6	448,1	354,8	317,4	238,3
Verdienste per aandeel (sent)		421,5	447,5	336,8	370,1	234,7

[1] In die berekening van die wesensverdienste en verdienste per aandeel is die totale hoeveelheid Remgro gewone aandele (486 493 650) en B-aandele (35 506 352) gebruik, wat *pari passu* rangeer t.o.v. winsdeling met die gewone aandele, wat uitgereik sal wees na die implementering van die Groep rasionalisasie skema.

8. Aantekeninge by die balansstate en winsgeskiedenis

	Op 31 Maart 2000 R'm
8.1 Aandelekapitaal	
